

**Linguistiese eienskappe en
konvensionalisering in Zefrikaans op die
WatKykJy?-blog: 'n korpuslinguistiese
ondersoek**

A van der Walt

 **orcid.org/0000-0003-4855-4478**

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad
*Magister Artium in Algemene Taal en
Literatuurwetenskappe*
aan die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof AJ van Rooy

Gradeplegtigheid: April 2019

Studentenommer: 12132012



© Kaas Bra

DANKBETUIGINGS

- Aan my almagtige God wat aan my die gawe en die geleentheid gebied het om hierdie studie te kon aanpak.
- My studieleier, Bertus van Rooy, vir die uitsonderlike leiding en geduld tydens die studie, en vir beskikbaarheid op soms obskure tye.
- Prof Gerhard van Huyssteen, wat my toegang verleen het tot Viva-Afrikaans se eksklusiewe korpusportaal vir die duur van hierdie studie.
- Roald Eiselen vir die onttrek van die korpusdata, sowel as die verpakking van die data in jaarperiodes, en die skeiding tussen kommentaargedeeltes en hoofteks.
- Martie Esterhuizen en Dennis Mabena (NWU Vaal Biblioteek) vir die verkryging van al die artikels en boeke wat ek nodig gehad het.
- Erkenning word gegee aan KaasBra, vir toestemming om die meme te kon gebruik.
- Aan die NWU vir die beskikbaarmaking van die NWU Meestersbeurs.
- Aan Tanja en Leon Gouws, vir julle deurlopende emosionele ondersteuning en motivering. Dankie dat ek telkemale by julle kon kom afpak as dinge te veel geraak het.
- My opregte dank aan al my vriende en familie, vir elkeen wat 'n rol gespeel het en ingestaan het wanneer ek doodeenvoudig net nie genoeg hande of tyd gehad het om alles te behartig nie.
- En laastens, aan Nisa. Dankie dat jy verstaan het as ek besig was, dat jy gehelp het waar jy kon, selfs al is jy nog klein. Jy is die beste dogter waarvoor 'n ma kan vra.

OPSOMMING

Sleuteltermes: blog, Zefrikaans, sosiolinguistiek, taalverandering, konvensionalisering, taalverskynsels, korpuslinguistiek

Die bestudering van Afrikaans op die internet het in die verlede grotendeels gefokus op ouer Web 1.0-webtoepassings en nie op nuwer Web 2.0-webtoepassings nie. Zefrikaans, as gebruiksvariëteit van Afrikaans op die internet, het al aandag gekry in terme van identiteit (du Preez, 2011; Marx & Milton, 2011, Barnard, 2012; Engel, 2017) en postulêre werkwoorde (Breed, 2017). Die taalkundige verskynsels wat moontlik uniek aan Zefrikaans op die internet kan wees, is egter nog nie ondersoek nie.

In hierdie studie is die taalverskynsels wat aanlyn in Zefrikaans manifesteer vanuit 'n sosiolinguistiese perspektief ondersoek. Daar is vasgestel dat die *WatKykJy?*-blog, waar Zefrikaans gebruik word, as 'n virtuele gemeenskap beskou kan word, waar aanlyn deelnemers 'n bepaalde zef identiteit voorhou. Die taalgebruik wat in die blog voorkom dra by tot groepsolidariteit en die uitbou van die zef identiteit.

'n Korpusgebaseerde ondersoek na die verskillende taalverskynsels op die *WKJ?*-blog is met behulp van WordSmith 7 uitgevoer. Die korpus is beskikbaar gestel en verpak in jaarperiodes deur CText in Potchefstroom. Met behulp van WordSmith 7 is woordelyste van die trefwoorde onttrek. Die konkordansiefunksie is gebruik om die konteks van gebruik van die taalverskynsels in die blog te ondersoek, en was dit moontlik om te bepaal hoe gebruik van hierdie taalverskynsels oor tyd verander het, sowel as of dit gekonvensionaliseer het in die blog.

Die taalverskynsels wat in hierdie studie onder die soeklig gekom het was:

- Die weglating van skryftekens, waar die data toon dat die gebruik van hierdie verskynsel aanvanklik verskeie nie-standaard innovasies bevat, maar teen die einde van die periode 'n terugkeer na standaardtaalgebruik getoon het.
- Veelvuldige punktuering wat in die kommentaargedeeltes gekonvensionaliseer het, maar nie in die hoofteks nie.

- Onkonvensionele spelling word nie as uniek beskou aan aanlyn omgewings nie. In hierdie studie is onkonvensionele spelling gesubklassifiseer en ondersteun deur voorbeelde uit die korpus.
- Neologismes en geleentheidskeppings. Met die ontwikkeling van 'n zef slang woordelys is daar verskeie geleentheidskeppings teenwoordig in die blog. Sommige het wel gekonvensionaliseer in die blog, terwyl ander 'n kort bestaansperiode gehad het.
- Leenmorfologie is ook kenmerkend van gesproke taal en nie uniek aan aanlyn kommunikasie of Zefrikaans nie. Sommige leenmorfologiese woorde het bo ander gekonvensionaliseer, terwyl ander slegs enkele kere in die blog voorgekom het.
- Taboewoorde het reeds vanaf die aanvang van die blog dikwels voorgekom. Meer sosiaal aanvaarbare taboewoorde volgens die taboeskaal is deur vrouens gebruik, terwyl obsene woorde meer dikwels deur mans gebruik is. Taboewoorde se gebruik in die blog het gekonvensionaliseer.

Uit die data blyk dit dat daar nie nuwe taalverskynsels ontstaan het in aanlyn Zefrikaans wat nie reeds in vorige navorsing ook voorgekom het nie. Die gebruik daarvan (in byvoorbeeld leenmorfologie en taboewoorde) het wel in sommige opsigte dramatiese verskil van vorige gebruike.

Alhoewel daar taalverskynsels was wat 'n terugkeer getoon het na standaardtaalgebruik (weglating van skryftekens en veelvuldige punktuasie in die hoofteks), het die ander voorgenoemde taalverskynsels se gebruik in die blog gekonvensionaliseer.

ABSTRACT

Key terms: blog, Zefrikaans, sociolinguistics, language change, conventionalising, language phenomena, corpus linguistics

Previous research on Afrikaans on the internet has mainly focused on older Web 1.0 web applications and not so much on the newer Web 2.0 web applications. Zefrikaans, a variety of Afrikaans, on the internet has been researched in terms of identity (du Preez, 2011; Marx & Milton, 2011, Barnard, 2012; Engel, 2017) and postural verbs (Breed, 2017). Linguistic phenomena, that could be unique to Zefrikaans on the internet, have not yet been investigated.

This study investigated particular language phenomena, as manifested online, from a sociolinguistic perspective. It has been determined that the *WKJ?*-blog can be seen as a virtual community, where participants use Zefrikaans online to display a certain zef identity. The language used in this blog contributes to a feeling of group solidarity and also establishes a zef identity.

A corpus-based approach was used to investigate the linguistic phenomena on the *WKJ?*-blog. WordSmith 7 was particularly useful in making wordlists, as well as calculating the concordance of each keyword. This corpus was availed to me by CText in Potchefstroom. The data were split into year periods, and a distinction was drawn between comments made by readers and fixed webcontent. Wordlists were extracted using WordSmith 7, and the concordance function was used to determine the context of the linguistic phenomena on the blog. This made it possible to determine if the use of particular phenomena changed over time, as well as whether it became conventionalised in the blog.

The linguistic phenomena that were discussed in this study are:

- The omission of diacritics, where the data has shown that initially this phenomenon contained several non-standard innovations, but towards the end of the selected data periods there was a return to standard language usage, and omission became less.
- Multiple punctuation marks were conventionalised in the comments but not in the webpage content.

- Non-standard spelling is not unique to online environments. In this study non-standard spelling was sub-classified and supported with examples from actual usage.
- Neologisms and coinages. With the creation of a zef slang wordlist, several coinages made its way into the blog. Some of them became conventionalised, while others had a much shorter lifespan in the blog.
- Loan morphology is characteristic of spoken language as well and cannot be seen as unique to online communication or Zefrikaans. Several of these loan morphological words were conventionalised in the blog, while others were used very infrequently.
- Taboo words have been used excessively since the onset of the *WKJ?*-blog. More socially acceptable words (according to the taboo scale) were used by women, while obscene words were mostly used by men. The use of taboo words became conventionalised in the blog.

The data showed that there were no completely new linguistic phenomena that could be ascribed to Zefrikaans, which had not been known in advance from previous research. However, the use of the phenomena in Zefrikaans (like loan morphology and taboo words) might differ dramatically from other online practices.

Although there were linguistic phenomena which showed a return to standard language usage (like omission of diacritics, and multiple punctuation in the webcontent), there were phenomena that became conventionalised in the blog.

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGINGS	II
OPSOMMING	III
ABSTRACT	V
HOOFSTUK 1: NAVORSINGSPROBLEMATIEK	1
1.1 INLEIDING	1
1.2 KONTEKSTUALISERING.....	1
1.3 PROBLEEMSTELLING	3
1.4 NAVORSINGSDOELWITTE	4
1.5 NAVORSINGSMETODOLOGIE.....	4
1.6 HOOFSTUKINDELING	6
2.1 INLEIDING	7
2.2 INTERNET AS TAALOMGEWING	8
2.2.1 Historiese oorsig oor die ontwikkeling van die internet.....	8
2.2.2 Die internet as medium vir kommunikasie	11
2.2.3 Rekenaar-bemiddelde kommunikasie	13
2.2.4 Gesproke-, geskrewe- en internettaal.....	15
2.2.5 Sintese	19
2.3 SOSIOLINGUISTIEK AS NAVORSINGSTERREIN.....	19
2.3.1 Agtergrond.....	19
2.3.2 Virtuele spraakgemeenskappe	21
2.3.3 Sosiale identiteit van die Zef-kultuur.....	24

2.3.4	Sintese	29
2.4	TEORETIESE BEGRONDING VAN TAALVERANDERING.....	30
2.4.1	Variant, variëteit en repertoire	31
2.4.2	Zefrikaans as taalvariëteit.....	35
2.4.3	Taalverandering	39
2.4.3.1	Innovasie	44
2.4.3.2	Seleksie	48
2.4.3.3	Konvensionalisering	51
2.4.4	Sintese	59
2.5	TAALKUNDIGE KLASSIFIKASIE VAN TAALVERSKYNSELS	61
2.5.1	Ortografiese verskynsels	61
2.5.1.1	Punktuasie en skryftekengebruik.....	63
2.5.1.2	Onkonvensionele spelling.....	64
2.5.1.3	Hoofletter- en kleinlettergebruik.....	66
2.5.2	Leksikale verskynsels.....	67
2.5.2.1	Leenwoorde en leenmorfologie	68
2.5.2.2	Taboewoorde	68
2.5.2.3	Kodewisseling en kodevermenging	74
2.5.3	Leksiko-grammatikale verskynsels	77
2.5.3.1	Reduksieverskynsels.....	78
2.5.3.2	Vloekwoordinlywing	79

2.6	SAMEVATTING	80
HOOFSTUK 3: METODOLOGIE		
3.1	INLEIDING	81
3.2	KORPUSLINGUISTIEK AS ANALISE-STRATEGIE	81
3.3	DIE BEGRIP KORPUS	82
3.4	DIE ONTWERP EN SAAMSTEL VAN 'N KORPUS	84
3.4.1	Statiese of dinamiese korpus	84
3.4.2	Gebalanseerde en verteenwoordigende korpus	85
3.4.3	Die grootte van die korpus.....	86
3.4.4	Algemene en gespesialiseerde korpusse	87
3.4.5	Diachroniese korpusse	87
3.4.6	Korpusgebaseerde en korpusgedrewe benadering	88
3.5	BESKRYWING VAN DIE KORPUS IN HIERDIE STUDIE.....	91
3.6	DATA-ANALISE.....	92
3.6.1	Handanalise	92
3.6.2	Hoofanalise met behulp van WordSmith 7	93
3.7	SAMEVATTING	96
HOOFSTUK 4: DATA-ANALISE EN BESPREKING.....		
4.1	INLEIDING	97
4.2	ORTOGRAFIESE VERSKYNSELS	97
4.2.1	Skryftekengebruik.....	97

4.3	Bespreking	99
4.3.1	Punktuasie.....	102
4.3.2	Onkonvensionele spelling.....	106
4.3.2.1	Herhaling van letters.....	108
4.3.2.2	Tipiese spelfoute	114
4.3.2.3	Spelfoute weens tikspoed.....	115
4.3.2.4	Fonetiese spelling.....	116
4.3.3	Sintese	118
4.4	LEKSIKALE VERSKYNSELS	119
4.4.1	Neologismes en geleentheidskeppings	119
4.4.1.1	Samevatting	127
4.4.2	Leenmorfologie.....	127
4.4.2.1	Samevatting	132
4.4.3	Taboewoorde	133
4.4.3.1	Samevatting	138
4.4.4	Vloekwoordinlywing	139
4.4.4.1	Samevatting	141
4.5	SINTESE	142
HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKING		144
5.1	INLEIDING	144
5.2	OPSOMMING VAN BEVINDINGE	145

5.3	GEVOLGTREKKING	147
	BIBLIOGRAFIE	149

LYS VAN TABELLE

Tabel 3-1:	Voorbeeld van WordSmith woordelys	94
Tabel 3-2:	Voorbeeld van konkordansie van die trefwoord mans.....	95
Tabel 4-1:	Totaal en relatiewe frekwensie van voorbeelde van skryftekengebruik (kappie, deelteken en afkappingsteken)	98
Tabel 4-2:	Veelvuldige puntuasie	103
Tabel 4-3:	Woorde wat op verskillende wyses gespel word	106
Tabel 4-4:	Funksies van letterherhaling in WKJ?	112
Tabel 4-5:	Inkorrekte spelling as gevolg van hoë tikspoed	115
Tabel 4-6:	Konsonantreduksie /d/-skrapping	117
Tabel 4-7:	Onbepaalde lidwoord: 'n-assimilasie	117

LYS VAN FIGURE

Figure 2-1:	<i>WatKykJy?-kommentaarboksie</i>	9
Figure 2-2:	Onderskeie sosiale rolle (2010/01).....	23
Figure 2-3:	Deelnemer wat vriendelik tereggewys word (2010/01).....	38
Figure 2-4:	Deelnemer wat teregwysing nie goed hanteer nie (2014/02)	39
Figure 2-5:	Sosiale sanksie deur aanlyn deelnemer (2000/03)	54
Figure 2-6:	Sosiale sanksie deur aanlyn spraakgemeenskap (2010/12)	54
Figure 2-7:	Inhoud wat gesensor word (2012/01).....	55
Figure 2-8:	Beoordeling van linguistiese gedrag (2010/01)	58
Figure 2-9:	WatKykJy?-uittreksel van “Die velocity van Gerrie”	67
Figure 2-10:	Uittreksel uit WatKykJy? van ’n vroulike skrywer (2005/02)	71
Figure 3-1:	Voorbeeld van handanalise	93

HOOFSTUK 1: NAVORSINGSPROBLEMATIEK

1.1 INLEIDING

Die internet, en die gepaardgaande tegnologieë het 'n omvangryke impak op die mensdom gehad. Aanlyn kommunikasie het onlosmaaklik deel geword van mense se bestaan. Met die ontwikkeling van Web 2.0-webgebaseerde toepassings, kon internetgebruikers self webinhoud skep en publiseer, asook kommentaar lewer op die webblad oor ander gebruikers se webinhoud. Sosiale media (Facebook, Twitter, Instagram, ens.), sowel as blogs, is 'n belangrike kommunikasiemiddel vir aanlyn deelnemers, en maak ook kommunikasie moontlik al is die deelnemers geografies verwyderd van mekaar.

Taal word nie in isolasie geskep en gebruik nie, dus het elke individu (wat oor sy/haar eie unieke taalrepertoire beskik) se taalgebruik 'n invloed op ander deelnemers se taal. Mense neig om te konformeer tot die situasie waarin hulle hulle bevind. Dit is dan juis hierdie taalgebruik, wat aanlyn manifesteer, wat aanleiding gegee het tot nuwe taalgebruikspraktyke en nuwe deure geopen het vir linguistiese navorsing.

1.2 KONTEKSTUALISERING

Blogs het in die laat negentigs ontstaan, en het aanvanklik bloot uit opskrifte bestaan, met skakels wat die leser na die verwante berigte sou lei. Die voorwaarde verbonde aan 'blogging' was dat die blogs dikwels opgedateer moes word. Later van tyd, toe blogs populariteit begin verwerf, het die inligting wat deur blogs oorgedra kan word ook verander. Meer inligting is op 'n blog gesit, dit het nie meer slegs skakels bevat nie, en bloggers kon oor persoonlike ervarings skryf, of kommentaar lewer oor belangrike nuusgebeure, of selfs blogs gebruik om in kontak met familie en vriende te bly (Baron, 2008:108-109). Die rekenaar as medium het 'n unieke platform geword waar mense vryheid van spraak kon beoefen (Baron, 2008:112).

Dit is deel van hierdie studie om 'n Afrikaanse blog en webwerf, die WKJ?-blog, te ondersoek as 'n voorbeeld van 'n nuwer Web 2.0-platform vir kommunikasie. Die inskrywings van dié blog is geargiveer en kronologies georden. Die blog word egter nie voorgehou as tipies van alle Afrikaans op die internet nie, en ook nie as

verteenwoordigend van alle Zefrikaans wat aanlyn voorkom nie. Dit is egter 'n datastel wat die moontlikhede van Web 2.0-toepassings illustreer en die kritieke eienskappe van Web 2.0 verteenwoordig.

Volgens Carl Lessing (2000) is die Afrikaanse blog en webwerf, *watkykky.co.za*, 'n satire oor zef mense. Dié webwerf lewer satiriese kommentaar op die leefstyl en taalgebruik van 'n sekere tipe sosiale klas mens (werkersklas, wit Afrikaner), maar hulle is ook uitgesproke oor aktuele sake. Die zef, arm werkersklas mense word as 'kommin' beskou, en hulle taalgebruik reflekteer dit ook.

Die vier skeppers van dié blad maak gebruik van pseudonieme om sodoende hul identiteite te beskerm as gevolg van die anargistiese inhoud van die webwerf. Pseudonieme steek aanlyn deelnemers se ware identiteite weg, en dien as 'maskers' waaragter hulle kan skuil. Hierdie anonimiteit wat sodoende verkry word, maak taboe onderwerpe toeganklik vir bespreking. *WKJ?* het ook 'n vrywaringsklousule wat lesers waarsku dat die inhoud van die blad nie geskik is vir mense jonger as agtien nie, en dat die inhoud as aanstootlik of godslasterlik ervaar kan word.

Vorige navorsing oor Afrikaans op die internet het hoofsaaklik gefokus op ouer platforms van elektroniese kommunikasie soos e-pos, Internet Relay Chat (IRC) en kletskamers (Verhoef, 2001; Brunette, 2005; Van Gass, 2006; Jansen van Vuuren, 2007). Nuwer platforms, soos Web 2.0-toepassings, het nog nie aandag gekry in terme van Afrikaanse taalgebruik op die internet nie. Gevolglik sal 'n blog, as voorbeeld van 'n Web 2.0-toepassing ondersoek word. Die *WKJ?*-blog dien ook as voorbeeld van die Afrikaanse variëteit, Zefrikaans, wat in hierdie studie ondersoek word.

Zefrikaans, soos wat dit manifesteer op *WKJ?* kan as 'n spesifieke gebruiksvariëteit (Viva, 2016) van Afrikaans bestempel word. Die Virtuele Instituut vir Afrikaans (VivA) is 'n navorsingsinstituut en verskaf dienste rakende Afrikaans in digitale kontekste. Verskeie portale verskaf aan gebruikers inligting, advies, sowel as kontekste van gebruik van Afrikaans. Die doel van VivA is om Afrikaans nasionaal en internasionaal op te bou en uit te brei, en 'n praktiese taaldiens te lewer (VivA, 2016). Op die VivA webtuiste is daar 'n oop, omvattende en eksklusiewe korpusportaal. Verskeie korpusse is beskikbaar in die omvattende korpus en aansoek moet gedoen word om toegang te verkry tot hierdie korpus. Die eksklusiewe korpus bestaan slegs uit die *WKJ?*-webwerf se webartikels.

Toestemming om hierdie korpus te gebruik word slegs verleen indien die nodige aansoekvorm voltooi is en die gebruiker aangedui het dat die korpus vir 'n spesifieke projek gebruik gaan word.

Zefrikaans is al nagevors as merker van identiteit (du Preez, 2011; Barnard, 2012), terwyl Breed (2017) se studie oor Zefrikaans gefokus het op postulêre werkwoorde (liggaamswerkwoorde). Die taalgebruik, ortografiese en ander taalverskynsels is egter nog nie omvangryk nagevors of taalkundig geklassifiseer nie. Dit is die oogmerk van hierdie studie om die taalgebruik en unieke taalverskynsels binne 'n spesifieke variëteit (Zefrikaans) en 'n bepaalde spraakgemeenskap (*WKJ?*-blog) te analiseer en taalkundig te klassifiseer vanuit 'n sosiolinguistiese oogpunt.

Aangesien taal dinamies is (Deumert, 2014), kan daar verwag word dat taalgebruik oor tyd sal verander en dat sekere innovasies moontlik in die korpus bo ander variante gekies kan word. Die gekose variante wat in die *WKJ?*-blog toenemend bo ander variante gebruik word, kan 'n aanduiding van taalverandering binne hierdie bepaalde taalomgewing wees. Indien sekere variante konsekwent bo ander taalvorme geselekteer word, kan dit op konvensionalisering dui.

In navolging van Crystal (2001:9) se vraag: "Will all users of the internet present themselves, through their messages, contributions and pages, with the same kind of graphic, orthographic, grammatical, lexical and discourse features?" is die doel van hierdie studie om vas te stel of Zefrikaanse taalgebruikers wel homogene taalgebruik toon tydens kommunikasie en of daar moontlik 'n proses van konvensionalisering begin plaasvind het in die *WatKykJy?*-internetspraakgemeenskap.

1.3 PROBLEEMSTELLING

Die elektroniese medium verskaf 'n voerkanaal vir kommunikasie wat terselfertyd ons vermoëns om te kommunikeer bevry en beperk. Die verwagtings wat aan gesproke en geskrewe taal gekoppel word, is nie noodwendig meer van toepassing nie (Crystal, 2001:5).

Uit die voorafgaande kontekstualisering word die volgende kernvrae geïdentifiseer:

- Wat is die linguistiese eienskappe van Zefrikaans op die *WKJ?*-blog?
- Hoe het die gebruik van die linguistiese eienskappe van Zefrikaans op die *WKJ?*-blog oor tyd verander?
- Tot watter mate en in watter opsigte het internettaalgebruikers begin om hulself te konvensionaliseer in terme van die Zefrikaans wat op die *WKJ?*-blog gebruik word?

1.4 NAVORSINGSDOELWITTE

Die oorhoofse doel van hierdie navorsing is om vas te stel wat die linguistiese eienskappe van Zefrikaans op 'n bepaalde webwerf is, en of gebruik van hierdie linguistiese eienskappe sodanig oor tyd verander of gestabiliseer het dat daar moontlike konvensionalisering plaasgevind het.

Die volgende spesifieke doelwitte word gestel ten einde die navorsingsvrae te beantwoord:

- Om te bepaal of daar spesifieke eienskappe is wat aan Zefrikaans toegeken kan word, en hoe hierdie eienskappe sosiolinguisties gekarakteriseer kan word deur middel van 'n taalkundige klassifikasie.
- Om deur middel van 'n analise te bepaal watter taaleienskappe van Zefrikaans op die internet oor tyd verander het, deurdat nuwe innoverende kenmerke bygekom het, of bestaande kenmerke se gebruik verander het.
- Om deur middel van 'n korpuslinguistiese ondersoek vas te stel of Zefrikaans begin konvensionaliseer is binne die *WatKykJy?*-internetspraakgemeenskap. Daar gaan ook gekyk word of daar te midde van voortgesette variasie tekens van seleksie is, en of daar tekens van stabilisering is van die unieke taalgebruik en -verskynsels in Zefrikaans op die internet.

1.5 NAVORSINGSMETODOLOGIE

Beide die korpuslinguistiek en die sosiolinguistiek behels die versameling en analise van taaldata. Taalvariasie, linguistiese eienskappe en taalverandering kan met behulp van

die korpuslinguistiek ondersoek word, om sodoende moontlike verklarings te bied vir die bevindings wat tydens die navorsingsproses na vore gekom het. Korpusgebaseerde benaderings kan sosiolinguistiese navorsing vergemaklik in die sin dat 'n korpus groot hoeveelhede reeds bestaande data, tesame met rekenaargebaseerde analiseprogrammatuur, aan die navorser voorsien. Sodoende kan algemene taalpatrone, sowel as skaars of unieke taalpatrone geïdentifiseer en akkuraat geanaliseer word (Baker, 2010:8-9). Dus kan 'n korpusgebaseerde benadering daartoe bydra dat sosiolinguistiese vrae beantwoord word. In 'n korpusgebaseerde benadering kan groot stalle data onttrek word, sowel as die konteks waarin 'n trefwoord voorkom.

Volgens Biber *et al.* (1998:11) verwys korpusgebaseerde tegnieke in linguistiek na die ondersoek van linguistiese en nie-linguistiese assosiasies van woorde. Hulle beskou linguistiese assosiasies as die leksiko-grammatikale kenmerke van taal, en nie-linguistiese assosiasies as die verspreiding van hierdie kenmerke in 'n teks (1998:6). Verder (1998:66-68) sê hulle is dit belangrik om 'n idee te kry van die frekwensie van 'n taalverskynsel, om sodoende die algemeenheid of seldsaamheid van spesifieke taalverskynsels te bepaal.

Die onderhawige studie is 'n kombinasie van 'n literatuurstudie, sowel as 'n empiriese ondersoek. Die empiriese ondersoek is aan die hand van 'n kwantitatiewe korpuslinguistiese ondersoek gedoen. 'n Kwantitatiewe analise kan die algemeenheid van 'n taalpatroon bewys, en ook die verhouding van 'n taalpatroon tot ander taalpatrone wys (Biber *et al.*, 1998:8).

Data vir die empiriese ondersoek is onttrek deur CText in Potchefstroom, as deel van 'n groter projek deur SADiLaR (*South African Centre for Digital Language Resources*) om verskeie inheemse tale se data te onttrek en korpusse te skep. Data van die WKJ?-webwerf is onttrek vanaf 2000-2017 en aan die navorser beskikbaar gestel. Die data is in reeds verwerkte vorm vir die navorser gestuur, en onderskeid is gemaak tussen hoofteks en die kommentaargedeeltes. Die inligting is ook per jaar ingedeel en as aparte lêers gestoor.

Hierdie korpus sal ontleed word om te bepaal of daar tipiese skryfkonvensies, fonologiese prosesse, leksikale verskynsels, asook morfologiese prosesse tipies aan Zefrikaans gekoppel kan word.

1.6 HOOFSTUKINDELING

In hoofstuk 1 word die kontekstualisering, probleemstelling, navorsingskonteks en doelstellings van hierdie studie uiteengesit.

In hoofstuk 2 word 'n literatuurondersoek gedoen. Relevante navorsing tot hierdie studie word bespreek om sodoende 'n teoretiese grondslag te lê waarop die studie gebaseer is. Die internet as taalomgewing, sosiolinguistiek as agtergrond tot hierdie studie en taalverandering word onder andere in hierdie hoofstuk ondersoek en bespreek.

Hoofstuk 3 is 'n bespreking van die korpuslinguistiek as navorsingsmetode. Die seleksiemetode van data, sowel as die navorsingsmetodologie kom ook onder bespreking. Verder is daar ook 'n aanduiding waarom korpuslinguistiek geskik is as navorsingsmetode vir die betrokke studie.

Hoofstuk 4 is die data-analise en interpretasie van die data. In hierdie hoofstuk word die korpusanalisedata bespreek en grafies voorgestel deur middel van grafieke.

Hoofstuk 5 is die samevatting en gevolgtrekking van die studie, asook verdere navorsingsmoontlikhede word uitgelig.

HOOFSTUK 2: LITERATUURONDERSOEK

2.1 INLEIDING

Sosiolinguistiek bestudeer taalgebruikers se sosiale verhoudings met mekaar en die invloed wat hierdie verhoudings op die gebruik van sekere taalvorme het. Die keuse van die taalvorm wat uiteindelik gebruik word, hang van sosiale faktore af (Carstens, 1997:398). In die lig van hierdie stelling is die doel van hierdie hoofstuk om die studie met die sosiolinguistiek as basis aan te pak. Ten einde die kenmerke van internettaal te identifiseer in 'n spesifieke aanlyn spraakgemeenskap (*WatKykJy?*) en taalkundig te klassifiseer, en te bepaal of die kenmerke wel gekonvensionaliseer word oor tyd, is dit belangrik om die studieterrein van die navorsing af te baken.

Soos in hoofstuk een bespreek is, het Web 2.0-toepassings die wyse waarop die internet gebruik word, en die wyse waarop mense kommunikeer op die internet, verander. Aanlyn deelnemers kan self inhoud ontwikkel, of inligting bywerk (byvoorbeeld Wikipedia). Blogs is ook kenmerkend van Web 2.0, en die Afrikaanse blog *WatKykJy?* vorm die basis waaruit hierdie studie benader word.

Daar kan in 'n taalgemeenskap verskillende taalvariëteite bestaan wat, na gelang van die konteks, aan gemeenskapslede die geleentheid bied om 'n keuse uit te oefen oor watter variëteit gebruik gaan word. Die lede van 'n spesifieke taalgemeenskap beskik oor 'n unieke, onderskeibare linguistiese repertoire. Die *WatKykJy?*-blog (die sosiale konteks) is 'n kennelike voorbeeld waar 'n unieke variëteit (Zefrikaans) gebruik word. Die unieke taalgebruik van Zefrikaans op die internet sal in hierdie studie ondersoek word.

In hierdie hoofstuk sal die ontwikkeling van die internet, en daarmee saam die ontwikkeling van Web 2.0, die internet as medium vir kommunikasie en die rekenaar as platform vir kommunikasie bespreek word. Die sosiolinguistiek as navorsingsterrein sal afgebaken word, en begrippe soos spraakgemeenskap, sosiale identiteit, taalvariasie en Zefrikaans as variëteit sal onder bespreking kom. Taalverandering, die prosesse wat lei tot taalverandering en die uiteindelijke konvensionalisering wat moontlik in 'n spraakgemeenskap kan plaasvind, sal ook beskryf word. Voorbeelde uit die korpus, waar gepas, sal reeds gebruik word ter illustrasie.

2.2 INTERNET AS TAALOMGEWING

2.2.1 Historiese oorsig oor die ontwikkeling van die internet

Die internet het 'n omvangryke tegnologiese impak op die mensdom gehad, en by implikasie is kommunikasie en taalgebruik ook beïnvloed daardeur. Om te kan bepaal hoe taal verander het en gekonvensionaliseer is op die internet, is dit nodig om die ontwikkeling van die internet tot hierdie studie te releveer.

Die eerste internet, genaamd Arpanet, het in 1968 die lig gesien. Die internet het in die sewentigerjare met rasse skrede gegroei, en kommunikasie tussen twee privaat rekenaars vind vir die eerste keer in 1974 plaas. Gedurende die 1980's word rekenaars 'n meer bekostigbare, algemene gebruiksartikel vir veral universiteite en besighede. Later van tyd, in die negentigerjare, word rekenaars 'n algemene huishoudelike artikel en bykans elke huishouding in Amerika en Europa het 'n rekenaar besit wat aan 'n netwerk gekoppel is. Van daar af het die internet na ander kontinente en lande versprei (Shenron, 2009).


In Suid-Afrika is die eerste Suid-Afrikaanse IP-adres in 1988 aan Rhodes Universiteit verskaf. Die eerste IP-konneksie tussen Rhodes Universiteit se rekenaarsentrum en 'n privaatwoning in Portland, Oregon word in 1991 gemaak. Suid-Afrika se universiteite is teen die einde van 1991 gekoppel aan 'n netwerk genaamd Uninet. Kommersiële- en privaatgebruik van die internet in Suid-Afrika neem in 1992 'n aanvang (Wikipedia, 2017).

Webwerwe van die vroeë negentigs was statiese dokumente, het tipies 'n enkele outeur gehad wat bygedra het tot die inhoud van die webwerf en dit was nie interaktief nie. Die laat negentigs het 'n verandering teweeggebring: webwerwe het meer dinamies en interaktief geraak. Die inhoud van webwerwe word gereeld opgedateer en gebruikers kan interaktief deelneem deur kommentaar te lewer (Herring, 2013:1). Hierdie webwerwe het die web wat later as Web 2.0 sou bekend staan, voorafgegaan.

Wikipedia (2017) beklemtoon ook die bruikbaarheid van gebruiker-ontwerpte inhoud van Web 2.0-toepassings. Die term Web 2.0 is al in 1999 die eerste keer deur Darcy Dinucci gebruik om te verwys na die meer dinamiese en interaktiewe web, maar het eers in 2004 populêr geraak as gebruiksterm. Web 2.0 verwys na die veranderings in die wyse waarop webblaaie ontwerp en gebruik word. Web 1.0 webblaaie was nie interaktief nie en

internetgebruikers was passiewe kykers en nie deelnemers nie. Web 2.0 het dit omvangryk verander: internetgebruikers kan nou saamwerk en interaktief verkeer met ander aanlyn gebruikers in 'n virtuele aanlyn gemeenskap.

Volgens Barton en Lee (2013:284) is Web 2.0 webgebaseerde toepassings wat aan internetgebruikers die geleentheid gun om hul eie internetinhoud te skep en te publiseer (cf. Wikipedia, 2017). Gebruikers kan bydra tot webwerwe se inhoud deur gebruikersprofile te skep (soos op Twitter, Facebook, Instagram en so meer), of kommentaar te los oor artikels en blogs (*WatKykJy?* het 'n “deel met jou tjomies” opsie aan die einde van elke inskrywing, Fig. 2-1). Die kommentaarsisteme wat in plek is vir aanlyn gebruikers, is 'n belangrike kenmerk van Web 2.0.



The screenshot shows a web form titled "Leave a reply" with the following elements:

- A header prompt: "Deel met jou tjomies!"
- A row of social sharing buttons: "Tweet", "Share" (with a count of 1), "Like 0", "Email" (with a count of 0), "G+", and "Pin" (with a count of 0).
- The main heading: "Leave a reply" in a large, bold, brown font.
- Two tabs for comment systems: "Default Comments (0)" (selected) and "Facebook Comments (0)".
- A large text input field labeled "Jou Comment *".
- A text input field labeled "Jou naampie *".
- A text input field labeled "Jou Email *".
- A text input field labeled "Jou Website".
- A file upload section with a "Choose File" button and the text "No file chosen".

Figure 2-1: *WatKykJy?*-kommentaarboksie

Die inhoud wat in die kommentaarsisteme voorkom, is egter relatief ongereguleerd en ongeredigeerd, alhoewel daar tog in 'n mate moderering plaasvind deur webwerfeienaars en die aanlyn gemeenskap.

Androutsopoulos (2013) deel die bestaan van die internet breedweg op in drie stadiums:

- Pre-Web-era: In die vroeë negentigs is rekenaar-bemiddelde kommunikasie beperk tot interpersoonlike kommunikasie soos e-pos, nuusgroepe en kletskamers (IRC).
- Vroeë Webera: Dit is die tydperk vanaf die middel negentigs tot vroeg 2000's. Dit is die ontstaan van persoonlike webwerwe, gespreksforums, webwerwe vir besighede, asook blogs.
- Deelnemende Webera: Die era ontstaan vanaf die middel 2000's tot op hede. Internetgebruikers bou voort op die infrastruktuur wat verskaf word deur blogs, sosiale netwerke en wiki's om webinhoud te produseer of te gebruik.

Hierdie drie stadiums en die veranderinge wat elke era meebring het in digitale kommunikasie het gelei tot wat ons vandag sien as “tipiese” internettaal en wat navorsingswaardig is in terme van Web 2.0-toepassings, blogs en die kommentaar wat deelnemers kan los oor webinhoud.

Met die vooruitgang van rekenaartegnologie het mense die vermoë ontwikkel om te kommunikeer sonder om in mekaar se teenwoordigheid te wees, en te kommunikeer selfs al ken die sender nie noodwendig die ontvangers van die boodskap nie. In hierdie kommunikatiewe praktyke op die internet het unieke taalgebruik ontstaan as gevolg van die dinamiese aspek van interaksies en die spoed waarmee dit plaasvind.

Die meeste navorsing oor Afrikaans op die internet (Verhoef, 2001; Brunette, 2005; Van Gass, 2006), is gedoen voor Web 2.0 werklik 'n impak gemaak het op die wyse waarop die internet gebruik word, en op die taalgebruik van aanlyn deelnemers in Web 2.0-interaksies. Die oorgrote meerderheid van navorsingsdata vir Afrikaans op die internet kom uit e-posse (Jansen van Vuuren, 2007), kletskamers en die webwerwe self (Verhoef, 2001; Van Gass, 2006, Jansen van Vuuren, 2007), maar nie uit blogs of gebruiker-gegenereerde inhoud (tipiese Web 2.0-toepassings), nie. Hierdie studie sal 'n blog (*WatKykJy?*) se korpus as primêre bron gebruik om die taalgebruik te bestudeer, aangesien hierdie vorm van kommunikasie nog nie aandag in Afrikaanse navorsing gekry het nie.

Volgens Mikulík (2007:49) is 'n blog 'n gewilde webtoepassing waar mense gereeld hul gedagtes, gevoelens, opinies en nuwe bevindings op die web met ander mense kan deel. Hierdie inskrywings word kronologies georden en dien as 'n hibriede dagboek/gids vir

ander lede van die spraakgemeenskap. Baron (2008:110) reken dat alle blogs vier basiese eienskappe deel. Blogs is hoofsaaklik teks-gebaseerd en die inskrywings verskyn in 'n omgekeerde kronologiese volgorde, menende dat die nuutste inskrywings eerste verskyn, en ouer inskrywings in argiewe geplaas word (*WKJ?* se argiewe word “ouer koeie” genoem). Blogs word ook gereeld opgedateer en dit kan skakels na ander webwerwe bevat.

Aangesien die vooruitgang van die tegnologiese ontwikkeling van die internet wêreldde geopen het in terme van kommunikasie, gaan die internet as medium vir kommunikasie in die volgende afdeling bespreek word.

2.2.2 Die internet as medium vir kommunikasie

Chenault (1997) sien rekenaar-bemiddelde kommunikasie as 'n sosiale fenomeen, waar die internet as platform gebruik word vir kommunikasie. Die internet gee aanleiding tot die ontstaan van verskillende aanlyn gemeenskappe wat op 'n gereelde basis kommunikeer. Sy argumenteer ook dat die internet nie soseer handel oor tegnologie of inligting nie, maar dat kommunikasie die belangrikste aspek van die internet is. Mense kommunikeer gedurig via die internet, òf met 'n bekende ontvanger (soos in e-pos), òf met 'n onbekende gehoor (in die geval van Twitter). Dit sluit aan by wat Androutsopoulos (2015:5) tereg sê: “Communicating on the Web means having access to all the semiotic resources the global computer network has to offer”. Die internet het nuwe horisonne geopen in terme van mediums van kommunikasie. Mense is nou altyd beskikbaar, of “Always on” soos Naomi Baron (2008) in haar boek beskryf.

Teen die agtergrond van Chenault (1997) en Androutsopoulos (2015) se stellings oor die gebruik van die internet as belangrike hulpmiddel vir kommunikasie, word daar in die navorsing gepoog om vas te stel watter taalverskynsels eie aan Zefrikaans gedurende aanlyn kommunikasie te voorskyn kom, en watter van hierdie verskynsels herhaaldelik voorkom oor 'n gegewe tydperk, om moontlik op implisiete konvensionalisering te kan dui. Implisiete konvensionalisering kan daarop dui dat sekere taalgebruik binne 'n sekere virtuele spraakgemeenskap aanvaarbaar is, al word dit nie as aanvaarbaar beskou in ander aanlyn gemeenskappe nie. Verhoef (2001:3) beskou juis die internetomgewing as 'n “virtuele taallaboratorium” waar kenmerkende taalverskynsels van Afrikaans op die internet ondersoek kan word. Hierdie taallaboratorium bied dan ook die geleentheid om

te bepaal watter taalverskynsels tipies in internettaalgebruik voorkom en moontlik gekonvensionaliseer kan word deur aanlyn gebruikers.

Warschauer (2000:155) voer aan dat taal 'n baie belangrike rol speel in die informasietegnologie era. Die internet “highlights the role of language”. Sonder taal is die internet nie bruikbaar nie, en sonder taal sou ons nie kon kommunikeer op die internet nie. Chenault (1997) voer aan dat sommige mense rekenaar-bemiddelde kommunikasie as onpersoonlik beskou. In oog-tot-oog kommunikasie is mense afhanklik van nie-verbale kommunikasie om suksesvol te kan kommunikeer. In rekenaar-bemiddelde kommunikasie is nie-verbale kommunikasie beperk of heeltemal afwesig, en dit veroorsaak dat woorde en teks op die skerm die rol van nie-verbale kommunikasie oorneem. Chenault (1997) is ook van mening dat verskeie navorsers rekenaar-bemiddelde kommunikasie as ondergeskik teenoor oog-tot-oog kommunikasie sien, omdat daar 'n afwesigheid van nie-verbale kommunikasie is. Aanlyn deelnemers kompenseer wel vir die tekort aan nie-verbale kommunikasie, en simuleer dit deur middel van die gebruik van ortografiese verskynsels (sien afdeling 2.5 vir 'n gedetailleerde bespreking hieroor).

Paolilo (2011:1) sien die internet nie as 'n enkele, homogene kommunikasie omgewing nie, maar eerder as 'n omgewing wat wemel met verskeidenheid: tekste, taalgebruik en selfs die medium self word deur verskillende mense vir verskillende doeleindes gebruik. Barton en Lee (2013:59, cf. Kytölä, 2012:108) sluit aan by Paolilo se stelling van diversiteit en voer aan dat taalkeuse op die internet afhang van die moontlikhede wat die medium bied. Hoe 'n webwerf gebruik word, is nie vooraf vasgestel nie, maar dit hang af van die verskeie redes waarom aanlyn kommunikasie plaasvind. Barton en Lee (2013) gebruik *Flickr* en *Facebook* as voorbeelde. *Flickr* is aanvanklik ontwerp om 'n aanlyn fotoalbum te wees, maar namate gebruikers meer kreatief met die webwerf omgegaan het, het meer funksies en kommunikatiewe praktyke tot stand gekom. *Facebook* is oorspronklik ontwerp slegs vir studente se gebruik op kampusvlak, maar het uitgebrei en eventueel 'n wêreldwye sosiale fenomeen geword. *Flickr* en *Facebook* word dus nie gebruik vir die oorspronklike doel waarvoor dit geskep is nie, maar word gebruik as platforms vir kommunikasie. Herring (2002:111-112) som dit soos volg op: die tipe rekenaar-bemiddelde kommunikasie wat op die internet voorkom, word bepaal deur die

tipe tegnologie wat gebruik word om te kommunikeer, sowel as deur die konteks waarbinne kommunikasie plaasvind.

Härd af Segerstad (2002:261) argumenteer ook dat elektroniese taalgebruik nie waarlik 'n nuwe medium is nie. Sy beskou die linguistiese eienskappe wat aanlyn voorkom nie as werklik nuwe eienskappe nie, maar gee toe dat die kombinasies van gebruik dalk nuut mag wees. Daarom moet hierdie linguistiese eienskappe eerder as variante gesien word wat by verskillende situasies aangepas word. Deelnemers kan vanuit hulle totale linguistiese repertoire keuses maak oor watter variante geskik sal wees vir die sosiale situasie waarin hulle hulself bevind.

Die internet is 'n vrugbare omgewing vir die ontwikkeling van nuwe kommunikatiewe praktyke. Rekenaar-bemiddelde kommunikasie gaan in die volgende afdeling in meer detail bespreek word.

2.2.3 Rekenaar-bemiddelde kommunikasie

Verskeie terme word deur verskillende navorsers gebruik om die taal wat op die internet gebruik word, en kommunikasie oor die algemeen te verwys. Crystal (2001:7) gebruik die term *Netspeak*, Brunette (2005) verkies *rekenaar-bemiddelde kommunikasie*, Jansen van Vuuren (2007) het 'n voorkeur vir *rekenaar-ondersteunde kommunikasie*. Danet (2001:11) maak gebruik van die term *digitale kommunikasie* aangesien dit beide gesproke en geskrewe taaleienskappe akkommodeer.

Baron (2008:12) verkies egter die oorkoepelende term *elektroniese kommunikasie* vir alle kommunikasie wat aanlyn tussen verskillende elektriese toestelle plaasvind. Sy voer die ontwikkeling van verskeie slimtoestelle wat toegang tot die internet het as rede aan vir die gebruik van hierdie omvattende term. Aanlyn kommunikasie is nie meer beperk tot slegs internet-gekoppelde rekenaars nie, maar wyer verspreid deur middel van tablette en slimfone.

Vir die doeleindes van hierdie studie sal die term *rekenaar-bemiddelde kommunikasie* deurlopend gebruik word om na kommunikasie op die internet te verwys. Dit is in navolging van die mees algemeen gebruikte term om na internetkommunikasie te verwys in Engels (cf. Baym, 1998; Herring, 2001, 2002, 2007; Postmes *et al.*, 2000). Rekenaar-bemiddelde kommunikasie vind plaas wanneer mense kommunikeer deur boodskappe

vir mekaar te stuur met behulp van rekenaars wat aan 'n internet-netwerk gekoppel is. Leppänen en Peuronen (2012:1) sien ook rekenaar-bemiddelde kommunikasie as kommunikasie wat tradisioneel tussen netwerk-gekoppelde rekenaars plaasvind, maar dat die term ook gebruik word vir ander vorme van teksgebaseerde aanlyn kommunikasie, soos byvoorbeeld SMS'e wat gestuur word.

In rekenaar-bemiddelde kommunikasie word daar onderskei tussen sinchroniese en asinchroniese boodskappe. Vir sinchroniese kommunikasie moet beide die sender en die ontvanger tegelykertyd op die rekenaarnetwerk wees om boodskappe te versend en te ontvang, byvoorbeeld gesprekke in kletskamers. Vir asinchroniese kommunikasie is dit nie 'n vereiste dat beide die sender en die ontvanger gelyktydig aan die rekenaarnetwerk gekoppel is nie, aangesien boodskappe 'gestoor' word totdat die ontvanger toegang tot sy/haar rekenaar het om die boodskap te ontvang, byvoorbeeld e-pos (Herring, 2002, cf. Baron, 2008:14, Crystal, 2001:11).

Darics (2010) is egter van mening dat die duidelike onderskeid wat gemaak is tussen sinchroniese en asinchroniese genres vervaag het omdat geïntegreerde kommunikasietegnologieë ontwikkel is, en omdat rekenaar-bemiddelde kommunikasie onlosmaaklik deel geword het van mense se alledaagse taalrepertoires, vir werksdoeleindes sowel as sosiale interaksies. 'n Voorbeeld hiervan is die selfoontoepassing Whatsapp, wat byna die onmiddelikheid van 'n telefoonoproep aanneem.

Herring (2001) voer aan dat rekenaar-bemiddelde kommunikasie teks-gebaseerd is, menende boodskappe word getik op 'n rekenaar, slimfoon of tablet, en dat dit gelees word deur die ontvanger van die boodskap. Die ontvanger wil dan so gou as moontlik 'n respons stuur, wat ook teksgebaseerd is, maar die interaksie toon gesproke taaleienskappe as gevolg van die spoed waarmee kommunikasie plaasvind. Dit toon egter eienskappe van geskrewe taal juis omdat die kommunikasie teksgebaseerd is en daar oor responses gedink kan word voordat die boodskap weggestuur word.

Crystal (2005:1) sien taal, soos wat dit op die internet gebruik word, as 'n nuwe medium, anders as konvensionele gesproke taal, en anders as geskrewe taal. Hierdie beskouing word vervolgens bespreek.

2.2.4 Gesproke-, geskrewe- en internettaal

Crystal (2011:15) reken dat die eerste stap in Internetlinguistiek is om die eienskappe van die medium vas te stel, wat die taalervaring en -gedrag van internetgebruikers bepaal. Die beste wyse waarop hierdie eienskappe vasgestel kan word, is om 'n onderskeid te tref tussen gesproke, geskrewe en internettaal. Crystal sê ook dat aangesien die elektroniese medium ondersoek word, navorsers nie slegs die nuwe tipes taal wat manifesteer as gevolg van dié tegnologie moet ondersoek nie, maar ook die kollektiewe kennis moet ondersoek wat reeds oor 'n taal bestaan, met behulp van 'ouer' mediums soos gesproke taal, geskrewe taal en gebaretaal.

Crystal (2001:47) benoem hierdie taal wat op die elektroniese medium voorkom *Netspeak* en sien dit as 'n derde medium naas gesproke en geskrewe taal. Hy beskryf *Netspeak* as geskrewe taal met gesproke taal aspekte, eerder as gesproke taal wat neergepen is. Crystal (2011:16) pas egter sy beskrywing aan van elektroniese kommunikasie en beskou digitale kommunikasie as 'n vierde dimensie van linguistiese kommunikasie, met gesproke, geskrewe en gebaretaal as die voorafgaande drie dimensies.

Cerruti en Onesti (2013:13) sluit by Crystal se argument aan en voer aan dat *Netspeak* nie 'n variëteit van 'n taal is nie, maar eerder beskou moet word as 'n reeks van verskillende tipes taalgebruik. Hierdie tipes aanlyn taalgebruike kan dan geklassifiseer word as monologies vs. dialogies, sinchronies vs. asinchronies, een-tot-een vs. een-tot-baie.

Crystal (2001:28) sien gesproke taal as tydsgebonde, spontaan, oog-tot-oog kommunikasie, wat sosiaal interaktief is en onmiddelik geredigeer kan word (cf. Van Gass, 2006:74). Hy brei later van tyd die kenmerke uit en voer aan dat gesproke taal dinamies en kortstondig is. In gesproke interaksies is beide deelnemers gewoonlik teenwoordig, en die spreker het 'n spesifieke ontvanger vir die boodskap in gedagte (Crystal, 2011:17; cf. Chafe, 1985). In terme van situasionele faktore reken Crystal (2011:18) dat, as gevolg van die spoed en spontaneïteit waarmee oog-tot-oog kommunikasie plaasvind, sprekers nie komplekse voortuitbeplanning kan doen nie. Die druk waaronder sprekers verkeer om spoedig te reageer lei tot minder vaste taalkonstruksies, herhaling en herfrasering van die uiting.

Aangesien rekenaar-bemiddelde kommunikasie nie as gesproke taal of geskrewe taal beskryf kan word nie, identifiseer Crystal (2005:1) sekere eienskappe wat rekenaar-bemiddelde kommunikasie onderskei hiervan. Rekenaar-bemiddelde kommunikasie verskil van gesproke taal in die opsig dat daar 'n tekort is aan gelyktydige terugvoer (wat noodsaaklik is vir suksesvolle oog-tot-oog kommunikasie), daar is die afwesigheid van paralinguistiese eienskappe en die medium het die vermoë om verskeie interaksies gelyktydig te behartig. Mense in gesproke interaksies het nie die vermoë om verskillende gesprekke terselfertyd te handhaaf nie.

Rekenaar-bemiddelde kommunikasie is van so 'n aard dat, ten spyte daarvan dat dit 'n geskrewe medium is, dit plaasvind in 'n sosiale, interpersoonlike omgewing en dus eienskappe van gesproke taal vertoon. In Van Gass (2008:435) se navorsing voer sy aan dat kommunikasie op die internet gesproke taaleienskappe vertoon, omrede kommunikasie in 'n sosiale en interaktiewe omgewing plaasvind. Sy het ook gevind dat die deelnemers in IRC (Internet Relay Chat) kompenseer vir die afwesigheid van nie-verbale kommunikasie, wat in oog-tot-oog kommunikasie voorkom, deur verskillende ortografiese strategieë te implementeer wat die eienskappe van oog-tot-oog kommunikasie naboots (ortografiese strategieë word in detail bespreek in afdeling 2.5).

Volgens Crystal (2001:28) is geskrewe taal ruimtegebonde, visueel gedekontekstualiseer, dit kommunikeer feite, beskik oor ingewikkelde strukture en is herhaaldelik redigeerbaar (Chafe, 1985). Geskrewe taal is staties en permanent. Dit is 'n situasie waar daar dikwels 'n afstand is tussen die skrywer en die leser, en die skrywer weet nie noodwendig wie die leser gaan wees nie. Crystal (2011:18) voer aan dat geskrewe taal altyd 'n tydsverloop het tussen die skep van die teks en die ontvang van die teks. Hierdie tydsverloop kan nadelig wees (die konteks mag dalk nie meer van toepassing wees nie, of die inhoud kan verouderd wees), en probleme kan ontstaan omdat die teks deur 'n groot hoeveelheid diverse lesers gelees en geïnterpreteer word. Voordele van geskrewe teks is dat die teks herhaaldelik gelees kan word, in diepte geanaliseer kan word en sorgvuldige teksorganisasie met ingewikkelde sinskonstruksies kan ontwerp word.

Die eienskappe wat rekenaar-bemiddelde kommunikasie onderskei van geskrewe taal is onder andere die dinamiese aard van die medium (soos byvoorbeeld animasie, nie

statiese teks nie), die “cut and paste” opsie van e-pos boodskappe en die hipertekstualiteit van die medium. Volgens Hård af Segerstad (2002:56) verander rekenaar-bemiddelde kommunikasie na gelang van die tegnologie wat gebruik word, sowel as die kontekste van gebruik. Daarom verskil sinchroniese rekenaar-bemiddelde kommunikasie van asinchroniese rekenaar-bemiddelde kommunikasie ten opsigte van die lengte van boodskappe, kompleksiteit, formaliteit en interaktiwiteit. Sinchroniese rekenaar-bemiddelde kommunikasie is ook meer visueel georiënteerd, en deelnemers het ’n verwagting van ’n spoedige, byna onmiddellike reaksie.

Tagliamonte en Denis (2008:5) het in hulle navorsing oor kitsboodskappe tot die gevolgtrekking gekom dat die taalgebruik van hierdie boodskappe eienskappe vertoon van beide informele gesproke registers, sowel as formele geskrewe registers. Internettaal, volgens hulle, is ’n hibriede register van gesproke en geskrewe taaleienskappe.

In ’n wêreld waar virtuele werklikhede al hoe meer realiteit word, reken Kress (2010:7) dat “we do not yet have a theory which allows us to understand and account for the world of communication as it is now”. Die internet word ingespan as ’n nuwe kommunikasiemedium, wat verskil van tradisioneel gesproke en tradisioneel geskrewe taal. Danet (2001:12, cf. Crystal, 2011:14) sien ook aanlyn kommunikasie as “iets nuuts”, kommunikasie wat êrens op die kontinuum lê tussen gesproke en geskrewe taal, tog kan dit nie beskryf word as enige van die twee nie. Sy sê verder (2001:13, cf. Verhoef, 2001; Mikulík, 2007:3) dat globale rekenaargebruik die tradisionele grense tussen enkel-outeur, gedekontekstualiseerde geskrewe teks en gesproke oog-tot-oog kommunikasie laat vervaag.

Page *et al.* (2014:17) bevestig Verhoef (2001) en Danet (2001) se siening en skryf dat rekenaar-bemiddelde kommunikasie dikwels gesien word as ’n afsonderlike taalvariëteit, en dat daar ’n duidelike vervaging van grense tussen gesproke taal en geskrewe taal is in sosiale media kommunikasie en ander tipes digitaal-bemiddelde kommunikasie. Hulle reken ook dat navorsers dit moeilik vind om ’n gepaste term toe te ken wat al die media wat op die internet voorkom raak te beskryf. Barton en Lee (2013:16) het ook gevind dat basiese linguistiese konsepte ’n betekenisverandering ondergaan, en daarom moet nuwe konsepte ontwikkel word om aanlyn aktiwiteite te beskryf.

Androutsopoulos (2011:1) gebruik die term “digital networked writing”- ’n term wat na die dialogiese en proses-georiënteerde eienskap van geskrewe taal verwys in tegnologiese- en sosiale netwerke in aanlyn omgewings. Geskrewe taal op die internet word gekenmerk deur die volgende eienskappe (cf. Androutsopoulos, 2006):

- Omgangstaal word gebruik, met ander woorde dit is geskrewe taal wat nie institusioneel voorkom nie, en dit lê nie binne professionele beheer nie;
- Dit is interpersoonlik en gefokus op sosiale verhoudings, eerder as wat dit vakgerig is;
- Dit is onbepland en spontaan;
- Dit is dialogies en gerig op individuele interaksies met mekaar.

Die *WatKykJy?*-korpus toon ooreenkomste met die kenmerke van Androutsopoulos: die blog word in alledaagse, informele omgangstaal geskryf en die fokus is op sosiale verhoudings en die opbou van die self identiteit. Die inskrywings in die hoofteks is egter nie onbepland of spontaan nie, alhoewel daar dialogiese aspekte in die kommentaargedeeltes voorkom. In die blog volg addressiwiteit in die kommentaargedeeltes die reëls van kletskamers na. Addressiwiteit verwys na die wyse waarop ’n gebruiker aandui aan wie die kommentaar of uiting gerig is (Van Gass, 2006:78). Mense wat aangespreek word, kry ’n aapstert voor die naam en dit sonder enkele persone uit aan wie die kommunikasie gerig is. Dit dui op ’n duidelik gesproke element tussen deelnemers wat geografies verwyderd is, en steeds ’n virtuele ‘gesprek’ kan voer.

[2.1] **@grif:** *ek weet nou nie wiet die commints hierop gemaak nie, maar dis moerse snaaks! (WKJ? 2010 Kommentaar)*

Cerruti en Onesti (2013:4) maan navorsers in die linguistiek om nie oordrewe aannames te maak oor die eiesoortigheid van die taal wat op die internet gebruik word nie. Daar is nie tans ’n linguistiese veralgemening wat rekenaar-bemiddelde kommunikasie as ’n geheel voldoende kan beskryf nie, juis omdat daar soveel verskillende tipes tekste en verskillende praktyke op die internet is, en omdat daar so ’n wye stilistiese verskeidenheid tussen die tekste voorkom.

2.2.5 Sintese

Uit die voorafgaande bespreking is dit duidelik dat daar met die koms van rekenaars en die internet nuwe wêreld vir mense geopen is in terme van kommunikasie. Die ontwikkeling van Web 2.0-webtoepassings het tot meer interaktiewe deelname deur gebruikers gelei. Blogs, en later sosiale netwerke, gee aan aanlyn deelnemers die gevoel dat hulle 'n sê het, wat gelees sal word en waarop gereageer sal word. Blogs bied aan mense 'n platform waar hulle hulle vryheid van spraak kan geniet, alhoewel daar moderering kan plaasvind deur webadministreerders. Die unieke aard van kommunikasie op die internet, insluitende blogs, het navorsers laat kopkrap oor die plasing van internettaal as gesproke taal wat neergepen is, of geskrewe taal wat oor gesproke taaleienskappe beskik. Dit blyk uit die voorafgaande bespreking dat Afrikaans op die internet nie as gesproke taal of geskrewe taal geklassifiseer kan word nie, maar dit skyn elemente te bevat van beide gesproke en geskrewe taal, en vertoon tog eiesoortige taalstrukture. Internettaal is 'n sosiaal gebonde, unieke kommunikasiemiddel. In die volgende gedeelte word die sosiale aard van kommunikasie en die sosiolinguistiek as navorsingsterrein gereleveer tot hierdie studie.

2.3 SOSIOLINGUISTIEK AS NAVORSINGSTERREIN

2.3.1 Agtergrond

Sosiolinguistiek is 'n studie van "die sosiale verhoudings wat tussen taalgebruikers bestaan en die invloed wat hierdie verhoudings het op die keuse en gebruik van taalvorme" (Carstens, 1997:398). Die sosiolinguistiek fokus dus op taal soos wat dit deur mense wat aan spesifieke sosiale groepe behoort gebruik word, sowel as die unieke taalgebruik (linguistiese veranderlikes) wat deur die groepe gepropageer word.

Volgens Androutsopoulos (2011:2) is digitale media tans die platform waar die meeste sosiolinguistiese verandering plaasvind. Crystal (2011:69) sluit by hierdie siening aan met sy beskouing dat die elektroniese medium reeds in sy beginjare buitengewone kommunikasiegedrag teweeggebring het, wat verskil van tradisionele gesproke en geskrewe taal.

Sosiolinguisties gesproke is taal op die internet besig om meer en meer kompleks en gediversifiseerd te raak, en dit bemoeilik navorsers se taak om geldige veralgemenings

te maak oor die aard van die medium (Kytölä, 2012:106). Crystal (2011:52) meen dat 'n variasieanalise in die sosiolinguistiek 'n belangrike hulpmiddel kan wees om te bepaal tot watter mate die gebruik van 'n sekere taal en taalpatrone kenmerkende eienskappe vertoon wat dit uniek maak aan 'n spesifieke sosiale situasie, en dit laat verskil van die taal en taalpatrone wat in ander situasies gebruik word. Dit is juis deel van hierdie studie om te bepaal wat is die kenmerkende eienskappe van Zefrikaans soos wat dit manifesteer op die WKJ?-korpus.

Chambers (2013:19, 48) voer aan dat die uiteindelijke doel van sosiolinguistiese navorsing is om antwoorde te verkry op vrae van linguistiese belang, soos byvoorbeeld hoe taalverandering manifesteer. Hierdie linguistiese vrae kan egter nie beantwoord word sonder dat 'n spraakgemeenskap geïdentifiseer is nie, waaruit voldoende data versamel kan word om die navorser te kan lei na die antwoorde op die vrae. Aandag moet ook geskenk word aan die sosiale klas en status van die gemeenskap, sowel as die ouderdom en die geslag van die deelnemers. Ouer lede van die gemeenskap neig na 'n meer konserwatiewe fonologiese gebruik, tieners is gewoonlik die voorlopers van innovasie, en dan is daar ook geslagspesifieke gedrag (Chambers, 2013:19, 48).

Volgens Griffin (2016, in Breed, 2017:26) is ongeveer 55% van die besoekers op die WKJ?-webwerf manlik, 45% is vroulik en 80% van die besoekers is Suid-Afrikaners. Meeste van die besoekers bly in Gauteng (50.67%) en die Wes-Kaap (24.61%). Verder is 27.5% van die besoekers in die 18-24 ouderdomsgroep, ongeveer 30% is 25-34 jaar oud, en 15.5% val in die 35-44 ouderdomsgroep. Die res van die gereelde besoekers op die webwerf is 45 jaar oud en ouer.

Binne die sosiolinguistiek is die begrip *taalgemeenskap* van groot belang. Die term word gewoonlik gebruik om na 'n groep sprekers te verwys wat iets in gemeen het, bo en behalwe die taalgebruik (Du Plessis, 1989:468). In hierdie verband voer Crystal (2001:59) aan dat die term *gemeenskap* impliseer dat daar 'n "sense of identity and belonging" is tussen gemeenskapslede. Crystal (2001:59) maak dit egter duidelik dat blote deelname aan 'n internetaktiwiteit nie noodwendig deelnemers deel maak van 'n gemeenskap nie. Daar is egter wel internetsituasies wat 'n "sense of belonging" skep en deelnemers laat deel voel van 'n virtuele gemeenskap.

In die volgende afdeling gaan die *WKJ?*-blog as virtuele gemeenskap bespreek word. Dit is 'n aanlyn gemeenskap wat 'n “sense of identity and belonging” skep tussen die deelnemers.

2.3.2 Virtuele spraakgemeenskappe

Die sosiale konteks van rekenaar-bemiddelde kommunikasie kan beter verstaan word in samehang met die idee van 'n aanlyn- of virtuele gemeenskap. Deelnemers ontwikkel sosiale verhoudings met mekaar, asook gedeelde norme (Androutsopoulos, 2006). Die virtuele spraakgemeenskap voorsien aan deelnemers 'n platform waar mense gebruikstaal of omgangstaal kan gebruik op die internet, en vryheid om die taal te gebruik soos hulle verkies. Binne die spraakgemeenskap ontwikkel deelnemers gedeelde kennis (“shared knowledge”) deur die interaksies wat hulle met ander mense het wat aanlyn deelneem aan talige situasies (cf. Croft, 2000:166).

Omgangstaal verwys na die taalvariëteit wat mense in hulle alledaagse omgang gebruik. Hierdie variëteit het nie amptelike status nie, en is ook nie gestandaardiseer nie. Dit kan gesien word as die mees informele variëteit in 'n persoon se linguistiese repertoire. Omgangstaal, oftewel 'n spesifieke tipe variëteit daarvan, kan mense van dieselfde etniese groep, of ouderdomsgroep, of enige ander groep waarmee hulle wil identifiseer, se taal van solidariteit wees (Holmes, 2001:74). Dus kan taalgebruik binne 'n sekere groep die lede saambind en 'n gevoel van groepsolidariteit skep.

Chenault (1997) voer aan dat rekenaar-bemiddelde kommunikasie die illusie skep van 'n gemeenskap. Daar word egter verskeie aanlyn gemeenskappe gevind op die internet. *Facebook* het verskillende aanlyn groepe waaraan mense met gedeelde belangstellings kan behoort; daar is blogs, nuus webwerwe en vele ander waaraan mense aanlyn kan deelneem.

Croft (2000:166; cf. Hudson, 1980:24) sien spraakgemeenskappe nie as homogene groepe nie, maar as 'n groep individue wat kollektief deelneem aan 'n sosiale domein. Taal word geskep en gereproduseer in menseverhoudings. Dit vind plaas op mikrovlak tussen twee mense wat interaktief verkeer, sowel as op makrovlak tussen gemeenskappe wat interaktief verkeer. Die verskillende gemeenskappe wat bestaan handhaaf sekere

taalgebruik binne hulle bepaalde kontekste; dit vorm gevolglik bepaalde taalpraktyke en taalverandering kan sodoende plaasvind.

Binne 'n spraakgemeenskap deel die lede spesifieke taalnorme en taalgebruik, en daar is die idee van lidmaatskap (Barton & Lee, 2013:32). In die WKJ?-blog word lesers en skrywers 'Watkykertjies' genoem, en per geleentheid word daar na die blog self verwys as 'Watkykistan'. Dit skep aan deelnemers 'n gevoel van lidmaatskap.

Eckert (1995:56) gebruik die term *community of practice*. Dit verskil van die tradisionele siening van 'n gemeenskap deurdat die fokus verskuif word na die lidmaatskap van die gemeenskap en die gedeelde sosiale praktyke van die deelnemers. Volgens Wardhaugh en Muller (2015:68, cf. Holmes, 2001:188) kan 'n *community of practice* gesien word as 'n groep mense wat gereeld interaktief verkeer. So 'n gemeenskap is konstant besig om te verander. Nog 'n benadering tot die definisie van 'n spraakgemeenskap (Wardhaugh & Muller, 2015:65) is om te sê dat die sprekers in so 'n gemeenskap sekere linguistiese gedrag deel en gedeelde linguistiese norme binne die gemeenskap probeer behou (cf. Meyerhoff & Strycharz, 2013:434). Gedeelde taalgebruik, en die kommunikatiewe bevoegdheid van deelnemers binne die spraakgemeenskap, dra by tot die idee van solidariteit tussen deelnemers.

Meyerhoff en Strycharz (2013:428) definieer 'n *community of practice* in terme van deelnemers se persepsie van die grense wat bestaan tussen hulle gemeenskap en ander gemeenskappe. Binne die gemeenskap is die aktiwiteite waaraan mense deelneem van groot belang, aangesien dit bydra tot die skep van daardie grense. 'n *Community of practice* beklemtoon ook die rol van taalgebruik en linguistiese variasie as sosiale praktyke. Individue kan ook aan verskillende gemeenskappe behoort (Meyerhoff & Strycharz, 2013:432).

Groepsolidariteit in internetgemeenskappe kan geïllustreer word deur nie-linguistiese identiteitsmerkers (soos gedeelde agtergrondskennis, of sekere morele waardes), en linguistiese identiteitsmerkers (soos die sosiolek Zefrikaans wat aanlyn gebruik word) (Crystal, 2001:60). 'n Virtuele gemeenskap kan dieselfde rol vervul as 'n tradisionele gemeenskap, al is die deelnemers geografies van mekaar verwyderd.

Androutsopoulos (2006:422) argumenteer dat daar sekere voorwaardes geld voordat 'n groep internetgebruikers as 'n virtuele gemeenskap gesien kan word. Die voorwaardes is soos volg:

- Daar moet gereeld interaksies tussen internetgebruikers wees rondom hulle gedeelde belangstellings. Daar is gereelde bywerkings op die *WatKykJy?*-blog, soms daaglikse inskrywings, soms net 'n paar inskrywings per week.

Onderskeie sosiale rolle moet ontwikkel word. Daar is 'n duidelike onderskeid tussen lede wat met die Zefrikaanse gemeenskap identifiseer en buitestaanders wat nie oor in-groep status beskik nie (Figuur 2-2).




Figure 2-2: Onderskeie sosiale rolle (2010/01)

- Daar moet 'n gedeelde geskiedenis wees tussen internetgebruikers en daarvolgens word hierargieë en norme vasgestel. Die *WatKykJy?*-blog bestaan al sedert die einde van 1999, alhoewel die geargiveerde inskrywings vanaf Maart 2000 beskikbaar is.

- Daar moet 'n bewustheid wees dat groepe internetgebruikers van ander internetgebruikers verskil. Daar is 'n samehorigheidsgevoel tussen die Watkykertjies, en buitestaanders wat nie die “reëls” volg nie, word oor die vingers getik (sien figure 2-5 tot 2-7).

Die *WKJ?*-spraakgemeenskap voldoen aan al die voorwaardes van Androutsopoulos en kan dus as 'n virtuele spraakgemeenskap beskou word.

Al hoe meer spraakgemeenskappe begin 'n aanlyn teenwoordigheid vertoon, soos wat daar meer deelnemers begin toetree tot aanlyn interaksies, groepspesifieke betekenisse begin genereer en kodifiseer, groepspesifieke identiteite tot stand bring, en verhoudings binne 'n sosiale omgewing handhaaf (Baym, 1998:62). Vervolgens sal die sosiale identiteit van internetgebruikers van die *WKJ?*-blog gereleveer word tot hierdie studie.

2.3.3 Sosiale identiteit van die Zef-kultuur

Uit die voorafgaande gedeelte is dit duidelik dat spraakgemeenskappe nie sonder deelnemers bestaan nie. Die deelnemers in hierdie aanlyn spraakgemeenskappe skep identiteite wat nie noodwendig hul ware karakters openbaar nie.

Verhoef (2001:15) beskou hierdie “fopidentiteite” as maskers wat gebruik word, “karnavalmaskers” wat aandag op die karakter vestig, maar die ware identiteit wegsteek. Die anonimiteit wat fopidentiteite aan aanlyn deelnemers verskaf maak taboe gespreksonderwerpe (en taboewoorde, sien afdeling 2.5) toeganklik vir bespreking.

Deumert (2014:152-153) reken dat, veral op *Facebook*, gebruikers “maskers” dra wanneer hulle aanlyn verkeer op hierdie sosiale media platform. Die deelnemers mag dalk hul ware identiteite weerspieël in die profiele wat geskep word, maar die inhoud van hulle interaksies is speels en die ware natuur van 'n deelnemer se persoonlike en intieme gevoelens word verbloem vir die gemeenskap. Sy sê verder (2014:161) dat aanlyn deelname al hoe meer verteenwoordigend word van 'n deelnemer se ware identiteit, alhoewel deelnemers steeds voorgee en nie die volle ware identiteit blootstel nie. Skuilname skep moontlikhede vir deelnemers om 'n heel ander persona te skep en daarvolgens te leef, wat nie gebind is aan alledaagse sosiale konvensies van ware identiteite nie. Die rekenaarmedium bied aan deelnemers die geleentheid om ander

identiteite te skep, moontlik uit blote nuuskierigheid of moontlik omdat hulle 'n affiliasie met 'n sekere gemeenskap begeer en dit wil reflekteer.

Coetzee-van Rooy (2000:95) identifiseer, in breë terme, twee domeine van identiteit naamlik 'n persoonlike/individuele identiteit en 'n sosiale-/groepidentiteit. Die twee domeine saam vorm 'n individu se identiteit, alhoewel die manifestasie van welke identiteit afhang van die situasie waarbinne die individu hom/haar bevind. Persoonlike identiteit (Coetzee-van Rooy, 2000:96) kan as losstaande van sosiale verhoudings beskou word, dit is 'n identiteit wat basies dieselfde bly en 'n mens se persoonlikheid determineer. Sosiale identiteit is egter afhanklik van die sosiale groep waaraan 'n individu behoort (Coetzee-van Rooy, 2000:97). Volgens Coetzee-van Rooy (2000:95) kan sosiale identiteit as die oorkoepelende beskrywing van verskeie groepidentiteite beskou word, omrede mense hulself kan assosieer met meer as een sosiale groep op 'n gegewe tydstop. 'n Mens se kulturele identiteit kan gesien word as die sambreelterm vir die verskeie sosiale identiteite waaroor 'n individu beskik. Kulturele identiteit van 'n individu kan onder andere bepaal word deur nasionaliteit, ras, geslag, taal, of dit kan 'n streeksgebonde kulturele identiteit wees.

Crystal (2001:60, cf. Croft, 2000:181) argumenteer dat relatiewe klein internetgemeenskappe eenheid reflekteer deur 'n vasstelling van 'n identiteit as lid van die spraakgemeenskap. Binne die spraakgemeenskap word daar ook 'n groepspeisifieke dialekt ontwikkel, wat nuwe lede eers moet aanleer en bemeester as hulle deel wil vorm van die groep. Lesers van die WKJ?-blog word as 'watkykers' of 'watkykertjies' aangespreek, en bevestig sodoende groeplidmaatskap aan dié virtuele spraakgemeenskap.

Croft (2000:183) beskou die spesifieke taalvariant wat in 'n kommunikatiewe situasie gebruik word as 'n identiteitsmerker van 'n spraakgemeenskap. Volgens Webb (1989:424) kan sekere taalvorme as identiteitsmerkers funksioneer omdat die taalvorme ingebed raak in sosiale praktyke, en geassosieer word met bepaalde sosiale groepe en situasies. In die WKJ?-internetgemeenskap is daar ook unieke woorde en woordbetekenisse (zef slang) eie aan die spraakgemeenskap (sien vetdruk van voorbeelde 2.2-2.5), en nuwe lede, en veral nuwe bydraers tot die inhoud van die webwerf, moet hierdie sosiolek effektief kan gebruik.

[2.2] *Hierso teen vyfuur se kant was ek moerse dankbaar dat Big H my en my **skêr** by ons huis kom oplaai het vir die gig en weer veilig tergug tuis besorg het want die bier en rum het begin geselsies maak tussen my ore. (WKJ? 2015 Hoofteks)*

[2.3] *O ja, byt vas, ons gaan amper **duik**... (WKJ? 2010 Hoofteks)*

[2.4] *Die **blaar** het sy fiets met 'n weedeater enjin gemofiefaai! (WKJ? 2013 Hoofteks)*

[2.5] *As **skommies** een van jou behoeftes is, moet dit asseblief nie deel nie. (WKJ? 2013 Hoofteks)*

Volgens Wardhaugh en Muller (2015:42) ontstaan sosiolekte vanuit sosiale groepe. Deelnemers kan linguistiese kenmerke van hierdie sosiolekte gebruik as merker van groepidentiteit, maar ander kenmerke soos sosiale-, politieke-, en kulturele verbintenisse speel ook 'n rol.

Slangwoorde word oor die algemeen beskryf as woorde wat 'n kortstondige leeftyd het, en hierdie woorde is karakteriserend van 'n spesifieke sosiale groep. Slang word gekarakteriseer deur kenmerke soos informele taalgebruik, vindingrykheid, speelsheid en kortstondigheid. Dit is ook woorde wat dikwels met gemarginaliseerde groepe en hulle opstandigheid teen formele taalgebruik geassosieer word (Moore, 2012). Sornig (1981:61) beskou slang as 'n tipe in-groep taal, spottende en aggressiewe taalgebruik (Sornig, 1981:69), as aanduiding dat deelnemers 'n sin vir humor het (Sornig, 1981:75) en 'n onbedwingbare speelsheid in terme van die gebruik van linguistiese vorme (Sornig, 1981:76). Sornig (1981:61) reken ook dat slanguitdrukings meestal deur bevoegde taalsprekers verstaan kan word, al vorm hulle nie deel van die in-groep nie, omrede slang tot 'n groot mate reeds bestaande leksikale materiaal gebruik en aanpas.

WKJ? het 'n zef slang woordelys opgestel vir gebruikers, sowel as vir nuwe lede om sekere terme se betekenis weer te gee. Die oordadige gebruik van taboewoorde en beledigende uitdrukings is 'n tipiese kenmerk van Zefrikaans, en dit is duidelik uit die gegewe zef slangwoordelys (cf. Breed, 2017:26). Om die zef identiteit verder uit te beeld, en aan lede van die virtuele gemeenskap 'n gevoel van samehorigheid te gee, gebruik lede van die *WatKykJy?*-gemeenskap 'n unieke sosiolek (Zefrikaans) wat gekarakteriseer word deur zef slang. Hierdie taalgebruik word dan karakteriserend van die gemeenskap.

Die term *zef* kom histories gesproke van die Ford Zephyr af, wat baie populêr was tussen 'n spesifieke groep Suid-Afrikaners gedurende die 1950's en 1960's (du Preez, 2017:106, cf. Barnard, 2012:2). Krueger (2012:402) voer aan dat die term *zef* oorspronklik gebruik is as belediging om na ongekultiveerde wit Suid-Afrikaners te verwys, en ongesofistikeerde, laer sosio-ekonomiese status mense te bespot. Volgens Krueger (2012:400) is *zef* ook 'n spesifieke tipe vulgêre humor wat in die afgelope twee dekades meer en meer te voorskyn gekom het. Dit is die tipe taalgebruik wat stereotipes aan arm, wit Suid-Afrikaanse mans toegeken is (binne 'n sekere groep). Dit is die doelbewuste skep van laer klas persona, en 'n verwysing na wit armoede.

Zef word egter nie meer net met armoede geassosieer nie. Muller (2016:15) maak die afleiding dat *zef* eerder verwys na mense, wat ten spyte van 'n redelike, of selfs goeie maandelikse salaris, nie hulself kultureel ontwikkel het nie, of nie die geleentheid gehad het om 'n smaak vir die fynere en kulturele dinge in die lewe te ontwikkel nie. Dit is egter nie hoe Ninja (lid van die sanggroep *Die Antwoord*) dit sien nie. *Die Antwoord* vereenselwig hulle met 'n *zef* persona, en die *WKJ?*-blog het in die sanggroep se beginjare hulle musiekvideos bevorder. In 'n onderhoud met Culhane (2009) beskryf Ninja *zef* as “our flavour, our style. It means fucking cool. But even more cool than fucking cool. *Zef's* the ultimate style basically”. Engel (2017) argumenteer ook dat *zef* getransformeer het van 'n neerhalende term om na arm wit Suid-Afrikaners te verwys, na 'n term wat met trots deur die groep (*zef* Afrikaners) self gebruik word. Krueger (2012:402) sien *zef* as 'n opstandigheid teen vorige generasies se waardes en norme, en die ontwikkeling van 'n nuwe identiteit binne 'n nuwe Suid-Afrika (Marx & Milton, 2011:723).

Die *WKJ?*-blog berus op 'n *zef* identiteit. Volgens Krueger (2012:404) toon 'n *zef* identiteit kenmerke van die karnavaleske. Aspekte soos oordadigheid, oordadige plesier, eksperimentering met seksualiteit en die uitvoering van jeugidentiteite word sterk met 'n *zef* identiteit geassosieer. Identiteit berus op die sosiale interaksies deur deelnemers, en taalgebruik kan ook as middel dien vir die konstruksie van 'n sosiale identiteit. Dit beteken dat identiteit nie staties nie, dit bly nie deurlopend dieselfde in verskillende sosiale kontekste nie, maar verander aanhoudend na gelang van die sosiale konteks waarin die individu hom- of haarself bevind (Wardhaugh & Muller, 2015:72, 103).

Solidariteit is 'n konsep wat in samehang met die idee van 'n virtuele gemeenskap en sosiale identiteit voorkom. Kiesling (2007:658) sien solidariteit in 'n groep as 'n wyse waarop deelnemers hulle gedeelde belangstellings, en affiliasie met 'n ander persoon of groep, kan bewys. Mans, net soos vrouens, word aan sosiale stereotipes onderwerp. Vrouens word stereotipies gesien as gehoorsaam en onderdanig aan mans, en hulle taalgebruik reflekteer dit ook. Mans word ook aan stereotipes onderwerp en moet konstant daaraan werk om 'n beeld van manlikheid voor te hou (Kiesling, 2007:655, cf. Stapleton, 2003:22).

Kiesling (2007:656) sien manlikheid as iets wat uitgevoer ("perform") word, en nie iets wat inherent aan mans is nie. Dit beteken dat sekere sosiale praktyke geassosieer word met mans, en dan word daardie sosiale praktyke gesien as iets wat net mans doen (dit word dan geassosieer met manlikheid). Hy sê ook verder (2007:658) dat mans gedurig die beeld van 'n manlike man moet voorhou, en hulle doen dit deur hulle sosiale optredes ("performances").

Volgens Holmes (2001:160) verkies mans sekere omgangstaalvorme, omdat hierdie vorme konnotasies van manlikheid en taaheid versinnebeeld. Kiesling (2007:668) sluit hierby aan en sê dat 'n sekere tipe omgangstaal (die variëteit wat gewoonlik met die werkersklas geassosieer word), koverte prestige het vir mans, omrede dit 'n tipe werkersklas-manlikheid weerspieël. Daarmee saam gebruik mans meer vloekwoorde, en sterker taboewoorde as vrouens. Mans verkies om in manlike groepe te vloek, eerder as in vrouegeselskap (Odendal en Gouws, 2000:xviii bevestig hierdie stereotipe siening), en gebruik gevolglik minder kru taal in die teenwoordigheid van vrouens. Om te vloek word by uitstek gesien as 'n teken van manlikheid (Güvendir, 2015:134).

Stapleton (2003:32) voer aan dat sosiale ideologieë en verwagtings beteken dat sekere taalkenmerke steeds geassosieer word met óf manlikheid, óf vroulikheid. Vloek is 'n voorbeeld hiervan – dit word geassosieer met omgangstaal, interpersoonlike aggressie, gespreksdominansie, en in sommige gevalle, linguistiese innovasie. Met ander woorde, mense sien vloek as tipies manlike gedrag, en inderdaad, sulke gedrag skep 'n platform vir die konstruksie van 'n manlike identiteit. Wang (2013:73, cf. Stapleton, 2010:296) reken ook dat vloekwoorde gebruik kan word om groepidentiteit en solidariteit tussen vriende te vestig en te versterk. Die gebruik van vloekwoorde tussen vriende is gewoonlik

'n indikasie van groeplidmaatskap en die intimiteit van die vriendskapsverhouding. Deelnemers wat hierdie funksie van vloek gebruik, beklemtoon die feit dat hierdie wyse van praat (of vloek) aanvaarbaar is binne die norme van die groep en dit word 'n bewys van groeplidmaatskap en solidariteit. Vloek dien ook as pragmatiese merker wat een sosiale groep van 'n ander sosiale groep onderskei. Volgens Stapleton (2010:296) word die gebruik van vloekwoorde sterk geassosieer met status, mag en aanvaarding deur die groep, soveel so dat 'n nuwe lid nie as deel van die subkultuur ervaar sal word nie, tensy hy/sy hom-/haarself bewys het as waardig om aan die groep of gemeenskap te behoort deur op aanvaarbare wyse (vir die groep) taboewoorde te gebruik.

2.3.4 Sintese

In die sosiolinguistiek word taalgebruik binne 'n spesifieke sosiale konteks bestudeer. *WatKykJy?* is die sosiale konteks van hierdie studie wat ondersoek word, en dit kan ook as 'n virtuele spraakgemeenskap beskou word. Lede van hierdie gemeenskap gebruik omgangstaal, oftewel 'n spesifieke variëteit daarvan, naamlik Zefrikaans. Daar is gereelde interaksies op die internet tussen die skrywers van die blog, en die lesers wat kan kommentaar lewer (eiertjies lê). Soos wat meer deelnemers toetree tot hierdie interaksies, begin groepspeesifieke identiteite ontwikkel. Hierdie identiteite kan verskil van ander groepidentiteite wat mense handhaaf. 'n Mens kan 'n identiteit hê vir elke sosiale groep waarnaan hy/sy behoort, byvoorbeeld 'n persoon kan 'n identiteit hê as 'n gesinslid, 'n ander identiteit voorhou wanneer hy/sy tussen vriende verkeer, en selfs nog 'n identiteit wat gereserveer word vir werksituasies.

WatKykJy? verskaf 'n platform waar mense 'n zef identiteit kan vertoon, grotendeels omdat zef nie meer as 'n neerhalende term beskou word nie. Groepsolidariteit word deur taalgebruik versterk, en dit is ook taalgebruik wat ingespan word om 'n beeld van manlikheid uit te dra en voor te hou binne die zef gemeenskap.

Vloekwoorde (die sambreelterm vir alle taboewoorde) is deel van omgangstaal en word veral geassosieer met laer-klas gemeenskappe en/of werkersklaskultuur. Vloek word ook gesien as 'iets wat mans doen'. Die taalgebruik van die werkersklas het ook konnotasies met manlikheid, omdat 'n spesifieke variëteit van omgangstaal, in die geval Zefrikaans, oor die algemeen meer deur mans geapproprieer word as deur vrouens. Hierdie

werkersklas taalgebruik lei tot koverte prestige, en 'n gevoel van solidariteit tussen deelnemers (Wardhaugh & Muller, 2015:68, cf. Stapleton, 2010:297).

Aangesien daar verskillende variëteite van 'n taal bestaan, en daar selfs variasie binne een variëteit kan wees, gaan daar in die volgende afdeling gekyk word na taalvariasie en die prosesse van taalverandering.

2.4 TEORETIESE BEGRONDING VAN TAALVERANDERING

Taal- of registervariëteite kan nie as aparte taalvorme (teenoor 'n tradisioneel sosiolinguistiese beskouing) beskou word nie. Die verskillende registers wat 'n mens tydens kommunikatiewe situasies kan implementeer (die totale taalkennis waaroor mense beskik), vorm deel van 'n individu se linguistiese repertoire. Dit lei daartoe dat individue verskillende registers en style van dieselfde taal toepas in kommunikatiewe situasies, afhangende van die formaliteit van die konteks. Dit beteken dus dat elke individu oor bepaalde taalvariëteite of kodes beskik, alhoewel hierdie variëteite nie afsonderlik van mekaar funksioneer nie. Wanneer individue dan deelneem aan gedeelde sosiale praktyke, raak hulle linguistiese repertoires ook deel van daardie praktyk, en dit lei daartoe dat daar verskillende variante van lingueme (Croft, 2000) kan ontwikkel.

Holmes (2001:195) reken dat alle taalverandering se oorsprong in taalvariasie lê. Die moontlikheid van taalverandering bestaan sodra 'n nuwe linguistiese vorm ('n innovasie, en dus variant van die oorspronklike taalvorm) saam met 'n bestaande linguistiese vorm gebruik word. Lede van die gemeenskap kan tydens kommunikasie verskillende fonologiese, leksikale of grammatikale eienskappe bydra, wat uit hulle eie linguistiese repertoire kom. Hierdie eienskappe kan reeds van norme afgewyk het, uniek voorkom en as innovasies geklassifiseer word. Indien die nuwe vorm versprei (deur 'n proses van seleksie), is taal besig om te verander. Gemeenskapslede kan dan eienskappe uit hierdie kenmerkpoel (Mufwene, 2007:117) kies en dit deel maak van hul linguistiese repertoire. As die nuwe linguistiese variant die bestaande taalvorm vervang het (en dus gekonvensionaliseer is binne 'n spesifieke groep), het taalverandering plaasgevind. Linguistiese konvensies kan dan gevorm word binne 'n bepaalde gemeenskap as gevolg van die interaksies wat binne daardie gemeenskap plaasvind, omrede lede hul identiteit modelleer volgens ander lede van die gemeenskap en 'n spesifieke persona (en daarmee saam taalgebruik) wil projekteer. In die lig van Holmes se siening oor taalverandering

gaan taalvariasie, en die relevante begrippe daaroor, taalverandering en die prosesse wat taalverandering meebring, vervolgens bespreek word.

2.4.1 Variant, variëteit en repertoire

Dit is nodig om die begrippe *variant*, *variëteit* en *repertoire* eers toe te lig om duidelikheid te gee oor die verskillende sienings daaroor. Hudson (1980:22) beskryf taalvariëteit as die stel linguistiese items in 'n taal wat 'n soortgelyke sosiale verspreiding het. Hy reken (1980:23) dat die term *variëteit* op meer as een wyse geïnterpreteer kan word – dit kan na 'n taal, dialek of selfs 'n enkele linguistiese item verwys. Taalvariëteite kan egter ook oorvleuel, en een variëteit kan 'n ander insluit tydens gebruik (Hudson, 1980:24). Dit word duidelik in die gebruik van Zefrikaans, waar die deelnemers soms sterk voel oor die gebruik van korrekte grammatika en spelling (*Standaardafrikaans*), maar ook kodes wissel en taboewoorde gebruik (eienskappe van *Zefrikaans*).

Fischer (1958:47-53) onderskei tussen *vrye variasie* en *sosiaal gekondisioneerde variasie*. *Vrye variasie* verwys na twee linguistiese vorme van dieselfde linguistiese item in 'n bepaalde spraakgemeenskap. Dit dui ook op die variasies in spraak van individue, aldus in verskeie situasies, maar gee geen aanduiding van die variante se oorsprong nie. *Sosiaal gekondisioneerde variasie* is simbolies van deelnemers se sosiale status, asook hulle relatiewe status en oriëntasies tot mekaar. Nuwe variante word gedurig gevorm, en vervang sodoende linguistiese items in 'n taal (Fischer, 1958:56). Fischer het egter nie stilistiese variasie ook in ag geneem nie (Labov, 1972 [1984]:237), terwyl Labov (1972 [1984]:237) beide sosiale verspreiding van 'n linguistiese variant en stilistiese differensiasie in ag neem.

Die linguistiese variante wat lei tot linguistiese verandering kan geklassifiseer word volgens die sosiale waarde wat daaraan toegeken word. Linguistiese eienskappe wat in 'n sosiale matriks ingebed is en sosiale verskille in terme van ouderdom en sosiale status aandui, maar nie vaste stylverskuiwingspatrone toon nie, noem Labov (1972 [1984]:314) *aanwysers*. Soos wat 'n linguistiese eienskap oor tyd (3-4 dekades) ontwikkel, word dit later 'n algemene gebruiksitem vir die bepaalde groep sprekers. Namate die linguistiese eienskap 'n groter reikwydte bereik, word meer sosiale waarde daaraan geheg en word dit eventueel as 'n *merker* van daardie bepaalde spraakgemeenskap beskou (Labov, 1972 [1984]:320). 'n *Merker* word gesien as 'n hoogs ontwikkelde sosiolinguistiese variant

wat sosiale verspreiding toon, sowel as stilistiese differensiasie. Hierdie *merker* kan naderhand as 'n *stereotype* beskou word. Die *stereotype* kan òf versprei, in die hoofstroom opgeneem word en in die dominante dialek geïnkorporeer word, òf die bepaalde linguistiese item se prestige kan afneem, gestigmatiseer word en selfs heeltemal uitsterf (Labov, 1972 [1984]:320).

'n Linguistiese variant of veranderlike kan gesien word as 'n taalkonstruk wat gebruik word om dieselfde konsep of betekenis weer te gee van die oorspronklike konsep, net op 'n ander wyse (Wardhaugh & Muller, 2015:6). 'n Linguistiese veranderlike beskik dus oor identifiseerbare variante, i.e. die verskillende vorme wat gebruik kan word (Wardhaugh & Muller, 2015:149). Die gebruik van verskillende variante (sien voorbeelde 2.6-2.11) lei dan tot variasie binne die gemeenskap waar dit gebruik word.

[2.6] *Hoe eet mens tuna? Met 'n lepeltjie of 'n vurkie? Volgens Zef Sketse is dit fokken **commen** om tuna te vreet in elk geval. (WKJ? 2006 Hoofteks)*

[2.7] *Hierdie **kommin** doos het Dinsdag 8 Desember 2009 vas geglo dat die hele parkeergarage voor Cape Gate se Virgin Active net vir hom gebou is. Hy ry 'n Subaru met 'n groter vlerk as die Boeing's wat oor my huis vlieg. (WKJ? 2009 Hoofteks)*

[2.8] *Kyk die klomp **commin** gemors. Self geneem in Bloem by 'n party die een aand so maand gelede toe sien ek die dudes en neem toe nou ma 'n kiekie van hul. Ek haat die tow-in sharks. (WKJ? 2010 Hoofteks)*

[2.9] *(Somerset is nou nie die hip and happening plek vir kuier nie, behalwe as mens saam met dieselfde **common** naai's wil kuier elke aand) en om Van Coke en Jack te check sal moes foknmain wees. (WKJ? 2010 Kommentaar)*

[2.10] *Ek het die Merc gespot buite Tempos in Kayasands, Tempo's was die Wild Waters van die WEST gewees back in the day, maar toe was daar nie Vernon Koekemoere gewees net, net fokken **common** etters! (WKJ 2013 Hoofteks)*

[2.11] *Die owner van die kar het my gevang foto's neem en getune ek moet hom R50 per foto betaal...! Hy moet my liewer betaal om foto's van daardie **kommen** kar te neem! (WKJ? 2012 Hoofteks)*

Variasie word beskryf as die verskillende wyses waarop mense van diverse streke en sosiale groepe taal gebruik, maar dit kan ook op die verskille in een individu se spraak dui. Holmes (2001:240) noem die variasie in individue se spraak 'stilistiese variasie'. Dit dui op variasie in taalgebruik tussen verskillende sosiale groepe. Webb (1989:430) reken dat daar teoreties gesproke net soveel style in 'n taal is om van te kies as wat daar situasietipes is. Register dui op die tipe Afrikaans wat gebruik word wanneer bepaalde aktiwiteite verrig word. Variasie in styl en register kom voor as individue mense in ander sosiale groepe se taal probeer naboots. Tydens styl- of registeraanpassings word die linguistiese eienskappe en taalgebruikstyl van die teikengroep aangeneem. Dit is in lyn met wat Wardhaugh en Muller (2015:73-74) sê oor variasie. Variasie in taal vind plaas as gevolg van mense se behoefte om as óf deel van 'n groep beskou te word, óf juis om anders as lid van 'n groep gesien te word. Hierdie sosiale identiteite wat voorgehou word lei tot linguistiese variasie in die individu se spraak.

Volgens Wardhaugh en Muller (2015:27) word die begrip *variëteit* as sambreelterm gebruik om na die verskeie gebruike van taal te verwys: die standaardvorm van 'n taal, maar ook die streeksvariëteite. Die term kan egter ook toegepas word op grond van die funksie wat daardie spesifieke taalvorm moet verrig binne 'n bepaalde situasie, sowel as die sosiale rol van die bepaalde taalvariëteit (i.e. verskillende style). Holmes (2001:7) voer aan dat daar in elke gemeenskap 'n verskeidenheid van taalvariëteite voorkom waaruit deelnemers 'n keuse kan maak oor watter variëteit om te gebruik, afhangende van die sosiale konteks waarbinne kommunikasie plaasvind.

Holmes (2001:25) argumenteer dat mense 'n sekere variëteit of kode kan gebruik, afhangende van die onderwerp onder bespreking, alhoewel die omgewing waarbinne die gesprek plaasvind nie noodwendig 'n rol speel nie. Sy reken in hierdie verband dat mense die taalgebruik van die werksomgewing sal simuleer as daar oor werksaangeleenthede gepraat word, al vind die gesprek binne die gesinsdomein plaas. Hierdie proses word 'lekkasie' genoem, die kode of variëteit van een domein 'lek' in 'n ander domein in, en lei gevolglik ook tot variasie.

Die voorafgaande bespreking impliseer dat elke kode of variëteit van 'n taal in 'n mens se totale taalkennis (dus die verskillende registers en style) as afsonderlike taalenteite

gesien kan word, en dat mense basies in karakter moet klim vir elke sosiale situasie om die gepaste variëteit vir daardie situasie te kan gebruik.

Blommaert en Backus (2012) verskil egter van hierdie tradisioneel sosiolinguistiese beskouing. Hulle voer aan (2012:3) dat al die wyses waarop 'n individu kommunikeer, al die registers en style vir verskillende kommunikatiewe doeleindes, deel vorm van 'n individu se linguistiese repertoire. Die term *repertoire* dui op die bevoegdheid van die spreker om in talle situasies korrek te kan optree, en daarmee saam die korrekte taal te gebruik wat die situasie vereis. Die aanleer van spesifieke registers (Blommaert & Backus, 2012:10) word nie slegs deur formele onderrig aangeleer nie, maar word ook verkry vanaf verskeie gemeenskappe en sosiale groepe en hulle spesifieke diskoerspatrone, waarmee 'n individu in kontak kom gedurende sy/haar leeftyd.

Blommaert en Backus (2012:11) sien mense se linguistiese vaardighede as veranderlik. Sekere aspekte van 'n taal, of selfs verskillende tale, kan op 'n spesifieke wyse aangeleer en geïmplementeer word, bepaalde funksies verrig, en deel vorm van daardie individu se taalrepertoire.

Spesifieke stadiums in 'n mens se lewe kan ook gekenmerk word deur spesifieke tipes taalgebruik wat aangeleer word, wat mense kan tipeer en identifiseer as lede van bepaalde ouderdomsgroepe, bepaalde okkupasies en so meer (Blommaert & Backus, 2012:12). Gevolglik (2012:26) dra elke taal en taalvorm wat aangeleer is meer as net linguistiese vaardighede by tot die individu se repertoire. Dit het ook die potensiaal om by te dra tot die uitvoer van sekere sosiale rolle, die implementering van sekere sosiale identiteite, sowel as om 'n sekere persona te skep wat aan ander voorgehou kan word.

Dit is egter nie die doel van hierdie studie om die verskillende sienswyses oor taalvariasie op te los of te vereenvoudig nie, maar slegs kortliks 'n agtergrond te skets oor die verskillende benaderings. Daarmee word daar ook glad nie geïmpliseer dat al die benaderings van alle navorsers en navorsing daaroor ingesluit en krities geëvalueer is nie. In hierdie studie sal Blommaert en Bachus (2012) se uitgangspunt oor linguistiese repertoire aangeneem word, en sal Zefrikaans as 'n variëteit van Afrikaans beskou word, alhoewel die aanname gemaak word dat hierdie variëteit nie as 'n aparte aspek van die deelnemers se linguistiese repertoire beskou kan word nie, maar as geïntegreerde deel

van 'n totale repertoire funksioneer, wat ook potensieël verder as “Afrikaans” strek. Zefrikaans as variëteit van Afrikaans gaan in die volgende afdeling ondersoek word.

2.4.2 Zefrikaans as taalvariëteit

Soos uit die voorafgaande bespreking duidelik is, bestaan daar verskillende variëteite of kodes van 'n taal, wat vir verskillende kontekste geskik vir gebruik is. Dit is egter nie losstaande variëteite waarvan 'n individu bewustelike keuses moet maak in sekere situasies nie, maar vorm deel van 'n repertoire wat aan individue 'n platform verskaf vir die handhawing van gepaste gedrag en taalgebruik binne sekere situasies. Dit is dan ook die uitgangspunt wat hierdie studie sal navolg.

Carstens (2014:277) en Paolilo (2011:1) beskou taal as 'n heterogene verskynsel, omdat taalgebruik verskeidenheid vertoon tussen mense, verskillende sosiale groepe, en selfs ook binne een individu se spraak. Om te kan bepaal wanneer en hoe taal varieer, moet daar 'n maatstaf bestaan waarteen die variant gemeet kan word. Carstens (2014:279) omskryf die standaardvariëteit van 'n taal as die “model” waarvolgens taalgebruikers hulle taalgebruik kan “meet”. Taalafwykings kan gevolglik gesien word as nie-standaard vorme (variante) van 'n taal, maar dit maak nie die gebruik daarvan totaal onaanvaarbaar nie. Dit kan wel gepas wees in sekere situasies en kontekste. Elke variëteit beskik oor 'n bepaalde register, met ander woorde sekere taalgebruik pas net in sekere situasies en omgewings. Nie-standaard Afrikaans is gepas vir gebruik in sekere situasies (informele gesprekke, op die internet soms, ensovoorts), maar sal as onvanpas beskou word vir skoolonderrig of ander amptelike en institusionele gebruike (Carstens, 2014:278). In nie-standaard taalvariëteite kan daar verskillende variante van sekere woorde voorkom, aangesien hierdie taalvariëteite reeds as nie-standaard beskou word omdat dit van die standaardtaal afwyk, en nie die gewone spelreëls en skryfkonvensies navolg nie.

Croft (2000:3) voer aan dat *altered replication* veroorsaak dat daar verskillende variante van een lingueem bestaan. Een linguistiese veranderlike word gevarieër, met ander woorde 'n individu kan op verskillende wyses dieselfde betekenis in 'n uiting weergee. Hierdie variante kan gereproduseer word deur ander lede van 'n gemeenskap (deur middel van 'n proses van seleksie) en tot meer variante van dieselfde konsep lei (bv. *baie-baja-bja-baje-bje*). Indien een van hierdie variante die oorspronklike linguistiese veranderlike vervang (selfs net binne 'n spesifieke gemeenskap) is die linguistiese variant

toenemend binne daardie gemeenskap gekonvensionaliseer en het daar uiteindelik taalverandering (binne daardie bepaalde gemeenskap) plaasgevind. Indien die linguistiese variant nie deur gemeenskapslede aanvaar is vir gebruik nie, kan dit 'n punt bereik waar daardie variant glad nie meer gebruik word nie (uitsterwing).

Dit kan interessant wees om vanuit 'n taalkundige hoek kennis te neem van die wyse waarop digitale kommunikasie 'n invloed op hedendaagse taalgebruik uitoefen. Die internet het 'n nuwe platform verskaf waar bestaande registers in 'n individu se taalrepertoire aangepas en uitgebrei kan word om die nuwe tipes kommunikatiewe situasies te akkommodeer (Verhoef, 2001:4). Crystal (2005:2) voer ook aan dat die internet tot nuwe stilistiese variëteite in taal gelei het, en dit het bygedra tot die ekspressiwiteit van informele taaluitinge. Hy sê ook dat veral die internet veral verskeie reëls van formele, standaard Engels verbreek. Dit is ook waar vir Afrikaans (cf. Van Gass, 2006 en 2008; Brunette, 2005; Jansen van Vuuren, 2007).

Herring (2001:620-621) sien taalgebruik op die internet as hoogs veranderlik. Die omvang van die taalvariasie word bepaal deur beide situasionele faktore en die konteks waarbinne kommunikasie plaasvind. Die gespreksonderwerp en tipe aanlyn aktiwiteit (e-pos, kletskamers, blogs) kan ook linguistiese variasie meebring. Later van tyd voeg Herring (2007:10) tegnologiese faktore (rekenaar as medium) by as rede waarom daar variasie in taalgebruik voorkom.

Taal, op die internet ook, vertoon struktuur en stabiele taalpatrone, maar dit vertoon terselfertyd variasie op alle taalvlakke (Bybee 2010:1). Taaluitinge verskil van mekaar, omdat geen individu se linguistiese repertoire identies aan 'n ander individu se repertoire is nie, alhoewel dieselfde strukturele taalpatrone voorkom.

Olivier (2013:1) het in sy navorsing oor SMS-Afrikaans gevind dat die taalgebruik in sms'e nie homogeen is nie, en dat daar verskeie variante bestaan vir sekere taalvorme. Die gebruik van verskillende variante tydens interaksies lei egter nie tot 'n mislukking in kommunikasie nie.

Rekenaar-bemiddelde kommunikasie is eenvoudiger en meer afgekort as spontane, gesproke taal; veral kletskamergebruikers verkeer onder druk om boodskappe teen 'n gesprekstempo te tik. Rekenaar-bemiddelde kommunikasie is nie stilisties homogeen nie

en 'n groot hoeveelheid variasie kom voor in aanlyn kommunikasie en tussen aanlyn sprekers. Norme word egter wel gevorm en moet aangeleer word deur nuwe aanlyn taalgebruikers (Ko, 1996). Sy reken ook dat die moontlikheid bestaan dat aanlyn taalgebruikers oor 'n tydperk implisiete norme en aanlyn taalgebruike kan deel, soveel so dat 'n monolitiese aanlyn taalgebruikstyl eventueel kan voortkom (Ko, 1996).

Barton en Lee (2013:5) voer ook aan dat daar wel statiese en voorspelbare konvensies te vinde is in rekenaar-bemiddelde kommunikasie. *Netspeak* word nie in alle tipes rekenaar-bemiddelde kommunikasie gevind nie. Daar is egter variasie tussen die verskillende aanlyn platforms, asook tussen individuele gebruikers. Hulle sê verder (2013:6) dat daar gelyksoortighede sowel as verskille binne 'n enkele vorm van rekenaar-bemiddelde kommunikasie kan voorkom, omrede aanlyn taalgebruikers nie konsekwent dieselfde aanlyn taaleienskappe toepas op hulle kommunikasie nie, maar dat hulle taalgebruik verander na aanleiding van die situasie en die doel van die kommunikasie.

'n Taalvariëteit kom tot stand wanneer “'n aantal variante gesamentlik geassosieer word met 'n bepaalde groep mense, bepaalde situasies of met 'n bepaalde aktiwiteit”. Die taalgebruik beskik dan oor bepaalde kenmerke wat dit kan identifiseer as karaktereienend van daardie spesifieke groep of gemeenskap (Webb, 1989:416, cf Eckert, 1995:48).

Volgens Holmes (2001:8) bepaal sekere sosiale faktore die variëteit wat gebruik word:

- Die deelnemers (watkykertjies);
- Die sosiale konteks (die *WatKykJy?*-blog);
- Die sosiale raamwerk (skrywers en lesers se interaksies met mekaar op die blog);
- Die doel van die interaksie (vir lesers se vermaak).

Die eienskappe van deelnemers se linguistiese repertoire kan as eiesoortig beskou word. Die linguistiese eienskappe het sosiale betekenis wat gekoppel word aan 'n unieke sosiale persona, en dit kan eiesoortige variëteite van 'n taal tot gevolg hê (Squires, 2010:459). Webb (1989:432) sien die verskillende soorte Afrikaans as simbolies van die verskeie sosiokulturele identiteite en verskillende sosiale funksies wat uitgevoer kan word binne 'n spraakgemeenskap. Zefrikaans kan as simbolies van die post-apartheid, wit

Afrikaner gesien word, wat 'n neutrale politieke identiteit promoveer, en satire gebruik om nuuswaardige gebeure te bespreek.

'n Spreker se keuse van taalvorm word bepaal deur die gepastheidsvoorwaardes wat lede van die betrokke gemeenskap met die bepaalde variëteit assosieer. Die taalgebruik binne so 'n gemeenskap kan 'n speelse aard hê en die funksie wat daaraan gekoppel kan word, is om bande tussen lede van die groep te manifesteer, en gebondenheid aan mekaar te bevestig en te beaam (Webb, 1989:429).

In *WatKykJy?* is slang en die gebruik van vloekwoorde aanvaarbaar en daar is groeplojaliteit wat deur die taalgebruik bevestig word. Daar kom egter variante van dieselfde konsep in taalgebruik voor (byvoorbeeld *polisie* – *polieste* – *poelieste* – *poeslisie*). Die gebruik van slang woorde, 'n oordadige gebruik van vloekwoorde, “vuil” grappe, en satiriese kommentaar oor nuuswaardige gebeure word gekoppel aan 'n zef persona, en 'n variëteit van Afrikaans, naamlik Zefrikaans. Zefrikaans as 'n variëteit van Afrikaans word gekenmerk deur informele gesprekstaal, alhoewel dit stereotipies taalgedrag is wat van werkersklas mans verwag word. Die speelsheid en metaforiek word egter ingebed in Standaard-Afrikaans en deelnemers wat nie aan standaardtaalnorme voldoen nie, word deur gemeenskapslede reggehelp, alhoewel dit nie altyd op 'n vriendelike wyse gebeur nie (Fig 2-3 en Fig 2-4).



Figure 2-3: Deelnemer wat vriendelik tereggewys word (2010/01)




Figure 2-4: Deelnemer wat teregwyding nie goed hanteer nie (2014/02)

Taal varieer na gelang van die situasie of aktiwiteit waarbinne dit gebruik word. Indien spesifieke variante oor 'n tydperk geselekteer word vir gebruik, en selfs die oorspronklike gebruiksterm verdring en vervang, bestaan die moontlikheid dat taalverandering plaasgevind het. In die volgende afdeling gaan daar gekyk word na taalverandering en die prosesse wat na taalverandering lei.

2.4.3 Taalverandering

Baker (2010:5) argumenteer dat taalverandering gewoonlik voorafgegaan word deur taalvariasie. Dit sluit aan by wat Bloomfield (1983:326,328) sê oor variasie in individue se spraak, wat eventueel lei na taalverandering: "Every speaker is constantly adapting his speech habits to those of his interlocutors; he gives up forms he has been using, adopts new ones, and perhaps oftenest of all, changes the frequency of speech forms without entirely abandoning old ones or accepting any that are really new to him."

Sodra 'n individu binne 'n gemeenskap 'n spesifieke linguistiese variant begin gebruik, wat verskil van die oorspronklike linguistiese item (dus 'n innovasie van 'n bepaalde linguistiese item), veroorsaak dit linguistiese variasie binne daardie gemeenskap. Die disseminasie van so 'n linguistiese variant kan veroorsaak dat meer lede van die gemeenskap begin om daardie bepaalde variant te gebruik (deur middel van 'n proses van seleksie), wat dan eventueel tot taalverandering (aanvaarding deur die gemeenskap

en konvensionalisering) kan lei. 'n Belangrike punt om in gedagte te hou, is dat nie alle variasie noodwendig tot verandering lei nie. 'n Bepaalde groep sprekers kan 'n spesifieke taalvorm gebruik binne 'n sekere konteks, maar dit waarborg nie dat die taalvorm sal versprei na ander groepe sprekers of in ander kontekste sal gebruik word nie. Dit is moontlik dat die bepaalde taalvorm redelike stabiliteit sal vertoon binne die groep waar dit oorspronklik die eerste keer voorgekom het, en nie van daar af verder dissemineer nie.

Volgens Mufwene (2008:67) word taalverandering deur individue geïnisieer. Die verandering versprei slegs na die gemeenskaplike taalvlak sodra ander sprekers (nie noodwendig almal nie) van die gemeenskap die veranderings naboots. Sommige van die veranderings versprei vinnig, waar ander oor 'n langer tydperk verander, en die tempo van die veranderings word bepaal deur die gebruiksnut wat sprekers aan die taalvorme heg. Met ander woorde, as 'n taalvorm deur die gemeenskap beskou word as voldoende vir die moontlike nood wat daar kan bestaan, kan dit deur meer mense aanvaar word vir daaglikse gebruik en eventueel verandering meebring.

Donaldson (1991:133; cf. Bybee, 2010:1; Mufwene, 2008:15) argumenteer dat linguistiese verandering 'n geleidelike proses is en dat taal nie oornag verander nie. Hy sê ook dat linguistiese verandering heel eerste in gesproke taal sal manifesteer, daarna sal geskrewe taalnorme toegepas word om hierdie verandering te probeer keer, maar dat dit meestal sal misluk (Donaldson, 1991:135). Die gebruik en aanvaarding van hierdie linguistiese veranderlikes sal meer en meer sigbaar raak met tyd, en uiteindelik sal dit die geskrewe taal wees wat tot die gesproke taal konformeer. Linguistiese verandering is egter 'n proses wat oor 'n baie lang tydperk plaasvind, en geskrewe taal konformeer nie altyd tot die gesproke taal nie, veral nie as die taalgebruik as nie-standaard beskou word nie.

In verband met taalverandering sê Croft (2000:38) dat wanneer sprekers met mekaar kommunikeer, uitinge verwissel word. In so 'n verwisseling van uitinge kan linguistiese kenmerke van die omgewing (die gemeenskap, die sosiale netwerk, die deelnemers, ens.) net so gerepliseer word (identiese replikasie) of dit kan gerepliseer word met veranderings (*altered replication*). Identiese replikasie beteken dat lede van 'n spraakgemeenskap die taalverskynsels net so oorneem by ander lede en dan

bestaansreg vir daardie taalverskynsels verseker. Dit beteken ook dat lede konformeer tot die konvensies van die spraakgemeenskap. Alhoewel die taalgebruik van 'n enkele individu nooit presies dieselfde in verskillende uitinge is nie (Bloomfield, 1983:259), en elke spreker oor sy/haar eie unieke linguistiese repertoire beskik (Bloomfield, 1983:260), is elke uiting die gekombineerde resultaat van ander mense se uitinge wat 'n individu gehoor en aangeleer het van geboorte af tot die hede. Die gevolg is dat taalgebruik in hegte groepe 'n mate van eenvormigheid sal toon.

Digital networked writing (Androutsopoulos, 2011:1) het daartoe gelei dat aanlyn deelnemers gedurig na vinniger en makliker wyses soek om op die internet te kan kommunikeer, wat dan ook variasie binne 'n taal kan veroorsaak.

Crystal (2005:2, cf. Crystal, 2011:58) het egter in sy navorsing ontdek dat, alhoewel taalverandering op die internet primêr in die leksikon van 'n taal manifesteer, die hoeveelheid nuwe woorde nie vreeslik groot is nie. Dit sluit aan by Sornig (1981:23) se siening dat innovasie meestal op leksikale vlak plaasvind. Die woordeskat van 'n taal is meer vatbaar vir eienaardighede, aangesien dit is waar sprekers se vryheid van taalgebruik lê. Daar is maar 'n paar honderd nuwe woorde en idiome wat hul weg vind na die geskrewe taal, maar as dit vergelyk word met die duisende nuwe woorde wat jaarliks van oraloor in geskrewe Engels opgeneem word, is die impak maar minimaal. Crystal sê verder (2011:75) dat die internet wel nuwe linguistiese vorme in taal voortbring, maar dat slegs 'n klein gedeelte van taal as geheel daardeur geaffekteer is.

Sayers (2014) het 'n *mediated innovation model* ontwerp om 'n teoretiese raamwerk daar te stel om die invloed van die media op taal (veral die invloed van televisie) in berekening te bring. Die voorgestelde model het egter kritiek ontvang in terme van die moontlikhede wat dit bied rakende die ondersoek na die invloed van media op taal (Androutsopoulos, 2014; Coupland, 2014; Trudgill, 2014). Sociolinguistiese navorsing erken mediataal as 'n potensiële faktor in taalverandering, maar ondersoek nie mediataal nie. Die fokus is meer gerig op die invloed wat mediataal op gesproke taal in 'n bepaalde spraakgemeenskap het, as op mediataal self (Androutsopoulos, 2014:242). Sayers se model neem egter nie die ontwerpers van die teks, of die sprekers wat verteenwoordig word, in ag nie (Androutsopoulos, 2014:244). Androutsopoulos (2014:243, 247) reken dat media en die invloed van media as begrippe te eng is om institusionele- en tegnologiese invloede ook

in te reken in taalverandering. Hy waarsku navorsers om nie veralgemenings te maak oor die moontlike invloed wat die media op taal uitoefen nie.

In dieselfde trant voer Trudgill (2014:216-217) aan dat nuwe woorde en frases gedurig deur in 'n individu se taalrepertoire opgeneem word, as gevolg van blootstelling aan verskillende mense en taalgebruiksituasies. Sedert die ontstaan van taal het leksikale verandering plaasgevind en versprei. Geskrewe- en elektroniese media maak 'n fraksie van 'n deel uit van die geskiedenis van taal, en is daarom nie noodsaaklik om linguistiese uitdagings te ondersoek en op te los nie.

In Afrikaans het daar, met die ontstaan van die internet, verskeie nuwe taalterme en rekenaarjargon te voorskyn gekom om dinuwe tegnologie te beskryf. Die tegnologiese jargon is al ingebed in die Afrikaanse taal (soos byvoorbeeld die terme 'rekenaar', 'internet', 'e-pos' en so meer). Dit is moontlik dat Crystal (2011) se bevindings rakende taalverandering vir Afrikaans ook kan geld; dat die internet meegebring het dat daar nuwe woorde, idiome en unieke taalverskynsels ontstaan het, maar dat dit net 'n fraksie uitmaak van die totale Afrikaanse leksikon.

Die IT-bylaag tot *Beeld* en *Die Burger* (12-09-2000, in Verhoef, 2001:3) het gevra dat 'n ondersoek geloods moet word na die taalveranderingspatrone in aanlyn kommunikasie omdat internettaalgebruik meebring dat ons taal "voor ons oë verander". Die stelling word egter as 'n naïewe veralgemening uitgewys deur verskeie navorsers (Verhoef, 2001:1, 17; Baron, 2008; Paolilo, 2007) wat argumenteer dat sistematiese taalveranderingspatrone lankal reeds begin manifesteer het en in verskeie tekste voorgekom het. Die internet het nie veroorsaak dat 'n nuwe taal geskep word nie, maar dat daar op reeds bestaande taalaspekte voortgebou word. Shortis (2007:24) het in sy navorsingsartikel 'n voorbeeld van 'n 1913 liedjie (geneem uit CHIN-WAG, die Eton College East End Boys Project se tydskrif) waarin vokaalreduksie, fonetiese representasies en syfervervangings voorkom. As mens die voorbeeld vergelyk met vandag se internettaalgebruik, kan die afleiding gemaak word dat die taal wat ons hedendaags op die internet sien nie, 'n splinternuwe verskynsel is, of selfs oorspronklik en uniek is nie. Hierdie tipe taalverskynsels het al 'n eeu terug in gedrukte vorm verskyn.

Page *et al.* (2014:28) verskaf 'n meer gevorderde begrip vir die rol wat taal speel: taal is 'n platform wat aan individue die geleentheid bied om interaktief met ander individue te

verkeer, dit is 'n konteksgebonde sisteem. Taal verkry betekenis slegs binne en deur konteks, en byna alle gebruike van taal hou verband met hoe taal in die verlede gebruik is en hoe taal in die toekoms gebruik sal word.

Saal (2015:5) sluit hierby aan en sê dat 'n nuwe taalsisteem wel gebruik word, maar dat dit voortbou op reeds bestaande linguistiese eienskappe. Deumert en Lexander (2013:531), asook Androutsopoulos (2000), het gevind dat verskeie van die spelvariasies wat in teksboodskappe voorkom nie nuut is nie, maar dat dit reeds bestaande praktyke (in advertensies, fanzines en graffiti) bloot reflekteer en daarop uitbrei. Deumert en Lexander (2013:531-532) voer aan dat teksboodskapskrywers nuwe taalverskynsels skep (soos lettervervanging of vokaalweglating) maar dat hulle ag slaan op die algemene beginsels van reeds bestaande praktyke. Engels veral kan “anyhow” geskryf word, nuwe spellings en afkortings kan versin word na willekeur, solank taalgebruikers bestaande grammatikale reëls navolg.

Deumert (2014:3-4) beskou ook nie die hedendaagse sosiolinguistiese aanlyn praktyke as 'n nuwe verskynsel nie, daar is nie nuwe tipes taal wat nie met reeds bestaande teorieë beskryf kan word nie, alhoewel hierdie bestaande teorieë dalk aangepas moet word om aanlyn taal beter te kan beskryf. Wat egter wel verander het, is die hoeveelheid kere wat die tipe aanlyn gedrag voorkom, die moontlikheid van 'n globale reikwydte en die spoed waarteen aanlyn praktyke verander. Digitale media verskaf aan ons, net soos die telefoon en die telegraaf, met nuwe wyses waarop daar interaktief verkeer kan word, en die interaksies is nie gebonde aan tyd of plek nie. Dit lei tot die ontstaan van nuwe sosiale praktyke wat aanlyn beoefen word.

Milroy en Milroy (1985:348) reken dat aangesien die grense van 'n spraakgemeenskap nie duidelik beperk of gespesifiseer is nie, navorsers nie met sekerheid kan weet of 'n verandering werklik oorspronklik is aan die gemeenskap wat ondersoek word nie. Die klaarblyklike innovasie mag dalk reeds goed gevestig wees in 'n ander gemeenskap, wat weer op hulle beurt die innovasie elders geërf het. Die navorser kan dus nie vooraf weet op watter punt in die siklus van taalverandering daar begin is om die gemeenskap te ondersoek nie. Hulle voer ook aan dat die hegtheid van die sosiale netwerkstruktuur 'n rol speel in linguistiese verandering. Daar word 'n onderskeid getref tussen 'n 'swak' en 'gebonde' netwerkstruktuur. 'n Hegte netwerk, of spraakgemeenskap, kan eksterne

verandering teenstaan, terwyl 'n gemeenskap waar sprekerverhoudings nie 'n sterk gebondenheid toon nie, meer vatbaar is vir eksterne verandering (Milroy & Milroy, 1985:362). Volgens Milroy en Milroy (1985:362) lê die meeste linguistiese innovasies se oorsprong in eksterne verandering. Dit impliseer dat daar nie veel taalverandering binne 'n spesifieke, hegte gemeenskap sal plaasvind nie, omrede deelnemers die verandering sal probeer teenstaan en konvensies sal vorm binne daardie gemeenskap.

In die lig van die voorafgaande bespreking kan die afleiding gemaak word dat om internettaal as totaal uniek te beskou, 'n gruwelike oorvereenvoudiging is om digitale taalgebruik te beskryf. Dit wil voorkom asof die meeste taalgebruik op die internet wel standaardtaalgebruik is, alhoewel deelnemers innoverend te werk kan gaan met bestaande taalvorme. Wanneer innovasies dan gereeld deur deelnemers gekies word vir gebruik, kan konvensionalisering in 'n bepaalde gemeenskap plaasvind. Vervolgens gaan innovasie en seleksie (Croft, 2000) as die prosesse wat lei tot taalverandering, bespreek word.

2.4.3.1 Innovasie

Innovasie dui op die kreatiewe en unieke taalgebruik van aanlyn deelnemers, en seleksie dui op die proses waar een linguistiese variant bo 'n ander verkies word. Sodra een linguistiese variant op 'n gereelde basis verkies word bo 'n ander, bestaan die moontlikheid dat die variant gekonvensionaliseer word binne 'n spesifieke groep sprekers of binne 'n spesifieke spraakgemeenskap. Konvensionalisering gaan ook onder die soeklig kom, as die laaste proses van taalverandering.

Innovasies kan gesien word as die skep van nuwe taalvorme (neologismes), en die vermoë van taalsprekers om kreatief met bestaande taalvorme om te gaan. 'n Innovasie kan dus beskryf word as 'n taalvorm wat vir die eerste keer voorkom in die taalgebruik binne 'n spesifieke spraakgemeenskap. In die evolusie van taal is daar nuwe taalpatrone wat voortkom uit die innovasies van sprekers wat afwyk van daargestelde norme. Taalverandering word voortgebring deur die herhaling van innovasies; of deur individuele sprekers of deur groepsinnovasies gedurende kommunikasie (Mufwene, 2008:60).

Taalinnovasies word nie geskep met die doel om die fonologiese en grammatikale sisteem van 'n taal te verander nie, maar met die oogmerk om sekere sosiale doelwitte

te bereik, soos om as lid van 'n spesifieke groep geag te word deur middel van taalgebruik, of om effektief te kommunikeer, byvoorbeeld 'n nuwe soort betekenis uit te druk. Soms word linguistiese innovasies gebruik en word reëls oortree juis om daardie doelwitte te bereik (Croft, 2000:59). Voorbeelde van innovasies wat op die WKJ?-blog voorkom is *slymkonyn*, *sneeudier*, *Snu-Snu*, *plathond*, *manbotter*, *kapaterwater*, *kopkou*, *handsaag*, *gleufdier*, *buffelsnoet*, *attie klap* ensovoorts.

Volgens Mufwene (2008:181) veroorsaak die kommunikatiewe handeling van individue innovasies wat lei tot taalverandering en dit lei tot die evolusie van taal op gemeenskaplike vlak. Innovasies deur aanlyn deelnemers beïnvloed die taalgebruik van al die deelnemers van die spraakgemeenskap. Dit is egter relatiewe klein taalveranderings wat eventueel deur groepeerseleksie saamgroepeer en konvensies van 'n gemeenskaplike taal tot stand bring.

Milroy en Milroy (1985:345) voer aan dat dit nie tale is wat innoveer nie, maar sprekers wat innoverend met taal omgaan. Dit is ook moontlik dat sprekerinnovasies gelokaliseer word in 'n bepaalde gemeenskap, en nie verder versprei na die breë spraakgemeenskap nie.

Vir internettaalgebruikers om in staat te wees om gesproke taal en omgangstaal na te boots, en boodskappe so kort as moontlik te hou, moet hulle spelling anders benut as wat die normale, normatiewe, ortografiese voorskrifte voorskryf. Dit kan dan lei tot innovasies in die ortografiese dimensie van die taalgebruik op die internet.

Herring (2001:616) beskou rekenaar-bemiddelde kommunikasie as minder korrek, minder kompleks en minder koherent as standaard, geskrewe taal. Alhoewel rekenaartaal dikwels meer nie-standaard eienskappe toon as geskrewe taal, is die meerderheid van die nie-standaard eienskappe doelbewuste keuses wat deur deelnemers gemaak word om taal ekonomies te gebruik, gesproke taaleienskappe na te boots of om bloot kreatief met taal om te gaan. Internetgebruikers pas die rekenaarmedium aan om aan hulle ekspressiewe kommunikatiewe behoeftes te voldoen.

Deumert (2014:101) bevind ook, in aansluiting met Herring (2001) se beskouing, dat deelnemers standaardtaalnorme verontagsaam in aanlyn interaksies, maar dat hulle kreatief is wanneer informele, digitale tekste geskep word. Deelnemers vertoon

komplekse linguistiese vaardighede, eerder as wat hulle nie-standaard taalgebruik die gevolg is van 'n tekort aan aandag na detail.

Farina en Lyddy (2011:146, cf. Tagliamonte en Denis, 2008) het met navorsing oor SMS-taal gevind dat die taalgebruik hoofsaaklik standaard is, en dat nie-standaard vorme van taalgebruik 'n kreatiewe kommunikatiewe doel het.

Verskillende semiotiese representasies word gebruik om betekenis oor te dra in aanlyn interaksies. Beelde en ander visuele representasies word gekombineer met aanlyn, geskrewe taal. Dit vorm nuwe verhoudings tussen beeld en taal; beeld vervang nie taal in aanlyn interaksies nie, maar die multimodaliteit van die twee mediums lei tot innoverende gebruike en nuwe moontlikhede vir taalgebruik (Barton & Lee, 2013:18). Aanlyn deelnemers is ook meer speels en kreatief met taal op die internet. Hierdie kreatiwiteit lei daartoe dat die internet 'n vrugbare omgewing is vir taalverandering (Barton & Lee, 2013:19).

Barton en Lee (2013) voer ook aan dat geskrewe omgangstaal nie noodwendig eie is aan 'n spesifieke taal nie, veral nie in die globale konteks van die internet nie. Hulle het in hulle navorsing gevind dat studente hoogs kreatief is wanneer hulle digitale tekste skep, en dat hibriede linguistiese praktyke soos kodewisseling 'n baie belangrike rol speel in die studente se alledaagse aanlyn kommunikasie. Kodewisseling as kreatiewe hulpmiddel kan 'n aanduiding wees van 'n individu se gebruik uit meerdere dele van sy/haar repertoire (*like – laaik*). Barton en Lee (2013) sê ook verder dat geskrewe omgangstaal net in 'n plaaslike gemeenskap gesirkuleer word en dat dit relatief ongereguleerd is in vergelyking met formele skrywes. Omdat aanlyn taalgebruik onder die beheer val van aanlyn deelnemers, kan dit 'n baie belangrike bron van kreatiwiteit en oorspronklikheid wees wat vervolgens lei tot nuwe taalpraktyke. In aansluiting hiermee sê Sornig (1981:60) dat dit gewoonlik die deelnemers in kommunikatiewe interaksies is wat besluit wat as aanvaarbaar vir die situasie beskou kan word.

Volgens Herring (2012:7, cf. Thurlow, 2006) is daar strukturele afwykings in rekenaar-bemiddelde kommunikasie. Taalgebruikers gebruik hoofsaaklik standaardtaal-grammatika om aanlyn te kommunikeer en innovasies word in die standaard grammatika ingebou. Crystal (2011:69) sluit hierby aan en reken dat die eiesoortigheid van internettaal hoofsaaklik in die grafologie en woordeskat gevind word van 'n taal, daardie

taalvlakke waar dit relatief maklik is om te innoveer en af te wyk. Grammatikale verandering is egter nie so sigbaar nie, en wanneer dit wel voorkom is dit geneig om beperk te wees tot 'n sekere situasie of 'n sekere groep taalgebruikers. Volgens Sornig (1981:24) vind innovasies nie uitsluitlik op leksikale vlak plaas nie, innovasie kan ook op semantiese, fonologiese (assimilasie en verkorting), sintaktiese (minder komplekse woorde) en morfologiese vlakke voorkom, alhoewel 'n taal se leksikon meer vatbaar is vir innoverende taalgedrag. Sornig (1981:23) reken ook dat sprekers die semantiese struktuur van leksikale uitdrukkings kan aanpas, maar dat verbale kontak met ander sprekers (of aanlyn geskrewe kontak), die sosiale konteks en die omringende teks as verklarende meganismes kan optree sodat hoorders (of lesers) die betekenis van daardie (nuwe) uitdrukkings kan aflei.

Sommige aspekte van aanlyn taalgebruik is visueel georiënteerd, en moet gesien (of gelees) om waardeur te word (Androutsopoulos, 2015:5). Om gesproke taal visueel voor te stel in internettaalgebruik, gaan deelnemers innoverend en kreatief te werk met taal. Spelvorme in verskillende aanlyn interaksies word nie beperk tot 'n verteenwoordiging van gesproke taaleienskappe nie, maar sluit ook die manipulasie van ortografiese vorme in, sonder dat daar enige variasie in die uitspraak van die uiting plaasvind.

Samestellings en afleidings is van die metodes wat gebruik word in die *WKJ?*-blog om aan woorde en uitdrukkings 'n nuwe betekenis te gee, en soms 'n eufemistiese effek weer te gee. Hierdie samesnoering van woorde, wat geensins die oorspronklike betekenis se weergee nie, se betekenis kan uit die konteks afgelei word.

Milroy en Milroy (1985:347) voer aan dat sprekerinnovasies geklassifiseer kan word in terme van die sukses wat innovasies behaal met disseminasie:

- 'n innovasie kan heeltemal misluk en nooit verder versprei as die oorspronklike spreker nie;
- 'n innovasie kan binne 'n spesifieke gemeenskap versprei, maar gelokaliseerd bly binne daardie gemeenskap en nie verder as dit versprei nie;
- 'n innovasie kan binne 'n spesifieke gemeenskap versprei en van daar af verder dissemineer na ander gemeenskappe. Dit lei dan tot linguistiese verandering (cf. Holmes, 2001:194).

Waar innovasie die ontstaan van taalverandering aantoon, verwys seleksie na die verspreiding van daardie taalverandering deur die gemeenskap. Sodra innoverende taalgebruik in die spraakgemeenskap voorgestel word, en dit deur ander lede van die spraakgemeenskap aanvaar en nageboots word, kan daar van seleksie gepraat word. Seleksie is die tweede proses van taalverandering en dit word in die volgende afdeling bespreek.

2.4.3.2 Seleksie

Volgens Croft (2000:4-5) is twee komponente essensieel vir die taalveranderingsproses. Die skep van nuwe taalvorme word innovasies genoem, en die proses waar sekere taalvorme behou of verloor word, is seleksie. Sonder dié twee komponente sal taalverandering nie plaasvind nie. Hy voer verder aan (2000:38) dat funksionele faktore (soos fonetiese en konseptuele faktore) verantwoordelik is vir die skep van innovasies en kreatiewe taalgebruik tussen individue. Sosiale faktore, soos die deelnemers binne 'n spraakgemeenskap en die sosiale aanvaarbaarheid van sekere taalvorme binne daardie gemeenskap, beïnvloed die seleksie van sekere taalvorme.

Bloomfield (1983:197) reken dat geen verandering in 'n taal sal plaasvind, tensy daar 'n ontvanklikheid is daarvoor in 'n groot hoeveelheid sprekers nie. Die sosiale faktore wat egter tot taalverandering kan lei is as deelnemers in 'n spraakgemeenskap doelbewus 'n geadmireerde persoon se taalgebruik naboots, sekere taalvorme as 'n mode beskou, of 'n begeerte het om aan 'n sekere sosiale klas te behoort en dan daardie taalgebruik namaak. Zefrikaans word gekenmerk deur vulgêre taalgebruik en slang, so mense wat met die zef kultuur wil identifiseer en bydraes wil lewer op die blog, moet daardie taalgebruik namaak, of die risiko loop om as buitestaanders geëien te word.

Die tweede komponent van taalverandering, na aanleiding van Croft (2000), is seleksie. Waar Croft (2000) die terme *innovasie* en *seleksie* gebruik om die komponente van taalverandering te verduidelik, gebruik Mufwene (2008:20-21) die terme *kompetisie* en *seleksie* om na dieselfde komponente te verwys. *Kompetisie* verwys na die staat van ongelykheid tussen variante in 'n kenmerkpoel, met interne en eksterne faktore wat 'n rol speel in die dominansie van een variant bo 'n ander. *Seleksie* van een taalvariant bo 'n ander hang egter grootliks af van die sosio-ekonomiese status van daardie variant, of die gebruik van die spesifieke taalvariant sal lei tot aanvaarding van die deelnemer tot die

sosio-ekonomiese groep waarvan hy/sy graag deel wil wees, asook die tipe persoonlikheid van die deelnemer (persoonlikheid bepaal gedeeltelik die groep waarmee die deelnemer wil assosieer as hy/sy 'n keuse oor groeplidmaatskap kan uitoefen).

Volgens Croft (2000:32) vind seleksie plaas wanneer taalgebruikers geleidelik een taalvorm of variant ophou gebruik en ten gunste is van 'n ander variant wat dieselfde betekenis weergee. Dit is 'n sosiale proses: taalgebruikers verkies sekere variante bo ander in taaluitinge, gegrond op hulle sosiale waardes en die sosiale verhoudings wat hulle met mekaar het.

Mufwene (2008:184) sien kompetisie as die mededinging van sekere taaleienskappe binne 'n variëteit van 'n taal. Seleksie is die integrasie van daardie kompeterende keuses in 'n taal en die unieke eienskappe wat gebruik wanneer daar met ander gekommunikeer word. Mufwene sê ook (2008:66) dat een van die interessantste aspekte van taalevolusie is die hoeveelheid innovasies en afwykings wat nie na die wyer taalgemeenskap versprei nie. Suksesvolle innovasies, wat nageboots word deur ander sprekers, is relatief min in vergelyking met die hoeveelheid innovasies wat daagliks geskep word en feitlik onmiddelik uitsterf, of net 'n kort leeftyd het in 'n sekere netwerk of gemeenskap.

Croft (2000:178) reken dat die voortbestaan van 'n linguistiese variant afhang van die seleksieproses. Deelnemers in die taalsituasie bepaal watter linguistiese variante bo ander variante gekies word. Taalgebruikers maak nie hierdie keuses op grond van die linguistiese eienskappe van die variant nie, maar omdat hy/sy deel vorm van 'n spraakgemeenskap en die variante in die taaluiting hom/haar identifiseer as 'n lid van die spraakgemeenskap.

Die seleksie van 'n nuwe linguistiese variant word essensieël gesien as die aanvaarding van 'n nuwe linguistiese norm deur die spesifieke spraakgemeenskap wat daardie variant gebruik. Die seleksieproses is 'n tydsame proses; verandering gebeur nie oornag nie. Dit is ook moontlik dat dit nooit 'n voltooide proses sal wees nie, dat een norm nooit heeltemal vervang sal word deur 'n ander norm, of een taalvorm deur 'n ander taalvorm nie. Innovasies wat nie deur die spraakgemeenskap gekies word nie, bestaan nie vir baie lank nie en sterf vinnig uit (Croft, 2000:174), maar sommige variante bly vir lank naas mekaar voortbestaan, byvoorbeeld *æ/ε* vir *ek* in Kaapse/ Noordelike Afrikaans.

Croft (2000:181) sê verder dat sprekers wat met 'n sekere groep geïdentifiseer wil word, daardie groep se linguistiese variante sal selekteer en naboots in hulle eie taalgebruik om as deel van die gemeenskap gesien te word. Omdat deelnemers as deel van 'n sekere groep beskou wil word, en 'n aanlyn identiteit daarvolgens skep, veroorsaak dit dat sommige variante bo ander variante geselekteer word. Croft noem die seleksie van variante om lidmaatskap binne 'n spraakgemeenskap te verwerf, die Teorie van Akkommodasie. Hierdie teorie veronderstel dat 'n spreker sy/haar taaluiting sal verander of aanpas om die hoorder te akkommodeer tydens kommunikasie. Dus kan die spesifieke variant wat gebruik word in 'n kommunikatiewe situasie juis 'n aanduiding wees van 'n identiteitsmerker van die spesifieke spraakgemeenskap, en hierdie merkers is dalk juis belangrik in die virtuele gemeenskap, wat hoofsaaklik teks as kontakpunt het.

In die *WKJ?*-blog is zef taalgebruik, die obsessiewe beheptheid met liggaamsopeninge, afskeidings en uitskeidings, en ander liggaamsprosesse identiteitsmerkers van die deelnemers, sowel as die lesers. Verskeie skrywers kan bydra tot die inhoud van die blog (Breed, 2017:26), maar dit word eers goedgekeur deur die administreerders voordat die inhoud gepubliseer word. Die skrywers moet egter die zef identiteit kan weerspieël deur hulle taalgebruik. In *WKJ?* kan seleksie as volg voorgestel word: *masturbeer* en *masturbasie* (wat as 'goeie' en standaard Afrikaans beskou kan word) kom onderskeidelik 2 en 4 keer voor in die korpus. Die eufemismes *skommies maak* kom 11 keer voor, *dratie kap* het die hoogste gebruikswaarde met 33, *draadtrek* word 12 keer gebruik en *draad trek* 23 keer. Dit beteken dus dat deelnemers doelbewus kies om nie die standaardtaalvorm te gebruik nie, en eerder van die sinonieme gebruik maak wat weer die zef identiteit weerspieël en hulle deel maak van die in-groep.

Mufwene (2008:15) voer ook aan dat 'n gemeenskaplike taal 'n sosiale funksie het: dit is die vermoë wat sprekers het om in 'n spesifieke konteks suksesvol te kommunikeer deur soortgelyke taal te gebruik. Gemeenskaplike taalsisteme word gekonstrueer op grond van die soortgelykhede (soortgelyke variante) in taal wat deelnemers gebruik om verstaanbaarheid te verseker.

Volgens Chambers (2013:8) probeer sosiolinguïste taal verstaan soos wat dit in sosiale situasies en omgewings gebruik word, met ander woorde waar taal variasie toon, kwantitatiewe eienskappe het en aaneenlopend gebruik word. Verder (Chambers,

2013:12) het sosiolinguistiese analyses aan die lig gebring dat spesifieke taalvariante (en hierdie taalvariante word nie formeel aangeleer nie) geselekteer word deur taalgebruikers, en daardie taalvariante wissel op die kontinuum tussen standaardvorme van 'n taal tot nie-standaard en gestigmatiseerde vorme van 'n taal. Hierdie variasie van taal en die keuses wat uit die variante gemaak word, word sosiaal gemotiveer (p13).

Hoe meer sekere variante geselekteer vir kommunikasie, hoe meer sal hierdie variante versprei en deur ander deelnemers aangeneem word in hulle spraak. Indien hierdie variante van so 'n aard dissemineer in die spraakgemeenskap dat dit aanhoudend voorkom oor 'n sekere tydperiode in 'n spraakgemeenskap, of dalk verder versprei na ander spraakgemeenskappe, is dit moontlik dat konvensionalisering begin plaasvind.

2.4.3.3 Konvensionalisering

Konvensionalisering kan daarop dui dat sekere unieke taalverskynsels gewoontevormend geraak het binne 'n aanlyn spraakgemeenskap (die WKJ?-blog) en dat die taalverskynsels oor 'n tydperk gestabiliseer het en herhaaldelik, sonder variasie, deur die lede van die gemeenskap gebruik word. Page *et al.* (2014:27) reken dat konvensies rakende die betekenis van woorde en unieke taalgebruik oor 'n tydperk gevorm word, alhoewel daar variasie binne die konvensies mag voorkom. Individuele variante (innovasies) kan binne 'n gemeenskap dissemineer en deur ander individue gebruik word. Indien linguistiese variante in binne 'n bepaalde gemeenskap versprei en gereeld gebruik word, kan dit daarop dui dat konvensionalisering plaasgevind het binne daardie gemeenskap, al het dit nie verder versprei na ander gemeenskappe toe nie. Namate die linguistiese variante met 'n bepaalde gemeenskap of sosiale situasie geassosieer word, kan dit veroorsaak dat daardie variante kenmerkend word van die kode of variëteit wat gebruik word. Dit beteken dus dat die variante toenemend gekonvensionaliseer is binne die betrokke gemeenskap. Postmes *et al.* (2000:347) reken dat prototipiese eienskappe van groepskommunikasie (die aspekte van kommunikasie wat as tipies van 'n bepaalde groep sprekers beskou kan word) meer opvallend kan raak oor 'n tydperk, omdat dit een groep van 'n ander onderskei.

Jakobson (1960/1971) het ses funksies daargestel as verklaring waarom taal verander, maar Croft (2001) beskou net drie daarvan as relevant tot taalverandering. Die eerste funksie wat vir Croft belangrik is, is die *verwysende* funksie (die weergee van inligting) en

dit hou verband met taalgebruikers se konformering aan standaardtaalnorme. Die tweede funksie wat Jakobson beskryf is die *poëtiese* funksie (kreatiewe en innoverende taalgebruik) en word veral gebruik om vasgestelde norme te oortree. Die derde funksie is 'n *fatiese* funksie (dui op konformering aan sosiale konvensies) en dui op die spraakgemeenskap se aanvaarding van die sosiale konvensies.

Steyn (1985:21) tref 'n onderskeid tussen geïnternaliseerde norme en afgedwonge norme. Geïnternaliseerde norme word deur opvoeding en sosialisering deel van 'n taalgebruiker se persoonlikheid, soveel so dat gedrag naderhand outomaties gerig word. Afgedwonge norme is konvensies wat daargestel word deur eksterne faktore soos die Taalkommissie, regering, skole en ander professionele instansies.

Carstens (2014:283) argumenteer dat Standaard-Afrikaans nie die enigste “korrekte” Afrikaans is wat kan en mag gebruik word nie, maar dat dit in formele situasies wel die “mees gepaste vorm” van taalgebruik is. Dus is ander nie-standaard variëteite van Afrikaans nie noodwendig totaal onvanpas vir gebruik nie, maar dit kan wel onvanpas gebruik word in sekere situasies. Hy voer verder aan dat “in sekere situasies word 'n sekere soort taal verwag, en dit is belangrik dat sprekers oor die vermoë (en registers) beskik om hulself hierby aan te pas”. Uit hierdie stelling kan daar afgelei word dat Afrikaans wat op die internet gebruik word dan ook nie noodwendig as ‘verkeerd’ gesien hoef te word nie, bloot dat die gebruik daarvan in formele situasies as onvanpas beskou kan word.

Die begrip *standaardtaal* impliseer dus dat daar welke taalvorme bestaan wat nie-standaard is nie. Die taalvorme word as nie-standaard beskou omdat hulle nie algemeen voorkom nie en baie beperkte gebruike het (Carstens, 2014:285).

Barton en Lee (2013:181) reken dat etikette soos *chatspeak*, *textese* en *textspeak*, wat deur die massamedia gebruik word, na spesifieke eienskappe van internettaal verwys. Die blote feit dat daar sulke etikette bestaan om na internettaal te verwys, is 'n bewys dat daar 'n herkenbare en voortkomende variëteit van taal is wat genoegsaam verskil van ander taalvorme wat reeds gebruik word. Internettaal word dikwels gekontrasteer met die standaardvorm van 'n taal. Mense is egter besig om geleidelik hierdie taaleienskappe as ‘normaal’ te aanvaar. Internettaal is nie meer net 'n stel kreatiewe kodes wat deur 'n beperkte hoeveelheid mense gebruik word nie.

Preskriptivisme is die siening dat een taalvariëteit 'n inherente hoër waarde het as ander taalvariëteite, en dat hierdie taalvariëteit deur die hele taalgemeenskap gebruik moet word. Die preskriptiewe benadering neem egter nie die werklikhede van alledaagse gebruike in ag nie (Crystal, 2001:63).

Biber *et al.* (1998:56) voer aan dat afwykings van preskriptiewe norme dikwels as “foute” gesien word. Preskriptiewe norme word institusioneel voorgeskryf deur onder andere die Taalkommissie, en ander professionele instansies.

Volgens Barton en Lee (2013:110-113) word mense se idees en persepsies van aanlyn taalgebruik hoofsaaklik gevorm deur standaardtaal ideologieë en hoe massamedia hierdie taalgebruik verteenwoordig (preskriptiewe norme). Aanlyn taalgebruikers begin egter om hul eie linguistiese repertoire te ontwikkel, asook konvensies vir die taal wat hulle aanlyn gebruik (implisiete norme, slegs van toepassing binne die spesifieke spraakgemeenskap). Postmes *et al.* (2000:357) reken in hierdie verband dat die kenmerke wat een groep van 'n ander onderskei, vergroot sal word en tot 'n groter frekwensie van gebruik sal lei. In *WKJ?* is die oordadige gebruik van vloekwoorde so 'n voorbeeld. Aangesien dit aanvaarbaar in daardie gemeenskap is om krag- en taboewoorde te gebruik, word dit met oorgawe toegepas, maar slegs binne daardie gemeenskap.

Sebba (2012:2) skryf dat linguistiese- en verwante dissiplines in die aanlyn omgewing preskriptiewe norme verwerp, maar dat die dissiplines steeds neig om normatief te wees. Kytölä (2012:106-107) sluit aan by Sebba se argument. Sy reken dat normatiwiteit en preskriptivisme nie heeltemal verdwyn het tydens rekenaar-bemiddelde tegnologie se transformeringsproses nie, maar dat dit nie meer hoofsaaklik deur tradisionele, formele outoriteitsfigure gepolisieër word nie, maar ook deur medeledes van die aanlyn gemeenskappe.

Sosiale sanksie vind plaas wanneer deelnemers stof wat reeds geplaas is beoordeel en deel vorm van die konvensionaliseringproses (Fig. 2-5 en Fig. 2-6). Volgens Webb (1989:432) bestaan daar nie iets soos die beste of mees korrekte vorm van Afrikaans nie. Elke variëteit van Afrikaans is goed en geskik vir 'n bepaalde konteks, en elke variëteit is genormeer, daar bestaan dus (natuurlike) riglyne vir die gebruik van die betrokke variëteit binne 'n gepaste konteks. As hierdie konvensies dan oortree word, begaan die oortreder

'n taalfout en loop die risiko om deur die gemeenskap aangespreek te word.



Figure 2-5: Sosiale sanksie deur aanlyn deelnemer (2000/03)




Figure 2-6: Sosiale sanksie deur aanlyn spraakgemeenskap (2010/12)

Daar vind egter moderering plaas deur webwerfeienaars of webadministreerders voor die kommentaar op die webwerf self verskyn. Hierdie moderering keer dat bepaalde inhoud enigsins deel van die taalblootstelling van 'n aanlyn gemeenskap word (Fig. 2-7).



Figure 2-7: Inhoud wat gesensor word (2012/01)

Volgens Lilis (2013:124ff) word die oorgrote meerderheid van dokumente wat aanlyn geskep word (institusionele materiaal soos nuusberigte, webwerwe oor gesondheidsinligting en so meer), volgens die standaardnorme vir ortografie en grammatika geskep, maar interaksies op sosiale netwerke, “chatting” en “texting” word nie gereguleer of geredigeer nie. Dit is in hierdie informele kommunikatiewe situasies waar deelnemers hul taalgebruik op implisiete wyse kan konvensionaliseer. Sodra deelnemers herhaaldelik sekere nie-standaard taalvorme bo ander verkies (seleksie), en die seleksies binne die aanlyn spraakgemeenskap versprei en nageboots word, begin implisiete konvensionalisering plaasvind.

Herring (2001:621) voer ook aan dat aanlyn gemeenskappe oor 'n tydperk wel norme ontwikkel binne die gemeenskap. Hierdie norme is sosiaal van aard en bepaal die taalgedrag van deelnemers, sowel as sosiaal aanvaarbare gedrag tydens aanlyn interaksies. Die norme is ook nie standaardnorme wat oor die hele aanlyn spektrum toegepas word nie, maar dit verskil van konteks tot konteks, en van gemeenskap tot gemeenskap. Postmes *et al.* (2000:367) sluit by hierdie siening aan en sê dat gemeenskapskonvensies beperk is tot die gemeenskap self en die deelnemers wat oor in-groep status beskik. Sodra kommunikasie met deelnemers van ander gemeenskappe plaasvind, tree ander norme en konvensies in, wat taalgedrag bepaal.

In Croft (2000:7) se Teorie van Uitingseleksie word linguistiese konvensies as die middelpunt gesien. Normale reprodusering van uitinge wys dat individue konformeer aan taalnorme. Standaardtaalnorme word institusioneel voorgeskryf, en die navolging van

standaardtaalnorme dui dus by implikasie op standaardtaalgebruik. Abnormale herprodusering van uitinge wys dat individue nie konformeer aan norme nie en dit lei tot taalvariasie en eventueel taalverandering. Seleksie van een taalvorm bo 'n ander, op 'n gereelde basis, lei tot die geleidelike daarstelling van 'n konvensie in taalgebruik. Croft (2000:29) sê ook dat sprekers dikwels konformeer tot die norme van 'n spesifieke spraakgemeenskap (implisiete spraakgemeenskapsnorme).

Croft (2000:72-73) sien die roetinerig (konvensionalisering) van taalgedrag as *ingraving* ("entrenchment"). Taalgedrag word vasgelê deur gereelde gebruik. Hoe meer dikwels sekere taalgebruik voorkom, hoe dieper word dit vasgelê en meer mense verstaan hoe en waar om hierdie taalgedrag te implementeer. Indien 'n taalvorm nie gereeld gebruik word nie, sal dit in onbruik raak en vergete raak. In die geval waar sekere taalgedrag en taalvorme wel dikwels voorkom en deur die spraakgemeenskap aanvaar word, kan dit op konvensionalisering tussen taalgebruikers dui.

Croft (2000:73) voer verder aan dat die proses van seleksie vereis dat daar reeds bestaande taalvariante is, en dat individue dan een variant bo 'n ander verkies. Die taalvorm wat deur lede van 'n spraakgemeenskap aangeneem word en verkies word bo ander taalvariante kan wees as gevolg van implisiete normering.

Bybee (2010:18) argumenteer dat gebruiksherhaling (elke instansie waar 'n woord of taalverskynsel gebruik en herhaal word), die woord of taalverskynsel se verteenwoordiging van 'n spesifieke item versterk. Sy voer verder aan dat gekonvensionaliseerde linguistiese vorme wat deur taalgebruikers gebruik word, 'n aanduiding is van die gekonvensionaliseerde situasies waarin hulle hul op 'n gereelde basis bevind. Dit lei daartoe dat beide die vorm en betekenis toeganklik is vir verandering en nuwe analogiese formasies (Bybee, 2010:90).

Mufwene (2008:184) sluit hierby aan en sê dat individuele sprekers se seleksies in die breë gemeenskap se seleksies kan versprei, met ander woorde seleksies kan versprei en stabiliseer binne die gemeenskap en as 'n konvensie beskou word.

Volgens Mufwene (2008:61) ontwikkel nuwe strukturele- en pragmatiese patrone as gevolg van sprekers wat ander sprekers se innovasies of afwykings aanneem. Soos wat die taalgedrag voortduur, ontstaan gemeenskaplike konvensies. Konvensies ontstaan

dus omrede sprekers se linguistiese gedrag gelyksoortig raak, of omdat sprekers ander sprekers se innovasies en afwykings naboots.

Norme is gebonde aan sosiale situasies en daarom moet taalnorme binne 'n sosiolinguistiese verband beskou word (Carstens, 2014:6). Taal word vanuit 'n sosiale konteks geëvalueer op grond van sosiale norme (Carstens, 2014:11). Croft (2000:72) sien konvensies as veranderlik – dit varieer ten opsigte van tot watter mate hierdie norme in die spraakgemeenskap gevestig word. Hy sê verder (2000:87) dat aangesien taal 'n sosiale handeling is tussen individue, taalverandering ook as 'n sosiale verskynsel beskou moet word.

Volgens Webb (1989:77-78) is 'n sosiolinguistiese norm 'n reël wat beskryf hoe daar in 'n bepaalde situasie gepraat word. Dit is die norme wat bepaal hoe daar byvoorbeeld in hoogs formele situasies gepraat moet word, duidelike artikulasie van klanke, en geen kodewisseling nie. Sosiolinguistiese norme is direk verbind aan linguistiese veranderlikes, dus is daar die voorveronderstelling dat daar keuses gemaak kan word tussen die veranderlikes (variante) in 'n bepaalde taalsituasie. Sosiolinguistiese norme kom tot stand wanneer die variante van 'n linguistiese veranderlike ingebed raak deur die proses van seleksie) in die sosiale orde van die gemeenskap, dit wil sê geassosieer word met 'n bepaalde groep of situasie.

Webb (1985:78) bespreek vier funksies wat sosiolinguistiese norme in 'n spraakgemeenskap vervul:

- Dit definieer die spraakgemeenskap (Watkykertjies wat die Afrikaanse blog besoek of inhoud bydra);
- Dit sinjaleer die spraakgemeenskap se lewensstyl, norme en waardes;
- Dit speel 'n rol in kommunikasie (selfs al is die inhoudbydraers en lesers geografies verwyderd kan hulle via die kommentaarboksies kommunikeer en opinies lug);
- Dit word die basis waarvolgens korrekte en verkeerde linguistiese gedrag beoordeel word (sien Fig. 2-8).

JANUARY 8, 2010

Koekie

AG SIES MAN, MOET JULLE SO LELIK PRAAT – HET JULLE OUIERS JULLE NIE MANIERE GELEER NIE!!!

Figure 2-8: Beoordeling van linguistiese gedrag (2010/01)

Herring (2007:21) het drie tipes norme geïdentifiseer wat binne die rekenaar-bemiddelde omgewing gevind word. Eerstens is daar *organisatoriese* norme en dit verwys na die formele sowel as informele administrasie van 'n webblad. Hierdie norme bepaal hoe aanlyn groepe gevorm word, die lidmaatskapvereistes van die gemeenskap, moderators van die inhoud op die webblad en hoe boodskappe gestuur en versprei word. Tweedens is daar *norme van sosiale aanvaarbaarheid* en dit dui op die normatiewe standaarde van aanvaarbare gedrag binne die rekenaar-bemiddelde konteks. Sosiale norme kan implisiet wees, of dit kan eksplisiet gemaak word en aanlyn beskikbaar wees in die vorm van 'netiquette' riglyne. Derdens verwys *norme van taal* na die linguistiese norme wat eie is aan spesifieke aanlyn taalgebruikers, deelnemers of spraakgemeenskappe.

Reëlmatighede in interaksies tussen deelnemers, of binne 'n spraakgemeenskap mag dui op die voortkoming van norme of konvensies binne daardie gemeenskap. Hierdie reëlmatighede word karakteriserend van die sosiale identiteit wat deelnemers projekteer, en die sosiale identiteit reguleer weer groepsgedrag. Interaksionele konvensies hou verband met spesifieke sosiale identiteite, en daarom sal konvensies wat gedrag binne die gemeenskap reguleer, nie van toepassing wees op interaksies wat buite groepsverband plaasvind nie (Postmes *et al.*, 2000:346).

Crystal (1987:120, in Carstens 1997:356) sê dat daar sekere sosiale reëls is wat beperkend inwerk op 'n talige situasie. Die reëls is nie noodwendig geskrewe reëls nie, maar kan deur die sosiale gemeenskap bepaal word (Carstens, 1997:357). Taalgebruikers kan dus tot hierdie reëls konformeer (konvensievorming) of die reëls verbreek.

Verskeie faktore lei tot taalverandering. Ontlening en kontak-geïnduseerde taalverandering is twee van hierdie faktore (en sal verder in afd. 2.5 bespreek word). As gevolg van Engels en Afrikaans se noue kontak het taalverandering in beide tale plaasgevind. Konvensies word geleidelik daargestel in 'n gemeenskap deur die proses

van seleksie (Croft, 2000:6, cf. Mufwene, 2008:24). Die konvensies word dan basies die eiendom of gedeelde taalkennis van 'n spraakgemeenskap (Croft, 2000:7). Croft sê verder (2000:232) dat konvensies gedurig bygevoeg word in 'n taal, vervang word met ander konvensies of dit kan heeltemal verlore gaan uit die taal. Konvensievorming is 'n dinamiese proses, taal is deurentyd besig om te verander.

Deumert (2014:23-25) sien betekenis in taal as voortkomend, mense kan slegs praat of skryf omdat daar reeds voorheen deur ander mense gepraat en geskryf is, omdat daar konvensies vir taalgebruik bestaan. Mense se spraak is egter meer as net 'n reproduksie van die reeds bestaande konvensies, taal word aangepas en verander deur individuele gebruik. Deur die aanpassing en verandering van taal word die spraakgemeenskap se norme uitgedaag en nuwe taalvorme word geskep. Die onvoorspelbaarheid van taalverandering is egter nie beperk tot digitale kommunikasie nie, maar is 'n eienskap van taal en taalverandering oor die algemeen.

Verhoef (2001:7) ag dit noodsaaklik om “op grond van die dinamika tussen taal en die sosiale omgewing, te probeer nagaan tot watter mate tipiese patrone na vore kan kom wat uiteindelik voorspellingswaarde vir toekomstige taalontwikkelingspatrone mag hê”.

2.4.4 Sintese

Taal varieer na gelang van die situasie en konteks waarbinne dit gebruik word. Taal kan varieer op grond van register: 'n meer formele taalgebruik word van 'n persoon verwag binne 'n professionele konteks, maar 'n meer informele gesprekston tussen vriende en familie. Variasie vind ook plaas tussen verskillende geografiese gebiede (geolekte) en tussen verskillende sosiale gemeenskappe (sosiolekte).

Die internet verskaf 'n platform waar al hierdie verskillende variëteite geakkommodeer kan word. Dit kan egter tot meer variasie in 'n taal lei, omrede aanlyn deelnemers soveel meer variante dan het om van te kies tydens interaksies. Taalverandering se oorsprong lê in variasie. Soos wat taalgebruikers verskillende variante na die tafel toe bring, kan sekere variante groter voorkeur kry as ander, wat dus kan lei daartoe dat taal verander en die nuwe gebruiksvariant aanvaar word.

'n Moontlike probleem wat ervaar kan word in die ondersoek na aanlyn taalverandering (en taalverandering oor die algemeen binne 'n spesifieke gemeenskap), kan wees dat

navorsers nie noodwendig met sekerheid kan weet of 'n innovasie binne daardie (aanlyn) gemeenskap ontstaan het en gelei het tot interne taalverandering nie, en of daardie taalvorm verkry is van ander gemeenskappe (daar “buite”) en oorgeneem en aanvaar is binne die gemeenskap wat ondersoek word.

Innovasies is die produk van taalgebruikers se kreatiwiteit met taal. Vaste woordbetekenisse kan verander word, samestellings en afleidings kan gevorm word, wat 'n heel nuwe betekenis aan woorde kan gee. Woorde kan gereduseer word sonder om aan die betekenis daarvan 'n verskil te maak, woorde kan foneties geskryf word en letters kan deur syfers vervang word waar die syfer dieselfde klankwaarde vertoon as die letters (bv. *tweeling* – *2ling*). Wanneer hierdie nuwe taalvorme aan die gemeenskap blootgestel word, het deelnemers 'n keuse of hulle hierdie nuwe vorm wil gebruik tydens kommunikasie. Indien die nuwe taalvorm, wat vir 'n tyd lank saam met die bestaande vorm gebruik sal word, op 'n gereelde basis gebruik word, is deelnemers besig met 'n proses van seleksie. Deur seleksie te ondersoek tydens die data-analise kan daar bepaal word wanneer is 'n spesifieke taalvorm vir die eerste keer gebruik, asook bepaal of hierdie vorm oor tyd meer gebruik word en dalk eventueel die bestaande taalvorm vervang.

Indien 'n innovasie, deur die proses van seleksie, bestaande taalvorme binne 'n geïdentifiseerde taalgemeenskap vervang, bestaan daar 'n moontlikheid dat konvensionalisering plaasvind. Moontlike kriteria wat kan aandui dat konvensionalisering binne 'n spesifieke (aanlyn) gemeenskap plaasvind, kan 'n toename in frekwensie van die taalvorm oor 'n bepaalde tydperk wees, en die uiteindelijke stabilisering van die frekwensie. 'n Ander moontlikheid sou wees as een taalvorm, in vergelyking met die direkte kompeterende woord, toenemend meer gekies word en die kompeterende woord toenemend minder, wat kan dui op toenemende aanvaarding deur die gemeenskap, en dus konvensionalisering.

Hierdie navorsing is daarop gerig om te probeer bepaal watter tipiese taaleienskappe van Zefrikaans in 'n spesifieke aanlyn spraakgemeenskap (WKJ?-blog) voorkom en moontlik gekonvensionaliseer raak. In die volgende afdeling gaan 'n teoretiese raamwerk bespreek word wat gebruik kan word om innovasies te identifiseer, die prosesse van seleksie deur deelnemers na te volg, en te probeer bepaal of konvensionalisering plaasvind. Die teoretiese raamwerk is gebaseer op vorige navorsing oor internettaal.

Tydens die data-analise kan daar dalk addisionele verskynsels voorkom wat nie in vorige navorsing geïdentifiseer is nie. In so 'n geval sal die raamwerk aangepas word om die addisionele verskynsels te akkommodeer.

2.5 TAALKUNDIGE KLASSIFIKASIE VAN TAALVERSKYNSELS

In terme van zef is daar al verskeie artikels geskryf, wat hoofsaaklik oor wit Afrikaneridentiteit handel, en waar die zef subkultuur binne die Afrikaneridentiteit pas (du Preez, 2011; Marx en Milton, 2011; Barnard, 2012; Engel, 2017). Die kenmerkende taaleienskappe van Zefrikaans, wat 'n integrale deel uitmaak van die zef identiteit op die internet, is egter nog nie ondersoek en geklassifiseer nie. Navorsing oor tipiese taaleienskappe in Engels is al gedoen en gelys (cf. Danet, 2001; Crystal, 2001; Hård af Segerstad, 2002; Mikulík, 2007) en 'n paar vir Afrikaans op die internet (cf. Verhoef, 2001; Brunette, 2005; Van Gass, 2006) maar dit blyk dat daar nog nie kenmerklyste saamgestel en taalkundig geklassifiseer is vir Zefrikaans nie.

Vorige navorsing het hoofsaaklik gefokus op besprekings van ortografiese verskynsels. Alhoewel leksikale en grammatikale verskynsels benoem is, is dit nie in detail bespreek nie (cf. Darics, 2010:141). Daar is ook nog nie 'n sistematiese taalkundige klassifikasie gedoen in terme van die taalverskynsels in aanlyn Afrikaans, en by implikasie Zefrikaans, nie. Gevolglik sal daar voorlopig 'n teoretiese raamwerk opgestel word waarvolgens die tipe taalverskynsel wat voorkom ingedeel kan word. Die raamwerk kan egter verander en uitgebrei word indien verskynsels wat nie reeds hier benoem word nie tydens die data analise teëgekom word. 'n Bespreking van die tipiese taalverskynsels, soos verkry uit vorige navorsing, is gevolglik nodig vir die teoretiese raamwerk.

2.5.1 Ortografiese verskynsels

Die eerste, en mees nagevorsde eienskap van aanlyn kommunikasie in Engels, is ortografiese verskynsels (Danet, 2001; Herring, 2001, Crystal, 2001). Suid-Afrikaanse navorsing oor hierdie einste verskynsels is gedoen deur Verhoef (2001), Brunette (2005), Van Gass (2006) en Jansen van Vuuren (2007). Nie-standaard ortografie word gesien as 'n bepalende eienskap van rekenaar-bemiddelde kommunikasie.

Jaffe (2000:498) beskou die gebruik van nie-standaard ortografie as 'n doeltreffende middel wat aanlyn deelnemers kan gebruik om hulself uit te druk gedurende interaksies.

Nie-standaard ortografie kan die onmiddelikheid van gesproke taal grafies verteenwoordig. Dit kan die status tussen taalvariëteite aandui (bv. tussen 'n standaardtaal en omgangstaal), aangesien ortografiese verskynsels gesensor word in formele, geskrewe taal. Volgens Jaffe (2000:509) beklemtoon nie-standaard ortografie die visuele en estetiese dimensies van aanlyn tekste lees.

Deumert (2014:123) voer aan dat nie-standaard geskrewe taal metalinguistiese bewustheid kan bevorder (cf. Jaffe, 2000:510). Dit fokus die aandag op die verband tussen grafeem en klank, en die verband tussen linguistiese vorme, die sosiale oorsprong daarvan en die sosiale betekenis wat daaraan geheg word.

Danet (2001:8,24) en Androutsopoulos (2006:426) sien die kuberruimte as 'n speelse, anargiese en karnavaleske omgewing, waar die hibriede, *bricolage* en *pastiche* taalkenmerke van die internet sosiaal gemotiveer kan word deur die konteks waarbinne interaksies plaasvind. Zefrikaans word gekarakteriseer deur speelse en dubbelsinnige taalgebruik en 'n behepthed met alles wat as taboe gesien word in die Suid-Afrikaanse konteks.

Deur kreatief met taal te werk te gaan, deur byvoorbeeld die gebruik van nuwe spelvorme, herhaalde punktulasie en emoji's, kan taalgebruikers 'n sekere houding openbaar teenoor ander, nie-verbale kommunikasie naboots en gesigsuitdrukkinge grafies representeer. Herring (2002:140) reken dat dit wil voorkom asof rekenaar-bemiddelde kommunikasie minder ekspressiewe waarde het as oog-tot-oog kommunikasie, maar dat dit veel meer uitdrukkingswaarde het as standaard, geredigeerde, geskrewe taal.

Al-Sa'di en Hamdan (2005:418) beskou die kuberruimte as 'n vrugbare omgewing vir die ontstaan van nuwe woorde en taalverskynsels. Meeste woordeboeke, veral gedrukte woordeboeke, het verskeie van die woorde en verskynsels nog nie in die leksikon opgeneem nie. Dit kan toegeskryf word aan die feit dat hierdie woorde en verskynsels of nog splinternuut in die taal is, of dat die woordeskat en taalverskynsels slegs deur 'n sekere groep mense gebruik word.

Crystal (2005:2) reken dat die internet en die verskillende tegnologieë wat daarmee geassosieer word kan lei tot nuwe tipes kreatiewe taalgebruik. Die medium (rekenaar, tablet, slimfoon) fasiliteer kreatiewe kommunikatiewe praktyke. Volgens Mikulík (2007:17)

is kreatiwiteit die moedertaalspreker se vermoë om die taalsisteem aan te pas op 'n gemotiveerde, maar onvoorspelbare wyse.

Ortografiese verskynsels verwys na die unieke nie-standaard taalvorme wat gebruik word tydens aanlyn interaksies. Nie-standaard taalvorme kom op verskeie aanlyn platforms voor (Facebook, Twitter, blogs, kletskamers, e-pos en so meer), maar nie al die unieke taalverskynsels is dieselfde oor al die platforms heen nie (vergelyk byvoorbeeld *hierdie* – dit kan as *hierie*, *hiri*, *hier* of *hirie* geskryf word – almal verwys na dieselfde konsep).

Die verskillende ortografiese verskynsels, waar die meeste kreatiwiteit in aanlyn interaksies plaasvind, gaan vervolgens bespreek word.

2.5.1.1 Punktuasie en skryftekengebruik

Palfreyman en al Khalil (2003) voer aan dat fonologiese simulاسie – hoe gesproke taal in aanlyn kommunikasie visueel verteenwoordig word – 'n deurdringende eienskap is van rekenaar-bemiddelde kommunikasie. Taalgebruikers dui hierdie gesproke aspekte in aanlyn teks aan deur kreatief met spelling, punktuasie en hooflettergebruik om te gaan in hul daaglikse aanlyn taalgebruik.

Leestekens word weggelaat of veelvuldige punktuasie word gebruik om uitinge te beklemtoon (Brunette, 2005:102) of om gesproke taal na te boots (Van Gass, 2006:79; Danet, 2001:17). Ellipse en koppeltekens word gebruik om die tempo van die aanlyn gesprek te reguleer. Veelvuldige punktuasie is kenmerkend van aanlyninteraksies, maar word gewoonlik saam met ander ortografiese verskynsels gebruik. Van Gass (2006:79-85) het bevind dat veelvuldige punktuasie nie algemeen in Afrikaans op Internet Relay Chat (IRC) voorkom nie, maar dat dit gekombineer word saam met ander verskynsels indien dit wel voorkom.

Vandergriff (2013:2) voer aan dat nie-standaard punktuasie, veral ellipse, uitroepetekens en vraagtekens in sekere kontekste 'n meer prominente rol kan speel as emoji's. Ellipse kan stilte tydens 'n gesprek aan dui, en 'n herhaling van uitroepetekens kan gebruik word om opgewondenheid aan te dui, of uitinge te beklemtoon (2013:3).

Al-Sa'di en Hamdan (2005:412) beskryf die ellips normaalweg as bestaande uit drie punte, en gebruiklik om op 'n weggelate element in die sin aan te dui. In aanlyn interaksies

is die gebruik van die ellips kenmerkend, alhoewel dit in enige formaat kan voorkom (enige aantal punte is aanvaarbaar, nie slegs die norm van drie nie), maar dit word nie tipies gebruik om 'n weggelate element aan te dui nie. Dit word eerder gebruik om pouses of huiwering deur die spreker/skrywer aan te dui.

Crystal (2001:89) vind dat punktuasie minimalisties gebruik word in die meeste aanlyn situasies. Wanneer punktuasie wel gebruik word, word ongewone kombinasies geïmplementeer om stellings te beklemtoon, of om 'n sekere houding te openbaar.

2.5.1.2 Onkonvensionele spelling

Die tweede ortografiese verskynsel wat gereeld voorkom, is onkonvensionele spelling. Stevenson (2000, in Palfreyman en al Khalil, 2003, cf. Deumert, 2014:132) beweer dat fonologiese spelling meer as net taalgebruikers se behoefte is om aanlyn kommunikasie gelyksoortig te maak aan gesproke taal, dit is moontlik ook 'n gevolg van groepsdruk deur die spraakgemeenskap om konvensionele spelreëls te verbreek. Vandergriff (2013:3) voer aan dat fonetiese spelling gebruik word om nie-verbale kommunikasie oor te dra tydens aanlyn kommunikasie.

Androutsopoulos (2000:514) sien nie-standaard spelling, dus onkonvensionele spelling, as spelling wat afwyk van die standaard, gekodifiseerde ortografie en dit word nie in formele skryfwerk gevind nie. Hy voer verder aan (2000:530) dat nie-standaard spelkeuses toenemend gebruik word vir die kommunikatiewe potensiaal waaroor dit beskik, en dat onkonvensionele spelling in sekere gemeenskappe en omgewings toenemend gekonvensionaliseer word.

Mikulík (2007:29) reken ook dat sekere spelafwykings as standaard beskou kan word vir kletskamergebruik. Hy kategoriseer die spelafwykings in drie oorhoofse klasse. Eerstens word 'n woord se homoniem gebruik, indien die homoniem korter is as die oorspronklike woord (sum – some), tweedens is dit tipologiese tikfoute (cf. Crystal, 2001:88; Jansen van Vuuren, 2007) as gevolg van die behoefte om blitsig boodskappe te kan stuur (Teusday – Tuesday), en derdens is daar afwykings om gesproke taal na te boots (gubye). Die derde tipe afwyking kan in sommige gevalle ook as assimilasie beskou word. Brunette (2005:103) sluit hierby aan met sy waarneming dat daar selde spelfoute voorkom in aanlyn kommunikasie, maar dat die foute wel voorkom eerder 'n doelbewuste

poging is om die spoed van gesproke kommunikasie na te boots (brevity and speed). Jansen van Vuuren (2007:249-250) reken ook dat die meeste spelfoute die gevolg is van té vinnig tik. Dit veroorsaak dat deelnemers letters binne woorde omruil, soms onnodige letters invoeg of selfs letters verdubbel.

Alledaagse verbaliserings en nie-standaard spelling is van die tegnieke wat gebruik word om gesproke taal in geskrewe teks na te boots (Van Gass, 2006:78). Van Gass (2006:79) sien ook eksentrieke spelling as 'n middel om oog-tot-oog kommunikasie na te boots (*hierie - hierdie*), en die herhaling van vokale (*jaaaaaaa!*) om intonasie aan te dui.

Darics (2010:144) sien letterherhalings as 'n subkategorie van nie-standaard spelling. Sy voel egter dat, alhoewel letterherhalings klankeienskappe in geskrewe teks naboots, dit nie noodwendig korrespondeer met die klem of intonasie van die gesproke weergawes van die gemanipuleerde woorde nie. Volgens Van Gass (2006:82) word verskeie linguistiese en nie-linguistiese klanke grafies nageboots. Danet (2001:17) noem hierdie ortografiese verskynsel *lag-in-teks*. Al-Sa'di en Hamdan (2005:417) verwys daarna as *geskrewe nie-linguistiese menslike klanke*.

Die mees algemene nabootsing is die verskillende tipes lag (Van Gass, 2006:82 onderskei tussen *normale lag* en *bose lag*). Deumert (2014:154) beskou die tipes aanlyn lag as *carnival laughter* en dit word aanlyn deur verskeie digitale lag akronieme verteenwoordig (bv. *Imga – lag my gat af*). Deumert (2014:154-155) verskaf 'n volledige lys van moontlike variante van *Imga*. Sy argumenteer ook dat sekere akronieme in 'n waas van geheimsinnigheid gehul is – mense wat nie aan die spesifieke aanlyn spraakgemeenskap behoort nie (mense wat nie 'insider status' het nie) verstaan nie die akronieme nie en beskou dit as raaiselagtig, 'n betekenislose string letters. (Sien afd. 2.5.3.1.1 vir meer oor akronieme).

Dit is egter nie net lag wat grafies verteenwoordig word nie. Op *WKJ?* (Ouer koeie, 2005/04) word 'n wind wat gelaat word grafies gerepresenteer deur *Rrrrrrrt!*

Volgens Stevenson (in Van Gass, 2006:78) vereis fonetiese spelling in aanlyn kommunikasie aanvanklik 'n doelbewuste en stadige leesproses omdat die vreemdheid van die spelling wat gebruik word verhoed dat die leser die woord outomaties herken. Van die nie-standaard spelling wat gebruik word kan 'n aanduiding van sosiale identiteit

wees, en mense wat nie aan die spesifieke sosiale spraakgemeenskap behoort nie, sal nie noodwendig die taalgebruik verstaan nie.

Deumert en Lexander (2013:534) sien die gebruik en ontwerp van nie-standaard spelling as 'n teken van linguistiese vaardigheid. Om tekstueel linguisties vaardig (textual linguistic dexterity) te wees in 'n digitale ruimte, beteken dat teksskrywers vaardig gebruik maak van linguistiese vorme om betekenisvolle teks te skep binne 'n sekere konteks.

2.5.1.3 Hoofletter- en kleinlettergebruik

Die unieke gebruik van hoofletters en kleinletters in aanlyn interaksies kan as onkonvensioneel beskou word. Dikwels word sinne nie met hoofletters begin nie, en dit is algemeen om volledige sinne in slegs kleinletters te vind. Onkonvensionele hooflettergebruik is dikwels 'n middel om uitinge te beklemtoon of om die indruk te gee dat die spreker skree (Van Gass, 2006:80; cf. Brunette, 2005:102). Dit sluit aan by Crystal (2001:87) se siening dat hooflettergebruik op die internet varieer. Daar is 'n sterk neiging deur deelnemers om slegs kleinletters te gebruik (sien Fig. 2-4), en boodskappe wat slegs uit hoofletters bestaan word gesien as 'n geskree (cf. Al-Sa'di en Hamdan, 2005:417).

Die velocity van Gerrie

In Snotstories deur griffin / March 16, 2000 / 1 Eiertjies



al gewonder wat maak 'n bokser tick, of in afrikaners se geval poesklappe uitdeel? ek het bietjie hierdie gerrie storie uitgecheck.

ding-ding!

gerrie steek sy kop vir die eerste keer op 8 april 1955 uit. dertig sekondes later gee sy ma, meisie geboorte aan 'n heavy weight. die nurse het vir haar gesê: "hierdie outjie gaan 'n bokser word." (dis alles feite hierdie).

gerrie se ma broei met honde en sy pa, flip is 'n mechanic wat 'n boksklub ook hardloop in middelklas boksburg. flip word gerrie se afrigter.

volgens bronne was gerrie maar 'n stil outjie wat met die honde gespeel het wat sy ma gebroei het, visgevang het of fietsgery het. dit klink amper soos die belangstellings van die eensames wat hulself in die landbouweekblad adverteer. dis pateties, want waar hulle veertig is, is gerrie vier. dis ook op hierdie ouderdom wat hy skool toe gestuur is. hy is egter na drie maande terug gestuur omdat hy nie juis jou top tipe ou is wat moerse vinnig maatjies maak nie. die ander kinders het hom ook "mamma se seuntjie" ensovoorts genoem (deedae vloek graad twee's erger as die wkj?-redaksie). dis op hierdie punt dat flip besluit het sy seun moet die gloves optel. aan die begin was gerrie nie lus vir die storie nie. sy pa het hom later met 'n kroon (50 sent) gebribe vir elke keer wat hy in die kryt klim saam met 'n ander laaitie. so het hy homself begin verdedig ens ens.



Figure 2-9: WatKykJy?-uittreksel van “Die velocity van Gerrie”

Die hele inskrywing van “Die velocity van Gerrie” (Fig. 2-9) is in kleinletters geskryf. Sinne word met kleinletters begin, en eiename word ook nie met hoofletters begin nie. Die enigste twee hoofletters wat in die teks gevind word, is in die titel.

2.5.2 Leksikale verskynsels

Leksikale verskynsels het te make met woorde en die betekenis daarvan in taalgebruik. Gouws (1989:387) sien leksikale betekenis as 'n deelbare geheel, dit beteken dat “een leksikale item meer as een betekenisonderskeiding kan hê” en die konteks waarbinne 'n leksikale item dan optree, bepaal die leksikale waarde van genoemde item. Die verskillende leksikale verskynsels wat op hierdie studie betrekking het word vervolgens bespreek.

2.5.2.1 Leenwoorde en leenmorfologie

Eksteen (1989:374) sien taalkontak as die belangrikste rede waarom ontlening plaasvind. Afrikaans het uit verskeie tale woorde 'geleen', alhoewel Engels moontlik die grootste invloed op ontlening uitgeoefen het as gevolg van die jarelange noue kontak wat Afrikaans en Engels het in Suid-Afrika. Woorde wat ontleen word aan Engels kan aangepas word by die Afrikaanse uitspraak en spelling (*laaik – like, saait – site, skiem – scheme*), in oorspronklike spelling net so oorgeneem word, of die ontleende item kan vertaal word. Dit staan dan bekend as 'n *leenvertaling*.

Donaldson (1991:28,131) is van mening dat daar verskeie komplimentêre en kompeterende strukture voorkom in Afrikaans as gevolg van die kontak wat Engels op Afrikaans uitoefen. 'n Groot hoeveelheid van hierdie strukture het moontlik hul ontstaan gehad as gevolg van die kompetisie wat Engels met Afrikaans se inheemse strukture het. Met die verloop van tyd kan die inheemse struktuur heeltemal verplaas word met die uitheemse Engelse struktuur, of die Engelse konstruksie kan saam met die Afrikaanse konstruksie bestaan, as 'n komplimentêre dimensie to die Afrikaanse taal. Leenwoorde is egter nie beperk tot Engels en Afrikaans nie, maar manifesteer ook in ander tale se aanlyn voorkoms (Brunette, 2005:25,53,58 vir Arabies, Switsers en Katalaans, en Hård af Segerstad, 2002:151 vir Sweeds).

In Afrikaans word die verlede tyd van werkwoorde gevorm deur die verledetyds-gevooraan die hoofelement van die werkwoord te voeg (Combrink, 1990:363). Daar is egter gevalle waar die verledetyds-gevooraan Engelse werkwoorde gevoeg word, en daarom toon dit ooreenkomste met Mahootian (2012) se konsep van intra-leksikale wisseling, sowel as Donaldson (1991) se hibriede samestellings. Voorbeelde van sulke tipe woorde is *gefix*, *beautifulste*, en *uitcheck*.

2.5.2.2 Taboewoorde

Taboewoorde kan gekarakteriseer word (anders as slang) as welbekend in die spraakgemeenskappe waarin hulle voorkom, dit verander nie jaarliks nie en word as taboe beskou deur die semantiese konnotasies wat hulle het met menslike uitskeidings en seksualiteit (Moore, 2012:171). Taboewoorde is daardie leksikale items wat problematies vir leksikografe is en dikwels vermy word in woordeboeke, of ingesluit word

sonder “normatiewe leiding” (Van Huyssteen, 1998:1; cf. Dekker, 1991:52). Dit is egter woorde wat gebruiklik is vir omgangstaal en informele gebruik. Volgens Wang (2013:7) is vloekwoorde (taboewoorde) in geselskap gesien as onopgevoede, obsene, aanstootlike en lasterlike taal. Daar is egter baie mense wat in hulle daaglikse omgang vloekwoorde gebruik. Dus kan vloek ’n unieke kommunikatiewe funksie vervul wat nie deur ander linguistiese funksies vervul kan word nie (cf. Stapleton, 2010:289).

Al-Sa’di en Hamdan (2005:418) beskryf taboewoorde as woorde wat aanstootlik is en ’n verleentheid kan veroorsaak in sommige situasies. Hulle beklemtoon egter dat taboewoorde nie oor die hele spektrum heen vir alle mense van alle kultuurgroepe ewe aanstootlik is nie. Taboe is kultuurgebonde, en daarom varieer die graad van taboe wat aan ’n woord toegeken word van kultuur tot kultuur (cf. Moore, 2012:173). Güvendir (2015:134) voer aan dat in meeste kulture en gemeenskappe word persoonlik gerigte taboewoorde gesien as uiters beledigend en word die gebruik daarvan in sosiale omgang sterk afgekeur. Die aanstootlikheid van taboewoorde hang ook van kontekstuele faktore af (Güvendir, 2015:133) en daarom kan woorde in een konteks as afskuwelik beskou word, maar aanvaarbaar wees in ’n ander. Beers-Fägersten (2007:32) het in haar navorsing gevind dat konteks ’n uiters belangrike rol speel in die evaluasie van taboewoorde se aanstootlikheid. Oor die algemeen het die vroulike deelnemers die gegewe lys van vloekwoorde as meer aanstootlik beskou as wat die manlike deelnemers het. Die wit vroulike deelnemers het egter taboewoorde wat binne ’n dialoogsituasie (konteks) voorkom as minder onaanvaarbaar beskou, wat daarop kan dui dat hulle meer verdraagsaam teenoor vloekwoorde is as dit binne hulle sosiale groep gebruik word.

Volgens Hughes (2006:xx) onthul taboewoorde die verdeeldheid binne gemeenskappe, daar is verskillende konvensies wat gevolg word (of verbreek word) na aanleiding van sosiale status, ouderdom en geslag. In meeste tale word vloekwoorde geassosieer met omgangstaal, ’n werkersklas-kultuur en mense met ’n laer sosio-ekonomiese status (Stapleton, 2010:291). Taboewoorde mag vir een ouderdomsgroep onaanvaarbaar wees, maar heeltemal aanvaar word deur ’n (moontlik) jonger geslag sprekers. Christie (2013:153) reken ook dat die betekenis van vloekwoorde gekonvensionaliseer word binne ’n spesifieke gemeenskap (ons sien dit byvoorbeeld met *wolsnor* en *bosmossel* in die WKJ? aanlyn gemeenskap waar dit as verwysing gebruik word vir vroulike geslagsdele).

Taboewoorde beskryf woorde wat oor die algemeen onnoembaar in geselskap is. Dit is woorde wat op 'n hiërgargiese skaal gesien kan word as óf heilig (soos die Here se naam, of God), óf iets wat afskuwelik en skandelik is (soos kannibalisme en bloedskanie) (Hughes, 2006:462). Beers-Fägersten (2007:19) het dieselfde beskouing en ag sekere vloekwoorde as meer onaanvaarbaar as ander, seksuele taboewoorde word as meer aantootlik beskou as liggaams- en uitskeidingstaboewoorde of heilige terminologie.

Feinauer (1981:30, cf. Wang, 2013:72) voer drie redes aan waarom mense vloek. Die eerste rede is omdat mense woorde wil gebruik as aanvalsmiddel, dus om ander mense te skel. Volgens Güvendir (2015:134) is die bedoeling om iemand verbaal seer te maak die hoofrede waarom mense aggressiewe gedrag vertoon en ander mense vloek. In *WKJ?* word vloekwoorde wat aan ander gerig is nie noodwendig as beledigend beskou nie, persoonlik gerigte vloeke is meestal speels en word ook so ervaar deur die ontvangers. Daar is egter gevalle waar persoonlik gerigte vloeke geuiter word met die intensie om te skel (bv. *stupid bitch*). Holmes (2001:306) reken dat vrouens beskryf kan word deur beeldspraak wat met diere verband hou (en oor 'n taboewaarde beskik, maar dit is nie 'n gegewe nie). Dit sal woorde insluit soos *bitch*, *teef*, en *WKJ?* verwys ook soms na vrouens as *hase*. Vrouens kan ook beskryf word deur beeldspraak wat met kos verband hou, alhoewel daar nie noodwendig 'n taboekonnotasie aan die kosdomein gekoppel word nie. *WKJ?* verwys soms na vrouens as *cherries* of *vye*. Dit sluit aan by Van Huyssteen (1996) se idee dat taboewoorde en taboe-onderwerpe in terme van nie-taboedomeine beskryf word. Eetbare objekte is 'n sosiaal aanvaarbare domein waaroor gepraat kan word. Om vrouens se geslagsorgane as metaforiese vrugte te beskou, maak dit meer aanvaarbaar om oor te praat. Vrouens word uitgebeeld as passiewe deelnemers, terwyl mans as die aktiewe deelnemers beskou word (vrouens is die vrug, mans is die aktiewe eters).

Die tweede rede (Feinauer, 1981:30) is om van frustrasies ontslae te raak en derdens omdat die spreker groepsgebondenheid probeer skep. Sosiale vloeke (Feinauer, 1981:35) hang saam met die derde rede en word gebruik om eerstens 'n samehorigheidsgevoel met 'n spraakgemeenskap te vestig, tweedens om die spreker se uitinge te dramatiseer en derdens om sosiale norme doelbewus te oortree. Die *WKJ?*-internetspraakgemeenskap gebruik taboewoorde om as zef Afrikaners geïdentifiseer te word, om die vertellings op die blog te dramatiseer en rapport met die leser te vestig, en

om preutse konvensies in terme van taalgebruik te oortree. Kommunikasie wat gekarakteriseer word deur vloekwoorde en vriendelike beledigings is strategieë wat funksioneer as merkers van solidariteit en groepsgebondenheid. Die gebruik van vloekwoorde kan op die hegte verhoudings tussen deelnemers dui, alhoewel hierdie woorde in ander kontekste as beledigend beskou sou word (Daly *et al.*, 2004:952). Hulle voer verder aan (2004:955) dat vrouens se gebruik van taboewoorde as negatief ervaar kan word, maar in *WKJ?* bevestig dit binnekringstatus (fig 2-10).

Liewe Jiesis, toe woon ek mos gisteraand 'n vergadering van Jong Dames Dinamiek by. Wat 'n belewenis. Kyk eers 'n bietjie na 'n uitstalling van costume jewellery by die ingang en teug aan 'n glasier dooswyn. Ag **jirre** tannie, kyk die ou kraletjies. Te **fokken** fraai. Dan koop jy 'n kaartjie vir die "Waag-en-wen" (dis NIE 'n lotery NIE, want Christen-dames dobbel mos nie). Wanneer die verrigtinge 'n aanvang gaan begin neem, klap die hoofmeisie haar handjies en skree in 'n skril stemmetjie: "Kom julle!" Huh? **Waddefok?** O, ek ook. Ek dog sy praat met haar kinders.

Dan gaan sit almal kiertsregop op die eetkamerstoele wat in netjiese rye in een van reuse-vertrekke van die **moerse** huise gerangskik is. Party skuif hulle vierde glasier **kak** wyn ongemaklik rond terwyl een van die susters open met 'n skriflesingstjie en gebed. Amen. Nou weet ons darem dis mense met karakter wat hier bymekaar is. Die hoofmeisie steek 'n spietsie af. "Dankie jiiiillle. Dankie virrrrrr allessss wat ek... uhm... ons... uhm... julle hierdie jaar gedoen het. Die arm mense daar in Danville is so vreeslik dankbaar. En Saterdag gaan ons weer vir hulle hotdogs maak. Ons sponsor... ek bedoel... borg die broodjies én die worsies." Die stemmetjie raak al skiller. Sien ek een van die kristalglase in die display cabinet kraak?

En dan die gasspreker vir die aand: 'n Opvoedkundige sielkundige wat vir ons kom vertel hoe Liewe Jiesis wil hê ons moet ons kinders grootmaak. Dan vertel sy van die **kak** dag wat sy gehad het en van haar **stoutgat**-kinders. Klink vir my of hulle 'n **helse** pakslae nodig het, nie sielkunde nie. Maar dan onthou sy weer sy's voor 'n audience en glimlag liefies en herinner ons daaraan dat die ou kinnertjies 'n gawe van Bo is. Net om 'n rukkie later weer deur haar tande te sis oor hoe **fokken** stout die **donnerse** kinders is. Smaak my nog steeds hulle word nie gereeld genoeg **gewetter** nie. Maar dan onthou sy weer die audience en smile vasberade sodat jy net duur ortodontis-tande sien blink, en vertel vir ons dat ons hele doel in die lewe is om strepe kinders uit te pop sodat ons hulle kan grootmaak vir Liewe Jiesis. Whatever. Dan moet sy genadiglik waai want daar is kwansuis selgroep by haar huis (ek vermoed die kinders het eintlik die hond **versuip** en die huis aan die brand gestee, en sy moet gaan red wat daar te redde is).

Figure 2-10: Uittreksel uit WatKykJy? van 'n vroulike skrywer (2005/02)

Stapleton (2010:290) argumenteer dat meeste vloekwoorde in drie breë domeine opgedeel kan word:

- Eerstens is daar die domein van uitskeidings- of skatologiese funksies. Dit verwys na liggaamsfunksies en die liggaamsdele wat daarmee gepaardgaan.
- Tweedens is daar die seksuele domein. Hierdie domein sluit al die woorde in wat na seksuele handeling of genitalieë verwys.
- Derdens is daar godslasterlike woorde. Hierdie woorde verwys na religieuse sake en goddelike entiteite.

Taboewoorde kan semanties geklassifiseer word volgens die HAT (Odendal en Gouws, 2000:xviii-xix) se leksikografiese etikette. Volgens die semantiese klassifikasie wissel woorde tussen onfyn woorde (wat nog relatief aanvaarbaar is in gesprekke, afhangende van wie die deelnemers is) en obsene woorde, wat liefst heeltemal vermy moet word in enige taalkontak situasie. Elke tipe taboewoord (volgens die leksikografiese etikette) kan ook volgens 'n taboeskaal gegradeer word, aangesien daar sekere woorde is wat wel as bv. obsean beskou kan word, maar as gevolg van aangepaste spelwyses nie meer so erg aanstootlik ervaar word nie, en selfs in alledaagse gebruik opgeneem is (sien voorbeelde 4.108-4.116).

Die HAT (Odendal en Gouws, 2000:xviii-xix) benoem vyf leksikografiese etikette waarvolgens taboewoorde geklassifiseer kan word, en voeg 'n sesde etiket by in die 2009 weergawe (Odendal en Gouws, 2009:xvii).

2.5.2.2.1 Onfyn woorde

Die HAT (Odendal en Gouws, 2000:xviii) beskryf onfyn woorde as “woorde wat nie noodwendig ernstig aanstoot sal gee nie, maar tog liefst nie in verfynde of gemengde geselskap gebruik moet word nie”. Voorbeelde hiervan is *agterent*, *grootbek*, *kruiswa stoot* (verwagting wees), en so meer.

2.5.2.2.2 Kragwoorde

Die HAT (Odendal en Gouws, 2000:xviii) beskryf kragwoorde as “woorde wat sterk emosie uitdruk, maar nie 'n vloekwoord is nie, soms moeilik om te onderskei van 'onfyn' of selfs 'plat'. Byvoorbeeld *allemagtig*, *bliksem*, *opdonder* en *opduiweel*.

2.5.2.2.3 Plat woorde

Volgens die HAT (Odendal en Gouws, 2000:xix) is plat woorde “woorde wat dikwels in geselskap taboe is maar tog nie vulgêr is nie”. Dit is woorde soos *drol, gatvol, jags, kots*.

Feinauer (1981:19-22) voer aan dat woorde soos *stront, kak, pis, gat, poep, pram* en so meer vroeëjare meer aanvaarbaar was vir gebruik en selfs in plek- en diere name voorgekom het (bv. oogpister – tipe akkedis). Die woorde is egter met tyd vervang deur meer sosiaal aanvaarbare terminologie. Die afleiding wat hieruit gemaak kan word, is dat die Afrikaanse gemeenskap met tyd meer konserwatief geraak het in terme van woorde wat ’n moontlike taboewaarde mag hê.

2.5.2.2.4 Vulgêre woorde

Die HAT (Odendal en Gouws, 2000:xix) beskryf vulgêre woorde as “woorde wat tussen plat en obsene woorde op die taboeskaal is”. Voorbeelde is *ballas, fokken, kak, kont*.

Volgens Hughes (2006:110, cf. Christie, 2013:153) word die woord *cunt* (vroulike geslagsdeel) gereken as een van die aanstootlikste taboewoorde wat in Engels gebruik kan word. Die taboewaarde van *cunt* (in Afrikaans *kont*) geld ook vir Afrikaans. *Fuck* (geslagsgemeenskap) het ook ’n hoë taboewaarde in Engels. In Suid-Afrikaanse Engels word *fuck* (Afr. *fok*) ook geag as ’n taboewoord, en word dit selde in geskrewe teks gevind, of uitgespreek in publieke areas. Christie (2013:154) reken dat die lekseem *fuck* se emotiewe waarde berus op die wyse waarop dit geëvalueer word binne ’n spesifieke konteks. *Fuck* (Wang, 2013:72) kan dikwels geassosieer word, in sekere kontekste, met ’n uitdrukking van solidariteit, insluitende vriendelike aanspreekvorme en in-groep lidmaatskap (cf. Daly *et al.*, 2004:949). Vloek in sosiale interaksies is veelsydig. Dieselfde vloekwoord kan verskillende pragmatiese funksies vervul in verskillende kontekste (cf. Stapleton, 2010:290).

2.5.2.2.5 Obsene woorde

Volgens die HAT (Odendal en Gouws, 2000:xviii) word obsene woorde gesien as “woorde met die hoogste taboewaarde”. Dit sal woorde en verwysings wees wat met seksuele verband hou. Feinauer (1981:19) sien obsene woorde as daardie taboewoorde wat verband hou met die “laer liggaamsdele, -produkte en -funksies”.

Feinauer (1981:17) beskryf obsene woorde as vuil woorde, smerige taal of plat woorde. Dit is woorde met 'n baie sterk sosiale stigma, byvoorbeeld *kak*, *gat*, *stront*, *hol*, *pis*, *moer*, *skyt* (Feinauer se voorbeelde). Die voorbeelde kan egter met HAT (Odendal en Gouws, 2000) se leksikografiese etikette herklassifiseer word, en nie een van die voorbeelde val volgens die HAT onder obsene woorde nie. Dit kan geplaas word onder onfyn woorde (*gat*), plat woorde (*hol*, *pis*, *skyt*, *stront*) en vulgêr (*kak*).

Obsene woorde kan ook as 'n "sosiale taboe" gesien word. Indien hierdie taboe oortree word, sal die lede van die spraakgemeenskap die spreker veroordeel. Derhalwe word obsene taalgebruik uit 'n sosiale gemeenskap se formele omgang geweer (Feinauer, 1981:19, cf. Stapleton, 2010:290). *WKJ?* (2017) bewys die teendeel waar hulle bykans roekeloos met obsene woorde omgaan, juis om moontlik te rebelleer teen preutse konvensies en om 'n duidelike zef identiteit aan te toon.

Wat as obsene taal beskou kan word hang grootliks af verskillende faktore soos ouderdom, kultuur, persoonlike voorkeur en wat 'n mens se idee van taboe is (Hughes, 2006:331). Vergelyk die woord '*poes*' (vroulike geslagsdeel). In Afrikaans het dit 'n hoë taboewaarde, en word die woord selde in geskrewe teks (veral nie formele tekste nie) gevind. Maar in Engels (*puss*) en Nederlands (*poes*) verwys dit na 'n dier (kat) en word daar geen taboewaarde aan geheg nie. Daar is egter in Engels die lekseem *pussy* wat wel dieselfde taboewaarde het as die Afrikaanse ekwivalent. Dus wat vir een kultuur aanvaarbaar is, is moontlik vir 'n ander kultuur onaanvaarbaar.

2.5.2.2.6 Kwetsende woorde

Volgens die HAT (Odendal en Gouws, 2009:xvii) word kwetsende woorde gesien as "taalgebruik wat aanstoot kan gee om bv. rassistiese, seksistiese of godsdienstige redes". Dit kan byvoorbeeld woorde wees soos '*Oh my god*', *Jissis* en *Jirre*. Die woorde kan met 'n kleinletter of hoofletter geskryf word, aangesien dit nie in 'n eerbiedige konteks gebruik word om na 'n goddelike entiteit te verwys nie.

2.5.2.3 Kodewisseling en kodevermenging

In navolging van die doelwitte van hierdie studie, en om te bepaal hoe manifesteer eiesoortige konstruksies in 'n Afrikaanse internetomgewing, spesifiek die *WKJ?*-blog, is dit nodig om aandag te skenk aan kodewisselingspatrone.

Croft (2000:210) beskou 'n tweetalige spreker as iemand wat twee aparte tale en taalsisteme in sy/haar linguistiese repertoire het. As die hoorder/leser ook tweetalig is, kan uitinge van beide tale in 'n kommunikatiewe situasie gebruik word, as dit sosiaal aanvaarbaar vir die situasie is.

Die tipiese huistaalspreker van Afrikaans is ten volle tweetalig (beide Engels en Afrikaans magtig), en in baie gevalle selfs veeltalig. Dit skep moontlikhede vir kodewisseling en kodevermenging aangesien sprekers of skrywers op meer as een taal kan steun wanneer daar geskryf of gepraat word. Sprekers in veeltalige kontekste kan leksikale items, klankpatrone en grammatikale strukture van al die tale tot hulle beskikking gebruik vir kommunikasie (Meierkord, 2009:3). Van Gass (2008:430) sien kodewisseling as 'n sosiolinguistiese verskynsel wat voorkom waar twee of meer taalvariëteite in 'n spraakgemeenskap gebruik word. Twee- of veeltalige sprekers kan dikwels vlot oorskakel van een linguistiese kode na 'n ander.

Paolilo (2011:3) beskryf “true bilingualism” as sprekers se vermoë om beide tale se grammatikale sisteme te implementeer in kontaksituasies. Dit is waar vir die Suid-Afrikaanse konteks, waar taalgebruikers beide Afrikaans en Engels se grammatikale sisteme onder die knie het en dit willekeurig kan implementeer tydens interaksies.

Hoffman (1991:110) definieer kodewisseling as “the alternate use of two languages, within the same utterance or during the same conversation”. Hamers en Blanc (2000, in Van Gass, 2008:430) definieer kodevermenging as 'n “type of insertional code-switching involving the insertion of constituents from one language into the utterances in the other, dominant language”. Uit hierdie twee definisies kan daar gesien word dat die beskrywing van kodewisseling en kodevermenging oorvleuel, en dat daar nie werklik 'n duidelike onderskeid is nie.

Mahootian (2012:192) kan wisseling tussen kodes plaasvind binne verskillende sinskonstruksies of uitinge (“inter-sententially”), binne een sin (“intra-sententially”) of selfs binne leksikale items (“intra-lexically”). Donaldson (1991:203) sien hierdie selfde verskynsel (intra-leksikale wisseling) as hibriede samestellings – woorde waar die eerste of tweede wordelement 'n Engelse leenwoord is en die ander wordelement 'n Afrikaanse komponent is. Die verskynsel is verder in onderafdeling 2.5.2.1 bespreek.

Volgens Ponelis (1999:157) is Engelse kodewisseling een van die mees onderskeidende kenmerke van Omgangsafrikaans. Afrikaanse sprekers ervaar hulle wêreld in Engels; gevolglik maak die Engelse leksikon 'n belangrike deel uit van Afrikaanse sprekers se daaglikse kommunikasie. Die hoeveelheid Engelse leenwoorde (net so oorgeneem, sowel as Engelse woorde wat op die Afrikaanse spelwyse geskryf word), wat in Afrikaanse omgangstaalvoorkom, is verbysterend (Ponelis, 1999:159-160). Ponelis (1999:166) reken dat informele Afrikaans 'n gemengde taal word.

In Olivier (2013:21) se studie oor SMS-taal het hy wel bevind dat kodewisseling en kodevermenging gebruik word om verkorting in gesprekvoering moontlik te maak. Engelse woorde is ook gebruik, alhoewel sommige van hierdie woorde ook die proses van verkorting ondergaan het. Van Gass (2008:439) het in haar navorsing gevind dat kodewisseling in IRC verskeie funksies vervul. Dit maak veral 'n bydrae tot die gesproke taaleienskappe in 'n geskrewe medium. Kodewisseling en kodevermenging kan suksesvol plaasvind indien die spreker (of skrywer) genoegsame kennis van beide tale se grammatikale sisteme het (Van Dulm, 2006). Dit geld ook vir die *WKJ?*-blog. Kodewisseling en kodevermenging word in dié blog gebruik om gesproke taal na te boots en om 'n bepaalde identiteit te handhaaf in die virtuele gemeenskap. Kodewisseling en kodevermenging is nie beperk tot die aanlyn omgewing nie, maar kan as 'n gedeelde eienskap oor mediums heen gesien word.

Vir die verloop van hierdie studie sal daar na kodewisseling verwys word as 'n hele uiting in Engels binne 'n Afrikaanse gesprek of konteks voorkom. Dit gebeur tipies wanneer Afrikaanse deelnemers 'n Engelse deelnemer akkommodeer (Van Gass, 2008). Kodevermenging sal gesien word as die wissel van leksikale items (selfstandige naamwoorde, adjektiewe, bywoorde, werkwoorde ens.) en grammatikale items in Engels binne 'n Afrikaanse uiting.

Volgens Paolilo (2011:2) vind kodewisseling meer plaas in sinchroniese aanlyn kommunikasie, omdat daar meer gesproke taalaspekte voorkom. Van Gass (2008:436 e.v.) reken dat kodewisseling bydra tot die herprodusering van gesproke eienskappe van 'n taal binne 'n hoofsaaklik geskrewe medium. Kodevermenging en kodewisseling kan kenmerkend wees van gesproke taal en dit is moontlik dat kodewisseling en

kodevermenging op die internet groeps spesifieke gedrag is (Leppänen & Peuronen, 2012:37).

Schneider (2016) voer aan dat die onderskeid tussen kodewisseling en kodevermenging afhang of die twee tale (twee linguistiese sisteme) as uniek beskou word terwyl sprekers tussen die twee tale wissel, of nuwe gebruiksreëls daargestel word in die kontak situasie wat lei tot 'n nuwe linguistiese sisteem. Barton en Lee (2013:57) sê ook dat die keuse van die kode wat gebruik word in aanlyn deelname verander na gelang van die bepaalde gehoor wat bereik wil word. Veeltalige praktyke word gesien as identiteitsmerkers – deelnemers kies nie slegs 'n voertaal gebaseer op wie hulle is nie, maar wie hulle wil wees vir die aanlyn gehoor. In self Afrikaans kom kodevermenging dikwels voor in die taalgebruik, juis om die self identiteit te beklemtoon. Die konteks en die inhoud van die aanlyn interaksies (Barton & Lee, 2013:58), sowel as die moontlikhede wat die medium bied (Barton en Lee, 2013:59) speel ook 'n rol in die taalkeuse van die deelnemers.

Brunette (2005:116-117) het verder gevind dat kodevermenging 'n sosiale verskynsel is. Deelnemers, wat beide Afrikaans en Engels magtig is, sien die vermenging van kodes as 'n spel, en 'n sekere vaardigheid word vereis om kodes effektief en kreatief te vermeng. Die deelnemers in Brunette (2005) se studie skryf hulle kodevermenging toe aan blootstelling aan rekenaar tegnologie. Muysken (2004:155) sien ook kodevermenging as 'n tipiese eienskap van 'n tweetalige gemeenskap, wat twee of meer tale op 'n kreatiewe en speelse wyse vermeng.

2.5.3 Leksiko-grammatikale verskynsels

Woordeskat word uitgebrei deur morfologiese woordvormingsprosesse. Deur onder andere samestellings, afleidings, reduksieprosesse (cf. Al-Sa'di en Hamdan, 2005:416) en so meer word nuwe woorde gevorm en lei dit tot die uitbreiding van die woordeskat van 'n taal (Combrink, 1989:252).

Afkortings (Van Gass, 2006:81), fonetiese skryfwyses (Verhoef, 2001:9), akronieme (Deumert, 2014:154) en vokaalweglating (Mikulík, 2007:22) is alles terme wat gebruik word om na reduksie verskynsels te verwys. Reduksie verskynsels kom voor as gevolg van aanlyn deelnemers se pogings om te tik teen die spoed waarteen gesproke interaksies gewoonlik plaasvind.

Die verskillende morfologiese woordvormingsprosesse gaan in die volgende onderafdelings bespreek word.

2.5.3.1 Reduksieverskynsels

Volgens Bybee (2010:37, 43) word die mate van woordreduksie nie slegs bepaal deur aanlyn faktore op die moment wanneer spraak plaasvind nie, maar ook deur die historiese gebruik van die betrokke woord. Fonetiese reduksie vind vroeër en tot 'n groter mate plaas in woorde wat 'n hoë gebruiksfrekwensie het, as in woorde wat 'n lae gebruiksfrekwensie het. Woorde wat meer dikwels gebruik word, word meer dikwels blootgestel aan die prosesse van reduksie en verander dus vinniger. Woorde wat in 'n konteks gebruik word waar reduksie plaasvind, sal ook meer gereduseer word.

Volgens Combrink (1990:55) is daar verskillende tipes reduksieprosesse waarvolgens woorde verkort kan word.

2.5.3.1.1 Akronieme

Die eerste proses wat Combrink (1990:55) beskryf is akroniemvorming. Akronieme “is woorde wat uit die beginletters van twee of meer morfeme opgebou is” (cf. Van Gass, 2006:81). Volgens Van Gass (2006:81) word akronieme (soos *LOL – laugh out loud*, *IDK – I don't know*) gevorm om aanlyn response te bespoedig. Van Gass reken dat veral Engels interessante moontlikhede bied vir akroniemvorming. Van Gass (2006) het egter nie Afrikaanse akronieme in haar studie gevind nie, en dit korrespondeer met Brunette (2005) se bevindings – dat daar Engelse akronieme in Afrikaanse data voorkom, maar nie Afrikaanse akronieme nie.

Die groot verskil tussen akronieme en afkortings, volgens Mikulík (2007:21) is die uitspraak. Akronieme word as woorde uitgespreek (bv. *LOL – laugh out loud*), waar afkortings as individuele klanke uitgespreek word (*btw – by the way*).

Hughes (2006:3) reken dat afkortings redelik algemeen voorkom in vloek taalgebruik omrede dit die impak van die taboewoord verminder. In die *WKJ?*-korpus is daar onder andere gebruik gemaak van die afkorting *PK (poesklap)* wat 'n eufemistiese effek het op die woord in konteks.

2.5.3.1.2 Knipsels

'n Knipsel is 'n woord wat uit 'n grondwoord gemaak word deur laasgenoemde se vorm te reduceer. Knipsels kom veral voor in sleng, gesinstaal, aanspreekvorme en eiename (sonder inagneming van die morfologiese struktuur van die woord (Combrink, 1990:56).

Volgens Mikulík (2007:20) verwys knipsels na die proses waar 'n nuwe woordvorm gevorm word, wat dieselfde betekenis het en behorende is aan dieselfde leksikale klas as die oorspronklike term. Die woord word gevorm deur 'n gedeelte van die woord te verwyder en dit te reduceer tot 'n monosillabiese of disillabiese vorm. Mikulík (2007:20) noem drie hoofipes knipping (cf. Combrink, 1990:58). Die eerste tipe is voorknipping – waar die voorste gedeelte van die woord verwyder word. 'n Voorbeeld hiervan is *foon* – *telefoon*. Die tweede tipe is middelknipping (Mikulík gee *flu* – *influenza* as voorbeeld). Die derde tipe is agterknipping, waar die agterste gedeelte van die woord verwyder word en net die eerste gedeelte van die woord word gebruik. Voorbeelde hiervan is *bib* – *biblioteek*, *dok* – *dokter*.

2.5.3.1.3 Truvorme

Volgens Combrink (1990:56) word 'n truvorm gevorm wanneer 'n grondwoord se vorm gereduseer word op basis van 'n ingedinkte morfologiese struktuur wat die grondwoord nie oorspronklik gehad het nie, byvoorbeeld *pakkaas* – *pakkasie*, *pateet* – *pateties*.

2.5.3.1.4 Inkortings

Dit is woorde wat op die basis van langer woorde gevorm word, maar die morfologiese struktuur van die oorspronklike woord sowel as die korter woord word in ag geneem, en die betekenis bly behoue (Combrink, 1990:57). Voorbeelde hiervan is *avo/avokado* – *avokadopeer*, *Sasol* – *Sasolburg*.

2.5.3.2 Vloekwoordinlywing

Combrink (1990:69) beskou vloekwoordinlywing as 'n proses. 'n Vloekwoord of swets wat 'n bisillabiese adjektief is en beklemtoon word op die eerste sillabe, kan op sistematiese wyse binne gasheerwoorde geplaas word.

Volgens Feinauer (1981:143) speel fonologie 'n baie belangrike rol in die morfologiese proses van vloekwoordinlywing (sy noem dit egter vloekwoordinvoeging). Die aantal sillabes van die vloekwoord sowel as die ontvangswoord het 'n bepalende funksie in die inlywingsproses. Die plek in die ontvangswoord waar die vloekwoord ingevoeg word hang af van die sillabegrense, sowel as die klempatroon van beide die vloekwoord en die ontvangswoord. Feinauer (1981:144) voer aan dat slegs bisillabiese vloekwoorde ingevoeg kan word in 'n gasheerwoord, bv. *fokken*. Die ontvangswoord moet uit twee of meer sillabes bestaan vir 'n vloekwoord om ingevoeg te word, en vloekwoordinlywing moet op die sillabegrens geskied, bv. *abso-fokken-luut*.

2.6 SAMEVATTING

In die voorafgaande gedeelte is die verskillende taalverskynsels op elektroniese media, soos dit uit vorige navorsing uitgelig is, bespreek. Die taalverskynsels is in 'n voorlopige klassifikasieraamwerk ingedeel in terme van vorm en betekenis. Soos reeds aangedui, kan die raamwerk aangepas word nadat die data-analise gedoen is, om ander verskynsels, indien enige, ook in te sluit.

In die volgende hoofstuk word 'n teoretiese agtergrond verskaf van die korpuslinguistiek en word daar gemotiveer waarom korpuslinguistiek geskik is vir die doel van hierdie navorsing.

HOOFSTUK 3: METODOLOGIE

3.1 INLEIDING

Die doel van hierdie navorsing is om te bepaal wat die linguistiese eienskappe van Zefrikaans is, en of die taalgebruik gekonvensionaliseer oor 'n tydperk van 17 jaar binne 'n bepaalde virtuele gemeenskap. Die literatuurstudie (Hoofstuk 2) dien as die teoretiese grondslag waarop die empiriese ondersoek gebaseer word. Die empiriese ondersoek word vanuit 'n korpuslinguistiese hoek onderneem.

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n teoretiese agtergrond te verskaf betreffende die korpuslinguistiek as navorsingsmetode (3.2). Hierna volg 'n bespreking van die begrippe *korpus* en *korpusse*, die ontwerp en saamstel van 'n korpus, en 'n beskrywing van die korpus in hierdie studie. Taalverskynsels is met 'n handanalise geïdentifiseer en verdere ontledings is gedoen met behulp van WordSmith 7.

3.2 KORPUSLINGUISTIEK AS ANALISE-STRATEGIE

Sosiolinguiste probeer dikwels bepaal hoe die sosiale identiteit van 'n individu, of 'n bepaalde gemeenskap, hulle taalgebruik beïnvloed. Deurgaans word daar gepoog om uit te vind watter linguistiese ooreenkomste en verskille voorkom binne 'n gemeenskap, en op watter wyses ouderdom, geslag en sosio-ekonomiese status taalgebruik beïnvloed (Baker, 2010:2).

Volgens Baker (2010:9) kan sosiolinguiste effektief van korpusbenaderings gebruik maak, aangesien korpusse oor groot hoeveelhede reeds bestaande taaldata beskik. Tesame met rekenaarsagteware en -prosedures, kan algemene en seldsame taalverskynsels en frekwensies vinnig en akkuraat geïdentifiseer word.

Baker (2010:8) reken dat korpuslinguistiek waardevol kan wees vir die sosiolinguistiek ten opsigte van die volgende:

- Beide dissiplines behels die versameling en analise van taaldata soos wat dit in 'n natuurlike omgewing voorkom;

- Beide dissiplines lê klem op taal-in-gebruik, sowel as die sosiale konteks waarbinne taal voorkom;
- Beide dissiplines maak gebruik van kwantitatiewe metodes om gelyksoortighede en verskille deur middel van statistiese toetse te ondersoek;
- Beide dissiplines kan taalvariasie en verandering ondersoek in terme van 'n verskeidenheid linguistiese kenmerke (fonetiek, morfologie, leksikon, grammatika, diskoerspatrone en pragmatiek).

Empiriese data maak dit moontlik vir linguiste om objektiewe stellings te maak oor taal, eerder as subjektiewe stellings (cf. Mcenery *et al.*, 2006:52) wat gebaseer is op 'n individu se persepsie van taal (Mcenery & Wilson, 2001:103).

Volgens Baker (2010:5, cf. Mcenery & Wilson, 2001:1) is korpuslinguistiek dus basies die studie van taal soos wat dit in werklikheid gebruik word. In die korpuslinguistiek word 'n versameling tekste gebruik as bron vir linguistiese beskrywing. Die korpuslinguistiek is dus gemoeid met die beskrywing en verduideliking van die aard, struktuur en gebruik van taal, asook spesifieke aspekte van taal soos taalwerwing, -variasie en taalverandering (Kennedy, 1998:7-8).

Korpuslinguistiek behels dus die studie en beskrywing van groot stelle geskrewe of gesproke data soos wat dit natuurlik voorkom in bepaalde sosiale kontekste. Korpuslinguistiese studies gaan gepaard met rekenaaranalises en gespesialiseerde rekenaarsagteware (Biber *et al.*, 1998:4; Mcenery & Wilson, 2001:1; Mcenery *et al.*, 2006:4). Hierdie groot datastelle wat ondersoek word, staan bekend as 'n *korpus* of *korpusse*.

3.3 DIE BEGRIP KORPUS

In die vorige afdeling is reeds genoem dat die korpuslinguistiek groot versamelings tekste gebruik vir analise. Hierdie versamelings van teks staan bekend as 'n *korpus* (enkelvoud) of *korpusse* (meervoud).

Volgens Baker (2010:6) is 'n korpus 'n groot versameling van taaldata (cf. Biber *et al.*, 1998:12) wat in elektroniese formaat gestoor word (cf. De Schryver & Prinsloo, 2000:90).

Die taaldata kan bestaande wees uit geskrewe tekste, getranskribeerde gesproke taal, of 'n kombinasie. Dit dien as basis vir linguistiese analises en beskrywings (Kennedy, 1998:1). Korpusse word dikwels geannoteer in terme van die tipe woord en die funksie wat daardie woord vervul. Dit kan ook gebruik word vir beide kwantitatiewe en kwalitatiewe analises (Baker *et al.*, 2006:48). Meeste beskikbare korpusse bestaan uit geskrewe tekste. 'n Korpus moet groot hoeveelhede data bevat (Baker, 2010:6) en tekste moet sorgvuldig geselekteer word om sodoende maksimaal verteenwoordigend van 'n taal, of 'n variëteit van 'n taal te wees (cf. Mcenery & Wilson, 2001:103; Hunston, 2002:28).

Nie alle korpusse word saamgestel om as geheel verteenwoordigend van 'n taal of taalvariëteit te wees nie; sommige korpusse verteenwoordig slegs sekere tydspannes of tekstipes. Groot hoeveelhede data laat navorsers toe om linguistiese frekwensies en patrone te ekstrapoleer, en afleidings te maak oor linguistiese norme (Baker, 2010:6).

'n Korpus kan as basis gebruik word vir 'n empiristiese benadering tot die ondersoek van taaldata (Mcenery & Wilson, 2001:5). Hulle sê ook dat 'n korpus as 'n betroubare bron vir frekwensie-gebaseerde data beskou kan word, en dit dien ook as basis waarvolgens 'n sistematiese benadering tot taalanalise geloods kan word (Mcenery & Wilson, 2001:15; cf. Kennedy, 1998:88). Volgens Kennedy (1998:2) gebruik linguïste korpusse om linguistiese vrae te beantwoord en linguistiese probleme op te los. 'n Kombinasie van hand- en rekenaaranalise kan van die meeste insigte lewer oor taalgebruik. 'n Korpus moet saam met die nodige sagteware gebruik word om sinvol te wees (Baker, 2010:7).

Uit die voorafgaande bespreking kan daar gesien word dat 'n korpus nie bloot 'n versameling tekste is nie (Biber *et al.*, 1998:246). 'n Korpus word saamgestel om 'n taal, of bepaalde gedeeltes van 'n taal te verteenwoordig. Daarom is die ontwerp van 'n korpus gerig op die 'wat van 'n taal?' word verteenwoordig. Dit is in lyn met wat Kennedy (1998:3) ook aanbeveel. Daar bestaan 'n wye verskeidenheid tipes korpusse, omrede die doel waarmee 'n korpus saamgestel word die ontwerp, grootte en aard van elke korpus beïnvloed.

3.4 DIE ONTWERP EN SAAMSTEL VAN 'N KORPUS

Linguistiese korpusse word saamgestel met die doel dat die basis sal vorm vir die analise en beskrywing van taalstruktuur en -gebruik. Die geldigheid en betroubaarheid van die korpus is van fundamentele belang tydens die saamstel daarvan, en daar moet ook sekerheid wees dat die korpus effektief gebruik kan word vir die doel waarvoor dit saamgestel is. Aspekte wat by die ontwerp en saamstel van 'n korpus in ag geneem moet word, sluit die volgende in:

- Moet 'n statiese of dinamiese korpus gebruik word?
- Op watter wyse kan die korpus die beste verteenwoordigend of gebalanseerd wees?
- Hoe groot moet die korpus wees om verteenwoordigend vir 'n spesifieke doel te wees?

Hierdie aspekte word vervolgens bespreek.

3.4.1 Statische of dinamiese korpus

Volgens Kennedy (1998:60) kan 'n korpus 'n statiese versameling tekste wees wat verteenwoordigend skyn te wees van 'n taal as geheel, of slegs 'n aspek van 'n taal op 'n gegewe tydstip. Hierdie korpus kan met 'n foto vergelyk word – die fokus val op die belangrikste eienskappe van sodanige landskap wat afgeneem word. Die taal (landskap) word dus op 'n bepaalde tydstip 'gevroes'. 'n Statische korpus word op 'n gestruktureerde wyse versamel. 'n Statische korpus bestaan uit uittreksels en steekproewe van 'n taal, of selfs gedeeltes van volledige tekste. Volgens Baker *et al.* (2006:152) is 'n statiese korpus 'n sekere en eindigende grootte. Sodra die teikengrootte bereik is vir die korpus, word geen ander tekste ingesluit nie.

'n Alternatiewe beskouing oor korpusontwerp kan dié van 'n dinamiese of monitorkorpus wees (Kennedy, 1998:61). 'n Dinamiese korpus kan volgens hierdie beskouing eerder vergelyk word met 'n bewegende beeld, soos 'n videofilm, omrede dit die geleentheid aan navorsers bied om veranderende patrone van gebruik oor 'n tydperk te monitor. So 'n dinamiese versameling van tekste is voortdurend besig om te groei, en te verander soos wat nuwe tekste bygevoeg en bygewerk word. Die samestelling en grootte van 'n

dinamiese korpus verander voortdurend, en is vir daardie rede nie geskik vir vergelykende studies (van byvoorbeeld relatiewe frekwensie van taalaspekte in verskillende variëteite van 'n taal) nie (Kennedy, 1998:61), maar kan wel effektief gebruik word om taalverandering oor 'n tydperk te monitor (Baker *et al.*, 2006:64).

Die *WatKykJy?*-korpus wat vir hierdie studie gebruik word, is 'n dinamiese korpus en groei voortdurend soos wat nuwe bydraes bygewerk word. Uit die aard van nagraadse studie is dit noodsaaklik om 'n tydsgebonde korpus te versamel, om sodoende die studie binne die gegewe tydsbeperking te voltooi. Gevolglik word data vanaf 2000 tot 2017 vir hierdie navorsing gebruik.

3.4.2 Gebalanseerde en verteenwoordigende korpus

In aansluiting by die vraag of 'n statiese of dinamiese korpus gebruik moet word, is die kwessie van die seleksie van geldige en betroubare tekste wat deel gaan uitmaak van die korpus (Kennedy, 1998:62). Om 'n korpus so verteenwoordigend as moontlik te maak, moet die populasie wat ondersoek word so duidelik as moontlik afgebaken word (Baker *et al.*, 2006:139-140; cf. De Schryver & Prinsloo, 2000:91).

'n Verteenwoordigende korpus se bevindinge kan veralgemeen word tot die taal, of tot sekere aspekte van die taal (Kennedy, 1998:62), alhoewel die kwantitatiewe bevindings misleidend mag wees as dit juis veralgemeen word na 'n groter populasie toe (Mcenery & Wilson, 2001:77). Kennedy (1998:62) reken ook dat, soos wat dit duidelik word uit navorsing in diskoersanalise en sosiolinguistiek oor etlike dekades heen, daar nie sonder meer aanvaar kan word dat 'n steekproef tekste geheel en al verteenwoordigend kan wees van alle genres, of selfs van 'n bepaalde genre of vakgebied nie. Dit is egter die doel by die saamstel van 'n korpus dat dit so verteenwoordigend as moontlik van die betrokke taal of taalvariëteit sal wees.

'n Gebalanseerde korpus word tipies ontwerp om tekste van verskillende genres en gebruike te bevat (De Schryver & Prinsloo, 2001:91). Volgens Baker *et al.* (2006:18) bestaan 'n gebalanseerde korpus uit verskeie taalgenres en teksdomeine. 'n Gebalanseerde korpus kan (moontlik) gesproke en geskrewe taal bevat, asook tekste wat uit privaat en publieke domeine kom. Hunston (2002:28) reken dat 'n gebalanseerde korpus gelyke hoeveelhede woorde per kategorie moet bevat.

Die WKJ?-blog as korpus verteenwoordig Zefrikaanse taalgebruik, soos wat dit op die internet, en spesifiek op dié blog voorkom. Dit poog nie om verteenwoordigend te wees van alle gesproke en geskrewe zef taalgebruik, of alle zef taalgebruik op die internet nie.

3.4.3 Die grootte van die korpus

'n Belangrike vraag wat beantwoord word in terme van die grootte van 'n korpus, is die hoeveelheid woorde (*tokens*) wat 'n korpus moet bevat vir 'n akkurate beskrywing van taal en taalgebruikspatrone (Kennedy, 1998:67). Die kwaliteit van 'n korpus berus nie slegs op die hoeveelheid woorde (*tekens*), of die verskillende woordtipes nie, maar ook op die hoeveelheid kategorieë wat die korpus bevat, die hoeveelheid teksvoorbeelde, sowel as die hoeveelheid woorde wat daar in elke teksvoorbeeld moet wees.

Kennedy (1998:68) reken ook dat 'n enorme korpus nie noodwendig meer verteenwoordigend van 'n taal of taalvariëteit is as 'n kleiner korpus nie, maar die waarde van 'n groot korpus moenie onderskat word nie. In stede daarvan om op die kwantitatiewe aspek van 'n korpus te fokus, moet die kwaliteit van die data ook in ag geneem word.

Baker *et al.* (2006:146) voer aan dat daar sekere faktore is wat die grootte van die korpus sal beïnvloed. Die grootte van die korpus sal bepaal word deur hoe beperk die genre van taal is wat ondersoek word. Kleiner korpusse (van ongeveer 1 miljoen woorde), wat tipies is van 'n variëteit van 'n taal, is steeds voldoende vir vergelykende analyses. Nog 'n faktor is die doel waarmee die korpus saamgestel word. 'n Korpus kan gebruik word om kollokasies te ondersoek, en om betekenis te ondersoek deur middel van konkordansies. Sodanige analyses kan gebruik word om te bepaal watter woorde dikwels in assosiasie met ander woorde gebruik word (Tognini-Bonelli, 2001:127). Kollokasies word gebruik om woorde wat dikwels saam voorkom te identifiseer. Woorde wat kollokeer neig om naas mekaar voor te kom in 'n natuurlike taalomgewing (Baker, 2010:24).

Konkordansie kan gebruik word om groter semantiese eenhede te identifiseer en frekwensie verspreidings in ag te neem (Tognini-Bonelli, 2001:135). Konkordansie kan ook gebruik word om bepaalde taalpatrone en funksies van gebruik te identifiseer. Dit kan ook 'n aanduiding gee van die onmiddellike konteks waarin 'n woord tipies voorkom (Baker, 2010:111).

Hunston (2002:25-26) reken dat korpusse van ongeveer 1 miljoen woorde relatief klein is in vergelyking met van die korpusse wat beskikbaar is. Groot, algemene korpusse word ontwerp om gebruik te word vir die samestelling van woordeboeke en ander naslaanwerke. Daar is ook duisende ander kleiner korpusse wat vir meer spesifieke doeleindes gebruik word. Algemene en gespesialiseerde korpusse gaan vervolgens bespreek word.

3.4.4 Algemene en gespesialiseerde korpusse

Volgens Baker (2010:12) kan die algemene korpus as 'n prototipiese korpus beskou word. Dié korpus bevat tipies groot hoeveelhede data, en tekste word versamel van verskeie bronne en verteenwoordig verskillende kontekste van taal (e.g. gesproke, geskrewe, elektronies, publiek, privaat, fiksie en nie-fiksie). 'n Voorbeeld van so 'n korpus is die *British National Corpus*. 'n Algemene korpus kan geanaliseer word om bepaalde vrae oor woordeskat, grammatika of diskoerspatrone van 'n taal te beantwoord. Hierdie tipe korpus word ook tipies ontwerp om gebalanseerd te wees, i.e. tekste van gesproke en geskrewe taal te bevat, sowel as verskillende genres. 'n Algemene korpus kan gebruik word as basis vir vergelykende studies.

Gespesialiseerde korpusse is korpusse wat sekere aspekte van 'n taal dek, soos 'n sekere variëteit, bepaalde tekstipes, demografiese faktore, bepaalde tydspanes of die sosiale konteks waarbinne taal geproduseer word (Baker, 2010:12). Kennedy (1998:20) reken gespesialiseerde korpusse word met spesifieke navorsingsprojekte in gedagte saamgestel.

Die WKJ?-korpus kan as 'n gespesialiseerde korpus beskou word, aangesien dit beskou kan word as 'n korpus wat gerig is op 'n spesifieke variëteit van Internetafrikaans. Data is egter nie van verskeie bronne versamel nie, slegs die WKJ?-webwerf. Dit is ook nie 'n baie groot korpus nie, en bestaan uit ongeveer 1,4 miljoen woorde. Die WKJ?-blog strek oor 'n tydperk van 18 jaar, tot dusver, waarvan 17 jaar daarvan vir analise in 'n diachroniese studie gebruik sal word.

3.4.5 Diachroniese korpusse

Baker (2010:3) voer aan dat diachroniese variasie na variasie verwys wat oor 'n tydperk plaasvind. Diachroniese variasie kan ook binne 'n bepaalde gemeenskap ondersoek

word. Taal is dinamies, voortdurend besig om te verander, en deur diachroniese variasie te ondersoek kan daar aangedui word hoe taal verander, asook die redes vir taalverandering uit te lig. Baker (2010:14) voer verder aan dat 'n diachroniese korpus taalgebruik in bepaalde tydperke verteenwoordig (cf. Kennedy, 1998:22), terwyl sinchroniese korpusse poog om 'n taal of tekstipe op 'n bepaalde tydstip te verteenwoordig (Kennedy, 1998:22, cf. Baker *et al.*, 2006:153). Kennedy (1998:38) beklemtoon die belang van 'n sorgvuldig saamgestelde diachroniese korpus, om te verseker dat daar genoegsame kronologiese-, streeks-, sosiolinguistiese- en algemene aspekte gedek word.

Baker *et al.* (2006:56) is ook van mening dat 'n diachroniese korpus sorgvuldig saamgestel moet word om sodoende maksimaal verteenwoordigend te wees van 'n taal, of 'n variëteit van 'n taal, oor 'n bepaalde tydspanne. Dit kan dan aan navorsers genoegsame geleentheid bied om linguistiese verandering gedurende daardie tydspannes na te volg.

Biber *et al.* (1998:251) vra dat die onderskeie tydspannes in 'n diachroniese korpus genoegsaam verteenwoordig word. Die eerste stap wat navorsers moet onderneem in die ontwerp van 'n diachroniese korpus, is om die navorsingsdoelwitte te bepaal.

Diachroniese korpusse se samestelling moet van so 'n aard wees dat die data wat ondersoek word, gelyksoortig moet wees. Indien enige verskille in taalgebruik dan voorkom, dit toegeskryf kan word aan diachroniese verandering, eerder as die korpus se samestelling (Baker, 2010:60). Hy sê ook verder (2010:79-80) dat korpusgebaseerde diachroniese analise van variasie lig kan werp op die dinamiese wyses waarop gemeenskappe nuwe taalvorme aanneem en ander verwerp. Die doel waarvoor 'n korpus gebruik word en die wyse waarop taaldata geanaliseer en geïnterpreteer word, onderskei twee benaderings wat gebruik kan word, naamlik die korpusgebaseerde benadering en die korpusgedrewe benadering. Die twee benaderings gaan in die volgende afdeling kortliks bespreek word.

3.4.6 Korpusgebaseerde en korpusgedrewe benadering

Kennedy (1998:1) voer aan dat korpuslinguistiek die samestelling en analise van korpusse behels en sodoende as 'n empiriese metodologie beskou kan word (cf. Tognini-

Bonelli, 2001:2). Mcenery en Wilson (2001:2) sien korpuslinguistiek as bloot 'n metodologie, eerder as wat dit as 'n benadering tot taal gesien word wat verklaar of beskryf moet word. In teenstelling met Mcenery en Wilson, voer Tognini-Bonelli (2001:1) aan dat korpuslinguistiek veel verder strek as bloot 'n metodologie wat taal ondersoek. Sy reken dat korpuslinguistiek as 'n teorie beskryf kan word, omrede dit spesifieke bydraes tot ander dissiplines in taalstudies kan lewer.

Dit blyk uit die voorafgaande bespreking dat daar konsensus is tussen navorsers oor die beskrywing van korpuslinguistiek, maar dat daar nie eensgesindheid is oor of korpuslinguistiek 'n metode of 'n teorie is nie. Mcenery *et al.* (2006:7-8) poog om 'n verduideliking te gee van die verskillende sienings. Hulle sê omdat korpuslinguistiek 'n hele sisteem van metodes en beginsels is wat bepaal hoe korpusse in taalstudies gebruik kan word, het dit teoretiese begronding, maar is nie 'n teorie opsigself nie. Korpuslinguistiek moet nie met 'n definisie ingeperk word nie, en eerder beskou word as 'n metodologie wat oor verskeie toepassings oor vele areas en linguistiese teorieë strek. Korpuslinguistiek is nie 'n onafhanklike aspek van die linguistiek nie, en dit is nie beperk tot 'n bepaalde aspek van taal nie, maar kan gebruik word om enige aspek van taal te ondersoek (Mcenery *et al.*, 2006:7). Aangesien daar verdeeldheid bestaan tussen navorsers oor die korpuslinguistiek as *metode* of *teorie*, het dit gelei tot die onderskeie benaderings van korpuslinguistiek.

Tognini-Bonelli (2001:65) beskryf 'n korpusgebaseerde benadering as 'n metodologie waar teorieë en hipoteses vooraf geformuleer is, en die korpus gebruik word om dié teorieë en hipoteses te 'bewys'. In korpusgebaseerde analyses is frekwensie verspreidings, of die afwesigheid van bepaalde patrone, nie bepalend vir die formulering van 'n teorie nie. Korpusse word tipies gebruik om reeds bestaande hipoteses te valideer (cf. Mcenery *et al.*, 2006:10). Volgens Tagg (2009:43) is korpusgebaseerde studies nuttig om 'n spesifieke verskynsel te ondersoek en te valideer. Die empiriese ondersoek geskied aan die hand van reeds bestaande taalmodelle en spesifiek ontwerpde, of bestaande, raamwerke (cf. Mcenery *et al.*, 2006:3; Baker, 2010:3). Deur 'n korpusgebaseerde benadering te gebruik, kan betroubare kwantitatiewe data verkry word (Mcenery *et al.*, 2006:7).

Biber *et al.* (1998:4-5) reken dat korpusgebaseerde analyses gekarakteriseer kan word deur:

- Die empiriese aard daarvan. Taalgebruikspatrone kan geanaliseer word;
- Die korpus word gebruik as basis vir die analise;
- Die analises is interaktief en geoutomatiseerd, en word gedoen met behulp van rekenaars en rekenaarsagteware;
- Die analises is van beide kwalitatiewe en kwantitatiewe aard.

Gevolgtrek moet korpusgebaseerde analises kwalitatiewe, funksionele interpretasies lewer van kwantitatiewe patrone wat uit die data voorkom.

Mcenery en Wilson (2001:76) voer aan dat linguiste wat kwalitatiewe analises doen, geen poging aanwend om frekwensies toe te ken aan die linguistiese eienskappe wat in data geïdentifiseer is nie. Data word slegs gebruik as basis vir die identifisering en beskrywing van aspekte van taalgebruik. Tydens kwantitatiewe analises word kenmerke in 'n taal geklassifiseer, getel en aangewend om komplekse statistiese modelle te ontwerp, wat 'n bydrae kan lewer tot die interpretasie van geobserveerde taaldata. Kwantitatiewe analises se bevindings kan nie veralgemeen word nie, maar direkte vergelykings kan gemaak word tussen korpusse, solank daar geldige steekproefneming plaasgevind het. Indien 'n kwantitatiewe analise gedoen word in 'n enkele variëteit van 'n taal, kan daar presies aangedui word hoe algemeen of skaars bepaalde taalverskynsels is (Mcenery & Wilson, 2001:77).

Tydens die tweede benadering, die korpusgedrewe benadering, neem navorsers 'n 'nàïwe' posisie in, en gebruik die rekenaar en toepaslike sagteware om gelyksoortighede en verskille rakende die taaldata in die korpus uit te lig (Baker, 2010:3).

Tagg (2009:44,56) argumenteer dat wanneer 'n korpusgedrewe benadering gebruik word, navorsers data nie benader met voorafbeplande hipoteses oor wat hulle in die data gaan vind nie, maar berus op die veronderstelling dat patrone wel sal voortkom uit die data self. Dit beteken dus dat die korpusgedrewe bestudering van taal nie die linguistiese profiel van taalvariëteite sal aanpas by bestaande modelle nie, maar elke variëteit sal

benader sonder enige vooropgestelde idees wat uit die data mag voortkom. Mcenery *et al.* (2006:9) dat groot korpusse gebruik moet word vir die korpusgedrewe benadering om effektief te wees.

In hierdie studie sal daar van 'n *korpusgebaseerde benadering* gebruik gemaak word, aangesien daar 'n reeds bestaande klassifikasieraamwerk is vir moontlike taalverskynsels. 'n Kombinasie van kwalitatiewe en kwantitatiewe analyses sal gebruik word. Die moontlikheid bestaan egter dat daar tydens die handanalise fase nog taalverskynsels ontdek kan word, wat nie reeds in die klassifikasieraamwerk ingesluit is nie. Die raamwerk sal dan uitgebrei word en nuwe verskynsels sal ingesluit word tydens die kwantitatiewe fase.

3.5 BESKRYWING VAN DIE KORPUS IN HIERDIE STUDIE

Die hoofkorpus wat vir hierdie studie gebruik word, is die *WKJ?*-blog. Die korpus kan as 'n monitorkorpus (vgl. Hunston, 2002:16) beskryf word. Hierdie korpus kan gebruik word om veranderings (en stabiliserings) in 'n taal na te volg. Data in 'n monitorkorpus kan jaarliks, maandeliks of daagliks bygewerk word, so die grootte van die korpus groei voortdurend. Die tekstipes bly egter dieselfde, so elke jaar/maand/dag is direk vergelykbaar met elke ander jaar/maand/dag. Hunston (2002:30) reken dat dit feitlik onmoontlik is om 'n monitorkorpus te onderhou wat verskillende tipes tekste bevat.

Die South African Centre for Digital Language Resources (SADiLaR), tesame met verskeie vennote, skep, bestuur en versprei digitale taalbronne, sowel as toepaslike sagteware, vir alle amptelike tale van Suid-Afrika. Alle data en sagteware word beskikbaar gestel vir navorsingsdoeleindes, om sodoende Suid-Afrika se inheemse tale uit te brei en te bevorder (SADiLaR, 2018). Volgens Viva (2016) is die korpusse in Viva se korpusportaal saamgestel vir navorsingsdoeleindes. Die eksklusiewe korpus (aansoek moet gedoen word om toegang tot hierdie korpus te verkry), die *WKJ?*-korpus, is beskikbaar gemaak as 'n "unieke korpus van informele, geskrewe geselstaal (d.i. as 'n spesifieke gebruiksvariëteit [sic] van Afrikaans, te wete sogenaamde Zefrikaans)". Roald Eiselen het die korpusdata vir hierdie studie onttrek, en verpak volgens jaar, asook skeiding gemaak tussen hoofteks en kommentaargedeeltes.

3.6 DATA-ANALISE

3.6.1 Handanalise

Tydens hierdie fase is vyftig tekste (ongeveer 30 000 woorde) met die hand ontleed om te bepaal watter tipe verskynsels in die korpus voorkom. Die handanalise is uitgevoer om die volledigheid van digitale taalgebruiksverskynsels (afd. 2.5) te kontroleer, asook die akkuraatheid van die outomatiese analise te kontroleer.

Hierdie verskynsels is gebruik om die bestaande raamwerk verder te verfyn en aan te vul.

Verskeie tekste is gekies om verteenwoordigend van al die dataperiodes (2000-2017) te wees. Elke moontlike verskynsel is onderstreep en gekontroleer met die klassifikasieraamwerk. Indien daar verskynsels was wat nie reeds in die raamwerk voorgekom het nie, is dit in Hoofstuk 4 verder uitgebrei en aangepas. Gedurende die handanalise is reeds bestaande aspekte geïdentifiseer wat ook in vorige navorsing voorgekom het, sowel as nuwe moontlikhede van taalgebruik is ondersoek.

Miskien is ek verkeerd, maar mense doen sekere goed wat my de **bliksem** in maak **SEDERT EK LAAS 'N SKYF GEHAD HET!!**

- Soos wanneer iemand na sy horlosie toe wys as hy my vra wat die tyd is . Ek weet waar my horlosie is pêl. Waar de fok is joune **??????** (*veelvuldige punktuasie*) Wys ek na my **voël** (*eufemisme-taboewoord*) toe as ek vra waar die toilet is?
- Of soos wanneer iemand gewillig is om van sy **gat** (*taboewoord*) af op te staan en die hele **donnerse** (*taboewoord*) kamer vol te soek vir die **remote** (*kodevermenging*) omdat hy weier om na die TV toe te loop en die **chanel** (*spelfout*) te change.
- Of as iemand sê “dis altyd op die laaste plek wat jy soek.” Natuurlik is dit. Hoekom sal jy nou **fokken** (*taboewoord*) aanhou soek nadat jy die **donnerse** ding gekry het. Doen mense dit **???** Wie is hulle en waar is hulle **????**
- Of terwyl jy in ‘n flik sit en iemand vra “het jy dit gesien?”. Nee **doos**, (*taboewoord*) ek het R30-00 betaal om na die flik toe te kom en na die vloer te staar.
- Of as iemand my vra ” kan ek jou ‘n vraag vra?” Gee my nie eintlik ‘n keuse nie **nè**(*skryftekenfout*). Ek meen jy’t my mos nou al klaar ‘n **fokken** vraag gevra **???**
- Of hierdie **atvertensie** (*spelfout*) **doose** wat iets adverteer as “new and improved”. Wat is dit nou eintlik?? Ek meen, as iets nuut is, dan was daar mos nog nie iets voor dit nie. As dit “improved”

is, dan moes daar mos iets gewees het waarop hulle ge "improve" (*leenmorfologie*) het. So hoe de fok (*taboewoord*) kan dit "new and improved" wees.

- Of as iemand sê die lewe is kort. Kak (*taboewoord*). Dis die langste fokken ding wat enige een van ons ooit sal doen. Wat gaan jy doen wat langer is as dit??
- Of as jy vir die bus sit en wag en iemand vra jou of die bus al gekom het. As die bus al gekom het, sou ek nie nog hier gesit en wag het nie, knopkop!

Figure 3-1: Voorbeeld van handanalise

3.6.2 Hoofanalise met behulp van WordSmith 7

Die hoofanalise is met behulp van WordSmith konkordansieprogrammatuur uitgevoer. WordSmith is 'n sagteware pakket wat deur Mike Scott ontwikkel is om tekste en korpusse te analiseer (Baker, 2010:169). WordSmith verskaf inligting aan gebruikers oor die frekwensie van woorde en taalverskynsels. Dit kan manifesteer as 'n frekwensielys wat alfabeties gerangskik kan word, of met die mees frekwente woorde in die korpus eerste. Die woordelyste kan saamgestel word van individuele tekste of van die hele korpus. Inligting oor woordfrekwensie kan gebruik word om eienskappe te identifiseer van 'n teks of 'n genre (Scott, 2001:47-48).

Tabel 3-1: Voorbeeld van WordSmith woordelys

WordL								
File Edit View Compute Settings Windows Help								
N	Word	Freq.	%	Texts	%	Dispersion	Lemmas	Set
1	die	51 380	3,69	33	97,06	0,96		
2	en	29 765	2,14	32	94,12	0,94		
3	'n	27 498	1,98	33	97,06	0,97		
4	is	23 916	1,72	33	97,06	0,97		
5	nie	22 473	1,62	31	91,18	0,95		
6	het	21 320	1,53	32	94,12	0,99		
7	in	19 999	1,44	32	94,12	0,98		
8	van	15 030	1,08	32	94,12	0,96		
9	wat	12 979	0,93	31	91,18	0,96		
10	vir	12 430	0,89	29	85,29	0,97		
11	te	12 362	0,89	31	91,18	0,97		
12	jy	11 468	0,82	30	88,24	0,96		
13	op	10 291	0,74	29	85,29	0,98		
14	met	10 125	0,73	32	94,12	0,96		
15	ek	9 908	0,71	32	94,12	0,89		
16	om	9 828	0,71	30	88,24	0,97		
17	dit	9 367	0,67	33	97,06	0,96		
18	jou	9 049	0,65	31	91,18	0,94		
19	of	8 555	0,62	30	88,24	0,95		
20	ons	8 189	0,59	28	82,35	0,95		
21	so	8 140	0,59	31	91,18	0,96		
22	se	7 913	0,57	30	88,24	0,98		
23	hulle	7 554	0,54	30	88,24	0,96		
24	my	7 421	0,53	30	88,24	0,91		
25	as	7 280	0,52	27	79,41	0,96		
26	was	7 222	0,52	31	91,18	0,93		
27	Die	6 551	0,47	30	88,24	0,96		
28								
frequency alphabetical statistics filenames notes								
75 834 entries Row 1 0% T S								

Volgens Baker (2010:42) kan konkordansie gebruik word om 'n enkele woord te teiken, of variasies van 'n trefwoord op te soek. Konkordansies verskaf ook kontekstuele inligting oor 'n woord in 'n korpus.

Tabel 3-2: Voorbeeld van konkordansie van die trefwoord mans

Concord													
File Edit View Compute Settings Windows Help													
N	Concordance	Set	Tag	Word	#	Sent	Sent	Para	Para	H...	H...	Sect	Sect
					#	Pos	#	Pos	#	Pos	#	Pos	
1	nie, toe is daar 'n riot squad van so 10 mans sterk met gas guns, rubber bullets				19	1	17	0	19			0	19
2	is. Dit raak nou lelik. Later klim die 2 mans nou uit en hulle is Tant Dorra se				22	1	6	0	22			0	22
3	by die McGill in Kanada het 82 mans getoets deur vir hulle fotos van				1	678	...	10	0	1		0	1
4	mos my fokken reënjas aantrek! *** Mans is soos rooi wyn. Hoe ouer, hoe				28	1	3	0	28			0	28
5	verkies sy gespieerde, aantreklike mans. Maar net voor sy menstrueer				107	6	10	0	...			0	...
6	aansienlik verder as sy bouncer abilities. Mans maak klanke met die baskitaar en				32	1	2	0	32			0	32
7	. Veral vir regte blanke Afrikaanse mans en van wat ons kan aflei is jy 'n				22	1	7	0	22			0	22
8	. Veral vir regte blanke Afrikaanse mans en van wat ons kan aflei is jy 'n				25	1	7	0	25			0	25
9	, "In die kryt saam met Joost en Amor". Mans aan die een kant, vrouens aan die				41	3	2	0	41			0	41
10	, en baie belangrik - moenie naby ander mans staan nie. Te veel piercings laat jou				67	3	11	0	67			0	67
11	. Die lewe is soms hard. En ander mans se piete ook. - IOL Onthou julle				56	2	4	0	56			0	56
12	in 'n kroeg uitgedink het en toe begin mans dit verkondig asof dit die				72	4	24	0	72			0	72
13	is nie. 'n "Aftrekplek" is waar behoeftige mans hul "rukkies" pleeg. Alles in				88	5	33	0	88			0	88
14	en al die mans die sport bewonder. Mans like mos sport. Dis vir ons mooi.				150	9	2	0	...			0	...
15	om kak soos daai van scratch te bou. Mans wat min genoeg sosiale interaksie				24	1	2	0	24			0	24
16	hande Sy's 'n regte rissiepit Sy brand mans links en regs Van baie lag, kom en				868	42	33	0	...			0	...
17	geslag en ereksies op ongelee tye by mans. As jy op enige stadium wel voel				17	1	22	0	17			0	17
18	uit die graf het en soos baie chicks mans manipuleer, gebruik sy 'n				123	6	16	0	...			0	...
19	sal jou goeie hart mis. Almal weet dat mans diep in hul harte varke is. Op				5	387	37	5	0	5		0	5
20	ry. Die 600kg monsterrissiepit word deur mans gedra tydens hierdie event en				39	2	7	0	39			0	39
21	in Brazil gedoen is, het helfte man die mans 'n moerse kraakgeluid gehoor toe				7	412	...	17	0	7		0	7
22	van iemand wat weet dat al die mans op die strand se oë op haar is. Ek				2	409	...	11	0	2		0	2
23	is gewoonlik medium gebou, die mans met ronde gesiggies en die				68	4	8	0	68			0	68
24	onder die sambreel van die vreters, die mans in die see kyk nou weer vir die				2	670	...	30	0	2		0	2
25	in kinderpartytjies. Wat doen die mans in hierdie verhoudings? Hulle gee				152	9	5	0	152			0	152
26	Griff Ek het dit gespec op die dak in die mans kakhuis, voor die piskrip in n zef				17	1	13	0	17			0	17
27	Town Rollergirls mekaar afskryf en al die mans die sport bewonder. Mans like mos				150	9	19	0	...			0	...
28	...				...	...	...	...	...			...	...

Woordkonkordansie vind 'n verwysingswoord of -frase binne 'n korpus, tesame met die konteks (kollokasies aan beide kante van die trefwoord). Kollokasies kan ook saamgestel word om die mees frekwente woorde links en regs van die soekwoord aan te dui. 'n Grafiese voorstelling van waar die soekwoord in die korpus verskyn kan ook 'n aanduiding gee van die verspreiding van 'n woord in die korpus. Figuur 3-3 is gesorteer volgens die trefwoord, sowel as volgens een woord links van *mans* gesorteer, wat bepaalde gebruikspatrone na vore bring.

Sekere verskynsels, soos taboewoorde (bv. *fok* en gepaardgaande samestellings en afleidings), leenmorfologie, neologismes en vloekwoordinlywing is met behulp van die woordelys funksie van WordSmith gesoek. Sodoende is 'n volledige lys verkry van moontlike woorde en woordkombinasies. Die lys is in Notepad++ gestoor en dan is die lys gebruik om die konkordansie van die woorde te soek. Die konkordansie funksie gee meer konteks vir die woorde, dus kan woordfunksies en woordsoorte bepaal word, asook hoe dikwels die betrokke woord die bepaalde funksie verrig (bv. *fok* kan as selfstandige naamwoord gebruik word, en as werkwoord). Sekere taboewoorde soos *fok* tesame met pre- en postmorfeme (**fok**) is gesoek met die konkordansiefunksie. Die resultaatlys het dan alle woorde wat die stam *fok* bevat, tesame met die morfeme getoon. Patrone wat

gevorm is oor tyd, of die tekort daaraan, is gevolglik onder die soeklig geplaas. Aangesien die korpus per jaar geannoteer is, is die betrokke taalverskynsel se konkordansielys in Microsoft Excel gestoor, en die woorde/taalverskynsels is geklassifiseer per jaar, asook per tipe teks (hoofteks of kommentaargedeele). Daar is van *pivot tables* gebruik gemaak om die betrokke woord/taalverskynsel se gebruik oor die sewentien jaar na te volg.

3.7 SAMEVATTING

Die voorafgaande hoofstuk het 'n teoretiese agtergrond verskaf oor waarom die korpuslinguistiek geskik is as navorsingsmetode om taalgebruikspatrone te ondersoek. Korpusse beskik oor groot hoeveelhede data, wat met behulp van rekenaarsagteware ontleed kan word om patroonmatigheide in 'n korpus te ondersoek. Die navorser kan dan afleidings maak, deur die patrone wat gevorm word te interpreteer. Korpusse word met 'n spesifieke doel in gedagte saamgestel, om sodoende maksimaal benut te kan word. Die volgende hoofstuk is die data-analise, en 'n bespreking oor wat in die korpuslinguistiese ondersoek gevind is.

HOOFSTUK 4: DATA-ANALISE EN BESPREKING

4.1 INLEIDING

Uit die bespreking van internettaalpatrone in Hoofstuk 2, is dit duidelik dat aanlyn taalgebruikers unieke taalgebruikspatrone implementeer. 'n Bloot teoretiese bespreking is nie voldoende om aanlyn taalgebruikspatrone te verklaar nie.

Teen hierdie agtergrond is die doel van hierdie hoofstuk om op 'n kwantitatiewe en kwalitatiewe wyse te probeer vasstel wat die linguistiese eienskappe van Zefrikaans is, soos wat dit manifesteer op 'n spesifieke webwerf, naamlik WatKykJy.co.za. Die ondersoek is nodig om te bepaal hoe die gebruik van hierdie eienskappe op die blog oor tyd verander het. Sodoende kan die ondersoek gebruik word om tot 'n gevolgtrekking te kom of lede van die *WKJ?* aanlyn gemeenskap se taalgebruik begin konvensionaliseer het oor 'n periode van sewentien jaar.

Vervolgens gaan die linguistiese eienskappe bespreek word aan die hand van die raamwerk wat reeds in Hoofstuk 2 gekonseptualiseer is. Die raamwerk sal dan ook in hierdie hoofstuk verfyn en uitgebrei word soos nodig. Eerstens sal daar na ortografiese verskynsels soos skryftekens, veelvuldige puntuasie, herhaling van letters en onkonvensionele spelling gekyk word. Leksikale verskynsels soos neologismes en geleentheidskeppings, leenmorfologie, taboewoorde en vloekwoordinlywing kom daarna onder bespreking.

4.2 ORTOGRAFIESE VERSKYNSELS

4.2.1 Skryftekengebruik

Dikwels in aanlyn taalgebruik word skryftekens op 'n nie-konvensionele wyse op die internet gebruik.

Die volgende tabel (4.1) gee 'n uiteensetting van skryftekengebruik, asook die weglating daarvan in die *WKJ?*-korpus.

Tabel 4-1: Totaal en relatiewe frekwensie van voorbeelde van skryftekengebruik (kappie, deeltekens en afkappingsteken)

WOORD		WKJ?-KORPUS			
<i>Kappie</i>	<i>Met kappie</i>	<i>Sonder kappie</i>	<i>Ander skryfteken</i>	<i>Totaal per korpus</i>	<i>% Weglating</i>
vlermuis[e]	0	9	0	9	100,0
môre	16	187	0	203	92,1
êrens	19	21	0	40	52,5
nêrens	32	15	0	47	31,9
skêr	64	24	0	88	27,3
Kêrel[s]	25	9	0	34	26,5
gesê	206	43	0	249	17,3
wêreld[*]	291	55	0	346	15,9
sê	1259	226	21	1506	15,0
hê	308	48	1	357	13,4
<i>Deeltekens</i>	<i>Met deeltekens</i>	<i>Sonder deeltekens</i>	<i>Ander skryfteken</i>	<i>Totaal per korpus</i>	<i>% Weglating</i>
gereël	10	9	0	19	47,4
reünie	4	3	0	7	42,9
knieë	19	10	0	29	34,5
leë	23	9	0	32	28,1
spieël	38	11	0	49	22,4
vroë	98	9	0	107	8,4
oë	222	18	0	240	7,5
<i>Afkappings-teken</i>	<i>Met afkappingsteken</i>	<i>Sonder afkappingsteken</i>	<i>Ander skryfteken</i>	<i>Totaal per korpus</i>	<i>% Weglating</i>
ek't	42	36	0	78	46,2
wie't	7	3	0	10	30,0
ek's	144	50	0	194	25,8
sy's	15	2	0	17	11,8
wat's	53	7	0	60	11,7
hy't	72	9	0	81	11,1
jy's	77	8	0	85	9,4
jy't	40	4	0	44	9,1
hy's	101	10	0	111	9,0
sy't	23	2	0	25	8,0
wie's	43	3	0	46	6,5

4.3 Bespreking

Die gebruik van die kappie toon wisselvallige gebruik in die korpus. In *erens/êrens* is die weglating, sowel as die gebruik van die kappie baie soortgelyk. In teenstelling word *nêrens* bykans dubbel soveel keer met die kappie geskryf as daarsonder. Vir hoë frekwensie kappiewoorde (voorbeelde 4.1 – 4.4) word die kappie oorwegend gebruik eerder as weggelaat.

- [4.1] *My Ma het altyd gesê dat as ek niks goed het om te sê nie, ek eerder my fokken bek moet hou, so in plaas daarvan om gal te braak, gaan ek eerder positief wees en hieronder vir julle 'n lys van krismis geskenke gee wat jy eerder kan kry vir daardie spesiale persoon in jou lewe. (WKJ? 2012 Hoofteks)*
- [4.2] *Om 'n onderwyser te wees moet jy seker 'n IK van hoër as 50 hê. Hoewel, nou dat ek daaraan dink, meeste van my laerskoolonderwysers was alkies. (WKJ? 2013 Hoofteks)*
- [4.3] *Dis alreeds 'n hond-eet-ballas wêreld daarbuite vir die gevestigde muso's so dink net hoe moeilik dit moet wees vir die outjies wat vir die scraps probeer fight. (WKJ? 2016 Hoofteks)*
- [4.4] *Sy drink maar sy is nie mal nie, sy vat nie eers drugs nie want anders sê die mense vir haar sy is tarty en hoort in tarraland - soos wat hulle vir my sê. (WKJ? 2017 Hoofteks)*


Daar is egter twee uitsonderings by die kappiewoorde te vinde. *Vlermuis/e* het in totaal nege keer in die korpus voorgekom, en in al nege instansies is die kappie geheel en al weggelaat. Die moontlikheid bestaan dat skrywers nie bewus is van die feit dat *vlêrmuis* met 'n kappie geskryf word nie. Die tweede uitsondering word gevind in die gebruik van die kappie in *môre*. *Môre* word slegs sestig keer met die kappie geskryf, teenoor die aanvaarbare wisselvorm *more* wat 187 keer voorkom. Dit is in lyn met wat Jansen van Vuuren (2007:238) ook in haar analise bevind het. Die tendens om die kappie weg te laat uit woorde kan daarop dui dat die skrywer bloot tyd wou bespaar en nie al die 'onnodige' sleuteldrukke wou druk nie.

Die gebruik van, of die weglating van die deelteken toon soortgelyke gebruik in woordpare soos *gereel/gereël*, *reunie/reünie*, *spieeltjies/spieëltjies*, asook *vroeër* en die spelfout

vroëer. Woorde wat beduidend meer in alledaagse omgang gebruik word, en dus ook meer in die korpus voorkom, se deeltekengebruik is aansienlik meer. Woordfrekwensie speel dus 'n groot rol in die gebruik en weglating van die deelteken.

Weglatingstekens word gebruik in saamtrekkings om 'n letter, of letters, wat weggelaat word aan te dui. Weglatingstekens kom veral voor by persoonlike voornaamwoorde se saamtrekkings. Aangesien WKJ? 'n blog is, en dit 'n korpus van informele gesproke geskrewe taal is, is daar 'n hoë frekwensie gebruik van persoonlike voornaamwoorde. Die persoonlike voornaamwoord *ek* kom beduidend meer voor as ander voornaamwoorde, en is 'n aanduiding van die interpersoonlike interaksies wat plaasvind tussen die skrywer/s van die blog, sowel as die lesers wat kan kommentaar lewer op webinhoud. Soos in tabel 4-1 aangedui, kom *ekt* sonder die weglatingstekens 36 keer voor, en met die weglatingstekens (*ek't*) 42 keer. Daar is, volgens die totale getalle van die tabel, geen duidelike voorkeur vir die gebruik of weglating van die weglatingstekens in hierdie geval nie. Die teenoorgestelde is egter waar vir die saamtrekking *eks/ek's*. Omdat dit 'n hoër frekwensie gebruikswoord is, word die weglatingstekens meer dikwels gebruik as weggelaat. Die gebruik van die weglatingstekens by *eks* voorkom ook dubbelsinnigheid, aangesien *eks* na 'n voormalige vrou of vriendin kan verwys (cf. Crystal, 2001).

In terme van die derdepersoonsvoornaamwoorde *sy* en *hy* en die gepaardgaande saamtrekking kombinasies, kom *sy's* en *sy't* met en sonder die weglatingstekens gekombineerd slegs 42 keer voor, waar *hy's* en *hy't* met en sonder weglatingstekens gekombineerd 192 keer voorkom. Manlike derdepersoonsvoornaamwoorde word dus oorwegend meer as die vroulike derdepersoonsvoornaamwoorde gebruik, wat op die stereotipiese manlike identiteit van die WKJ?-spraakgemeenskap kan dui. Volgens tabel 4-1 kan daar gesien word dat die standaard gebruik van die weglatingstekens hoër is as die weglating daarvan.



Grafiek 4-1: % Weglating van skryftekens per periode

In grafiek 4-1 kan die wisselvallige voorkoms van deeltekenweglating gesien word. In 2002 was daar 'n redelike toename in deeltekenweglating. Daarna het die weglating begin afplat en weer begin toeneem in 2008. Weglating het piek bereik in 2010, en van daar af weer stelselmatig afgeneem.

In grafiek 4-1 is daar nie 'n duidelike tendens wat die weglatingsteken aanbetref nie. Die grootste toename in die weglating van hierdie skryfteken het in 2012 plaasgevind, en dan weer in 2014 en 2017. Aangesien 2007 se data vir die jaar baie min is, is daar geen gevalle gevind waar die weglatingsteken weggelaat is in persoonlike voornaamwoorde nie. Na 2012 het die weglating van hierdie skryfteken geleidelik afgeneem, behalwe in 2017 waar daar weer 'n toename was.

Weglating van die kappie het 'n afname oor tyd getoon (grafiek 4-1). Dit kan moontlik te wyte wees aan die drie gevalle waar sosiale sanksie plaasgevind het en deelnemers berispe is oor hulle nie leestekens gebruik het nie. Die laaste aangetekende geval van sosiale sanksie oor leestekens is in 2010. 'Leestekens' word in die korpus kollektief gebruik om na hoofletters, skryftekens en punktuasie te verwys (voorbeeld 4.5)

[4.5] *ja ek sal my bek rek_julle is klomp vuil uile om die tipe taal en goed op internet
tesit. het julle geen skaamte nie_
Karools*

Jirre. Wat vertel jy my nou? Nuus?

PS: Maak jy uit van leestekens? (WKJ? 2010 Hoofteks)

Daar was 'n duidelike toename in weglating vanaf 2000-2003, waarna die tendens afgeneem het. Daar was weer 'n effense toename in 2008 en 2010, maar het daarna met redelike konsekwentheid verminder, tot daar in 2017 geen aangetekende gevalle voorgekom het waar die kappie weggelaat is nie. Die gebruik van skryftekens toon 'n terugkeer na standaardtaalnorme, waar die kappie in geskrewe taal 'n vereiste is.

4.3.1 Punktuasie

Veelvuldige punktudasie is een van die eienskappe van taalgebruik op die internet (Danet, 2001:17). Volgens Crystal (2001:87) is aanlyn gebruikers geneig om die 'save a keystroke' beginsel toe te pas, wat tot gevolg het dat leestekens (kommas en punte) dikwels in die slag bly. Hy voer egter ook aan (2001:87) dat ongewone kombinasies van leestekens dikwels voorkom, en die oordrewe en lukrake gebruik van punktudasie kan óf op beklemtoning dui, óf 'n sekere houding van skrywers aan lesers oordra. Crystal (2001:124) reken ook dat hoe meer leestekens herhaal word in 'n uiting, hoe meer ekspressiwiteit word aan die uiting geheg.

In die *WKJ?*-blog word deelnemers aangespreek (sosiale sanksie) as hulle nie leestekens gebruik nie (sien figuur 2-5, asook afd. 4.2.1). Dus word die hoofteks normaalweg met die nodige leestekens geskryf, maar 'n mens moet in gedagte hou dat *WKJ?* 'n blog is en gesproke taal naboots, en om die rede is daar wel frekwente gebruik van veelvuldige punktudasie. Sosiale sanksie vind nie plaas in terme van veelvuldige punktudasie nie, dit wil voorkom asof dit vir aanlyn taalgebruikers aanvaarbaar is.

Tabel 4-2 verskaf 'n oorsig oor hoe die uitroepteken (as die eerste leesteken in 'n reeks), tesame met die vraagteken in 'n paar instansies, aangewend word in die korpus.

Tabel 4-2: Veelvuldige punktuasie

Leesteken	Kommentaar	Hoofteks	Totaal in korpus
!?	183	247	430
!!	136	148	284
!!?	112	111	223
!??	72	103	175
!???	30	46	76
!!!	40	29	69
!!???	24	26	50
!!??	18	21	39
!!!?	23	8	31
!?!	18	11	29
!?!?	12	10	22
!!!!	14	7	21
!!!!?????	13	1	14
!!!!	6	7	13
!?!?!?	5	6	11
!??!!	4	4	8
!!!!!!	4	1	5
!!!!!!!!	3		3
!!!!!!!!	3		3
!!!!!!!!!!!!	2		2
!!!!!!!!!!!!!!	2		2
!!!!!!	2		2
!!!!!!!!!!	2		2
!!!!!!!!!!!!!!	1		1
!!!!!!!!!!!!!!	1		1
!!!!!!!!!!!!!!	1		1
!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!	1		1
!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!	1		1
!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!	1		1
!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!	1		1
Groottotaal	735	786	1521


Die mees frekwente kombinasie van veelvuldige punktuasie wat in die korpus voorkom is die !?. Die dubbel uitroepteken met 'n enkele vraagteken, en 'n enkel uitroepteken met 'n dubbel vraagteken toon ook hoë frekwensies van gebruik. Hierdie hoë frekwensie leestekens word in beide die kommentaargedeeltes en hoofteks gevind. Genormaliseerd kom veelvuldige punktuasie 14 keer per 1000 woorde in die kommentaargedeeltes van

die korpus voor, terwyl dieselfde verskynsel in die hoofteks slegs 1 maal per 1000 woorde voorkom. Daar is egter 'n tendens wat ook na vore kom rakende die gebruik van meer as vyf uitroepetekens: dit word by uitstek meer in die kommentaargedeeltes gevind as in die hoofteks.


- [4.6] *Van koekie na tjoekie, hahahahaha!! ... fok, ek's dronk. (WKJ? 2013 Hoofteks)*
- [4.7] *Kyk die beertjie se handjie hahahahhahaaaaaaa!! Awesum!! (WKJ? 2010 Kommentaar)*
- [4.8] *Daar gaan fokol aan, maar hoe cool is dit om toevallig 'n plek te ontdek wat jy al in music videos en movies gesien het?! (WKJ? 2013 Hoofteks)*
- [4.9] *Sy ma tune hom: "Jammmer??! Jammer??! Dis jou fokken skuld dat ons Joburg toe getrek het!" (WKJ? 2010 Hoofteks)*
- [4.10] *DAAI BEER IS FOKKEN AWESOME!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!! (WKJ? 2010 Kommentaar)*
- [4.11] *Jy raak angstig en skiem "Waar de fok sit ek die ding af??!" (WKJ? 2010 Hoofteks)*

Grafiek 4-2 en 4-3 gee grafiese representasies van die tabel se inligting, net per periode. Die grafieke is ook geskei om die voorkoms van veelvuldige punktulasie in die kommentaargedeeltes en die hoofteks onderskeidelik aan te dui. Die gebruik van meer as een leesteken aan die einde van die sin in die kommentaargedeeltes het veral gepiek in 2001-2002, 2006 en 2010.

Alhoewel veelvuldige punktulasie baie wisselvallig gebruik is tot en met 2010, en dit wel 'n afname getoon het na 2010, blyk dit asof gebruik begin stabiliseer het vanaf 2011. Die gebruik van veelvuldige punktulasie kom veral in die kommentaargedeeltes van die blog voor, in vergelyking met die hoofteks, en konvensies het gevorm.



Grafiek 4-2: Veelvuldige puntuasiegebruik per periode in die kommentaargedeeltes



Grafiek 4-3: Veelvuldige puntuasiegebruik per periode in die hooftteks

Veelvuldige puntuasie het in die eerste sewe jaar van die blog nie so pertinent voorgekom in die hooftteks nie. Eers vanaf 2008 was daar 'n beduidende toename in die gebruik van meer as een leesteken en kombinasies daarvan. Dit kan toegeskryf word aan 'n toename in bedrywigheid in die blog. Dit het egter weer drasties afgeneem vanaf 2010, al was daar groot hoeveelhede data tot en met 2016, en dit wil voorkom asof daar geen blywende konvensies gevorm is vir veelvuldige puntuasie as deel van die hooftteks nie.

4.3.2 Onkonvensionele spelling

Tydens die bestudering van die WKJ?-blog is die voorkoms van woorde wat op ongewone wyses gespел word, opmerklik. Na aanleiding van die handanalise kan die eiesoortige skryfkonvensies (woorde wat oënskynlik verkeerd gespел word) gesubklassifiseer word as:

- Nie-standaard skryfwyse as gevolg van letterherhaling;
- Tipiese spelfoute;
- Spelfoute wat voorkom weens 'n hoë tikspoed en omruiling van letters;
- Fonetiese spelling (skryf soos 'n mens praat).

Soms word letters omgeruil, weggelaat of selfs in die woord ingevoeg, en dieselfde letter kan ook herhaal word. Die verskynsel kan toegeskryf word aan die hoë spoed waarmee deelnemers tik, of dit kan op konformering aan die spraakgemeenskap se konvensies dui, of dit kan bloot op 'n onwilligheid dui om teks te redigeer, aangesien dit 'n tydsame proses kan wees. Dit veroorsaak dan dat daar meer as een wyse voorkom waarop 'n woord gespел kan word (sien tabel 4-3).

Tabel 4-3: Woorde wat op verskillende wyses gespел word

bietjie	lekker
biki	leka
bietie	leke
bietje	leker
bietjei	lekka
biejie	lekke
biejje	lekkerrr
biejite	lekkerrrr
biejtie	lekkkkker
biekie	

Alhoewel daar spel- en tikfoute in beide die hoofteks en kommentaargedeeltes voorkom, word korrekte spelling belangrik geag, en sosiale sanksie vind soms plaas wanneer deelnemers spelfoute begaan:

[4.12] *Kom ons vat hom bietjie vir bietjie: Hoe de fok kry jy dit reg om "Vrydag" reg te spel maar jy kap "vriendin" met 'n 'F'? Hier is vir jou so paar woorde wat met 'n 'F' gespeel word: flamink, fyndraai, fok, fokken, fokof, Fokofpolisiekar, fokvelle... Jy maak uit? (WKJ? 2014 Hoofteks)*

[4.13] *Sien Leroy se kak spelling, maak die fout om vir Leroy aan te vat en spel self die moerse complicated woord "fucknut" verkeerd. (WKJ? 2011 Hoofteks)*

[4.14] *... maar dit gee ons weereens die geleentheid om jou te tune dat mens fok met fokken F spel. Dis nie vok of fokin of vokkin nie. Dis fokken fok. (WKJ? 2016 Hoofteks)*

[4.15] *(Wat my laat wonder; as jy nie kan spel nie, hoe de fok gaan jy weet of jy 'n "C", "G" of "D" koord op die kitaar slaan?) (WKJ? 2011 Kommentaar)*

Sosiale sanksie oor spelling kom deurlopend voor in die sewentien jaar. In die jare met groter datastelle (2008-2014) was gemeenskapslede meer puntenerig oor spelling, alhoewel die gemor oor korrekte spelling wel afgeneem het vanaf 2014. Dit kan 'n aanduiding wees dat lede wat tot die blog bydra se spelling verbeter het, of dit kan daarop dui dat die 'grammar Nazi's' nie meer so streng beheer wou toepas nie.

Onkonvensionele spelling kom voor in enige situasie waar daar van die deelnemer vereis word om vinnig te tik, en waar redigering nie 'n prioriteit is nie. Die akademiese agtergrond van die skrywer is dikwels nie 'n bepalende faktor vir onkonvensionele spelling nie. Oor die algemeen beïnvloed dié spelfoute nie die kommunikatiewe waarde van die boodskap nie (Crystal, 2001:111). Die doel van 'n blog is om inligting oor te dra en die lesers te vermaak. Alhoewel daar nie 'n tydsbeperking op die ontwerp van die hoofteks geplaas word nie, gebeur dit soms dat teks nie geredigeer word voor dit geplaas word nie.

[4.16] *Dit het darem iets uitgesort wat die fall from grace nie kon nie – ek was ten minste nou **halpad** (<halfpad) (Tikfout) wakker. (WKJ? 2006 Hoofteks)*

[4.17] *Fokken irriterende stem en elke lagbui word netjies **afgelsuit** (<afgesluit) (Omruiling van letters) met een van daai varkie snorke. (WKJ? 2002 Hoofteks)*

[4.18] Die geskiedenis van die **onnerbroek** (<onderbroek) (Fonologiese spelling) is baie eenvoudig volgens die Columbia **Ensiklopidie** (<Ensiklopedie) (Spelfout). (WKJ? 2004 Hoofteks)

[4.19] Ek kan nie glo jy het dit gekry nie, dit het nou baie memories **trug** (<terug) (Fonologiese spelling) gebring. (WKJ? 2010 Kommentaar)


Al word taalnorme oortree tydens die plasing van ongeredigeerde teks, beïnvloed die onkonvensionele spelling nie die leser se begrip van die boodskap nie.

4.3.2.1 Herhaling van letters

Die herhaling van letters en vokale word vir verskillende funksies gebruik. Tabel 4-4 gee 'n aanduiding van watter funksies die meeste in die WKJ?-blog voorkom.

Vokale en konsonante se herhaling varieer ten opsigte van die emosionele intensiteit daaraan verbonde, hoe meer intens die emosie, hoe meer letterherhaling sal waarskynlik voorkom (Mikulík, 2007:22)

Herhaling van konsonante en vokale kom meer dikwels by uitroepe voor as enige ander funksie. Die voorkoms daarvan is betreklik gematig. 2008 se datastel is klein (17086 woorde), daarom is die agt keer wat letterherhaling voorkom taamlik hoog (per duisend woorde) in vergelyking met die frekwensies vir groter datastelle (vanaf 2010).



Grafiek 4-4: Herhaling van letters in uitroepe

Genormaliseer kom herhaling van letters 28 keer per 1000 woorde in die korpus voor in die kommentaargedeeptes, terwyl dieselfde verskynsel in die hoofteks slegs 7 keer per 1000 woorde voorkom. Letterherhaling kom dus by uitstek voor in die kommentaargedeeptes eerder as in die hoofteks van die WKJ?-blog. Konvensies in terme van die verskynsel het vanaf 2009 begin stabiliseer.

[4.20] **Aggeneeeee!** Ry dadelik Makro toe en koop klomp blikkieskos en komberse. (WKJ? 2010 Hoofteks)

[4.21] Een van daai plekke wat jy in Western movies sien waar mense mekaar opfok met vuiste, bar stools, bottels en six shooters. **Heeee-haaaa!** (WKJ? 2013 Hoofteks)


[4.22] Dis mos Ninja daai!!! Sjoooo fokken **weeeeee!** (WKJ? 2012 Kommentaar)

Vullers word in gesproke diskoers gebruik om 'ja' te vervang, maar kan ook aandui dat 'n persoon dink voordat daar gepraat word. Dit kan ook dien om amusie of verbasing uit te druk, en boots die funksie na wat in gesproke taal kon gebeur.

[4.23] Sy vra ook wat edible underwear is. **Hmmm...** kom ons dink 'n bietjie. (WKJ? 2004 Hoofteks)

[4.24] Dink eerder aan... **hmmm**. Dink aan... Dr Ruth. (WKJ? 2009 Hoofteks)

Herhaling van 'mmm' as eindklanke toon 'n beduidende voorkoms eers vanaf 2009, waarna dit met redelike konsekwentheid tot in 2017 gebruik is. Letterherhaling kom bykans ewe veel voor in vullers en die nabootsing van gesproke taal. Gebruik toon ooreenkomste per periode, alhoewel letterherhaling vir die naboots van gesproke taal afgeneem het in 2016-2017 (sien grafiek 4-5). Die gebruik van vullers het egter toegeneem in 2016 en weer gedaal in 2017. Vullers behou 'n redelike gebruiksfrekwensie. Letterherhaling vir vullers en naboots van gesproke taal kom onderskeidelik 12% en 16% in die kommentaargedeeltes van die korpus voor. Die oorblywende persentasie voorkoms (88% en 84% onderskeidelik) vorm deel van die hoofteks.



Grafiek 4-5: Vullers en naboots van gesproke taal per periode

Enkele voorbeelde van letterherhaling om gesproke taal na te boots uit die korpus sluit die volgende in:

[4.25] *Die hoofmeisie steek 'n spietsie af. "Dankie **jiiillle**. Dankie **virrrrr allessss** wat ek... uhm... ons... uhm... julle hierdie jaar gedoen het. (WKJ? 2005 Hoofteks)*

[4.26] *die goue-goue-goue reël is so elke tien tot twintig jaar moet jy net sê "**sooorriieeee**" ons is net mense en as God dan vergewe wat is fout met julle idiotiese, ongelowige, breindood, imbisiele. (WKJ? 2000 Hoofteks)*

Letterherhaling in liedjies is die frekwenste in 2015 (sien tabel 4-4). Die rede daarvoor is dat die spesifieke liedjie een nag, na 'n redelike hoeveelheid alkohol ingeneem is, geskryf is, tesame met die vertaling daarvan:

[4.27] **Aaaidiehaaaii**
My bybie, bybie, bybie
Jy laat my hart tjoklits pomp
Bybieeee aiidieehaaaii
(WKJ 2015 Hoofteks)

Tabel 4-4: Funksies van letterherhaling in WKJ?

Funksie	2000	2001	2002	2003	2004	2005	2006	2007	2008	2009	2010	2011	2012	2013	2014	2015	2016	2017	Totaal
uitroep	4	3		3	8	6	2	2	8	9	17	18	28	25	16	22	18	3	192
filler	1			2	6	3		1	2	8	5	3	6	10	6	10	16	3	82
naboots van gesproke taal	3				1	7	1		3	1	10	5	6	14	10	12	6	1	80
liedjie					3	1				1	5	1	2	8	2	47	2		72
klanknabootsing				9	3	8	3			3	8	4	6	10	2	1	2		59
beklemtoning						2	3			2	5	3	9	8	7	6	5	2	52
emosionele geluid	1			2	1	1		1		1	5	5	4	4	3	4	1		33
tikfout						1	1				3	1	6	4	1	5	1		23
lag	2				2				1	1	4	1	3		1	1			16
tussenwerpsel										2	1	2	5	1	2		1		14
onderklere grootte			1																1

Letterherhaling word ook dikwels teëgekom in klanknabootsing, sowel as die beklemtoning van woorde soos wat dit in gesproke diskoers sou beklemtoon word. Klanknabootsing se letterherhaling varieer per klank wat nageboots word. 'Weee' en variasies daarvan het slegs in 2011-2013 voorgekom, 'eeeu' en variasies daarvan het byna uitsluitlik in 2003-2008 voorgekom, met enkele verskynsels in 2015. 'Rrrt' en variasies het vir langer periodes en meer aaneen voorgekom, daar was beduidende gebruik vanaf 2003-2006, en weer vanaf 2009-2016.

[4.28] *"Kinderrrrrrsssss," grom sy. (WKJ? 2014 Hoofteks)*

[4.29] *"SSSSHhhhhhh!!" Sê die water en die vlamme gaan staan in die hoek en skree terug "Rrooooookk". (WKJ? 2003 Hoofteks)*

[4.30] *Dan probeer die ou die kar so rev maar daar kom net dolfyn geluide uit: "Eee! Eeee! Eeee!" met skreeuende tyres daar by die Checkers verby...(WKJ? 2011 Hoofteks)*

[4.31] *Ten spyte van 'n moedige poging om die inevitable poep in te hou glip 'n dowwe "rrrrt!". Niks ernstig nie, maar hard genoeg vir almal aan die tafel om te hoor. (WKJ? 2010 Hoofteks)*

[4.32] *Ons het te veel Thai whiskey gedrink. Vat so, julle! En vat so, Batman! BUUUURRRP! (WKJ? 2013 Hoofteks)*

[4.33] *"Wheeeee! Kyk hoe fok ek rond met die Game trollie wat ons gesteel het in die parking lot! Wheee! (WKJ? 2011 Hoofteks)*

[4.34] *Ek glo ek verstaan die instruksies en dit is mos darem deur 'n vrou uitgevind en baaaiiiee ander vrouens gebruik dit op 'n daaglikse basis, so ek sal dit sommer tjop tjop onder die knie kry. (WKJ? 2015 Hoofteks)*

Emosionele geluide sluit uitdrukkings van verbasing, verveling en frustrasie in. Hoe meer intens die emosie is wat ervaar word, hoe meer letters word herhaal in die uiting.

[4.35] *I started screaming, Aaaaaaargggh!!! Aaaaargghh!!!! Aaaaaaaaaaargghhhhh!" (WKJ? 2010 Hoofteks)*

[4.36] **aaaaaaahhhh**. B9, altyd verfrissend, stel nooit teleur, mooi skoot!! (WKJ? 2011 Kommentaar)

[4.37] "Check my uit, ek is 'n fokken monster! **Aaaaarrgh!** (WKJ? 2011 Hoofteks) [Die voorbeeld is verbatim uit die korpus geneem en die deelnemer het moontlik vergeet om die aanhaling te sluit.]

Tikfoute kom ook voor by letterherhaling, dikwels by dubbele konsonante wat 'n ekstra konsonant bykry, vermoedelik weens tikspoed. Dit kom egter by vokale ook voor, waar 'n ekstra vokaal onnodig bygevoeg word.

[4.38] As jy nog nie tickets het nie, beter jy vinnig hier gaan kry, want daar word nie verder **weggeee** deur ons nie. (WKJ? 2015 Hoofteks)

[4.39] So watter opsie gaan vir jou die beste werk? Dis maar 'n personal **issue**. (WKJ? 2014 Hoofteks)

4.3.2.2 Tipiese spelfoute

Tipiese spelfoute kan voorkom as daar verwarring is tussen die gebruik van, onder andere, die *ui/ei/y* klanke.

[4.40] Orals waar hitte is staan mense rond en lag en praat en **syp** (<suip) en lieg en dies meer. (WKJ? 2001 Hoofteks)

[4.41] "Weldominees, die eerste week was oraaait, maar ek moes maar die tweede week in die spaarkamer gaan slaap om nie in die **verlyding** (<verleiding) te vervalnie". (WKJ? 2001 Hoofteks)

[4.42] Nu kan ons net baja lekka stuffs **lyster** (<luister). (WKJ? 2016 Hoofteks)

[4.43] Deur die maer jare was daar nog altyd een konstante in die lewe van alle interwebs skrywers, die alomteenwoordigge en altyd **berydwillige** (<bereidwillige) "anonymous". (WKJ? 2008 Hoofteks)

Dubbele konsonante word ook dikwels weggelaat en net een gebruik. Dit kan wees as gevolg van blote onkunde oor die korrekte spelling van die woord, of dit kan toegeskryf word aan 'n tekort aan teksredigering.

- [4.44] *Of soos wanneer iemand gewillig is om van sy gat af op te staan en die hele donnerse kamer vol te soek vir die remote omdat hy weier om na die TV toe te loop en die **chanel** (<channel) te change. (WKJ? 2001 Hooftteks)*
- [4.45] *Kan julle nie an eits meer **interasant** (<interessant) dink om oor te skryf nie? (WKJ? 2002 Hooftteks)*
- [4.46] *Sy doen byvoorbeeld nou nie sexy **korek** (<korrek) nie. (WKJ? 2010 Hooftteks)*
- [4.47] *Dis n fokken cool **coment** (<comment). (WKJ? 2010 Kommentaar)*
- [4.48] *Dis 'n cliché, maar hy werk fokken stylvol op hierdie **okasie** (<okkasie). (WKJ? 2011 Hooftteks)*
- [[4.49] *In die geval waar kinders dodelik super **alergies** (<allergies) is vir uie of suurlemoene, sal jy die graad van danger moet upgrade na 10/10 en moet hardloop asof jy glad wrap oor 'n toilet gespan het by daai koshuis in Reitz. (WKJ? 2011 Hooftteks)*

4.3.2.3 Spelfoute weens tikspoed

Volgens Mikulík (2007:29) word woorde dikwels onakkuraat gespel as gevolg van 'n hoë tikspoed. Indien 'n persoon dan vinnig tik om 'n boodskap oor te dra ('brevity and speed'), is daar gewoonlik ook nie tyd om die teks te redigeer nie. Omruiling van letters kan ook toegeskryf word aan die spoed waarmee die deelnemer tik. Van die letters is langs mekaar op die sleutelbord, en word gevolglik of verkeerd ingesleutel, of weggelaat. Dieselfde woorde word nie herhaaldelik verkeerd getik nie, en is daar dus geen patroonvorming in terme van woordgebruik nie.

Tabel 4-5 verskaf oorsigtelik enkele voorbeelde van hierdie verskynsel uit die korpus.

Tabel 4-5: Inkorrekte spelling as gevolg van hoë tikspoed

Woord – verkeerd gespel	Woord – korrekte spelling	Woord – letters omgeruil	Woord – korrekte spelling
aangwend	aangewend	adictive	addictive
aanvanlik	aanvanklik	afgelsuit	afgesluit

Woord – verkeerd gespel	Woord – korrekte spelling	Woord – letters omgeruil	Woord – korrekte spelling
aanywysings	aanwysings	besluit	besluit
advokaar	advokaat	dronkenksap	dronkenskap
beterwetige	beterweterige	eits	iets
dia	dis	evovle	evolve
entitiet	entiteit	retivalisers	revitalisers
excitment	excitement	hiusgenoot	huisgenoot
geliksem	gebliksem	mara	maar
geraamtjies	geraamtetjies	mastrubasie	masturbasie
gewaarsky	gewaarsku	resloution	resolution
hardoop	hardloop	staatsdepartemnet	staatsdepartement
kaarjies	kaartjies	tiep	tipe
leestekenes	leestekens	verkskying	verskyning
omrent	omtrent	vreelsik	vreeslik
opnie	opinie	vruk	vruk
prbeer	probeer	Vyrdag	Vrydag
verkriklik	verskriklik	winedrig	winderig
vertaan	verstaan		

4.3.2.4 Fonetiese spelling

In spraak probeer 'n spreker dikwels die klanke ekonomies oordra aan die luisteraar, wat tot gevolg het dat die klanksein vereenvoudig oorgedra word (Wissing, 2014:128). In die WKJ?-blog kom hierdie verskynsel geskrewe voor, woorde word geassimileer en gereduseer, wat ekonomiese spraak naboots. Volgens Mikulík (2007:29-30) word doelbewuste spelafwykings geskep om woorde te kondenseer tydens die skryfproses. Gedurende spraak kan buurklanke in 'n woord verander en gelyk gemaak word tot klanke wat meer soortgelyk is en makliker uitgespreek kan word. Hierdie proses word assimilasië genoem. Wissing (2014:130) voer aan dat reduksie voorkom by vokale sowel as konsonante. Assimilasië kan gesien word as 'n besonderde tipe reduksie. Hierdie verskynsels kom dikwels voor in gesproke taal, of informele spraak. Aangesien WKJ?

informele, gesproke taal naboots, kom reduksie, assimilasië en fonetiese spelling ook in die blog voor.

Tabel 4-6: Konsonantreduksie /d/-skrapping

/d/-skrapping	
anner – ander	onner – onder
annerkant – anderkant	onnerbroek – onderbroek
byrie – by die	onnierskrifte – onderskrifte
daarie – daardie	oppie – op die
Donnerag – Donderdag	perre – perde
hanne – hande	skoolkinnings – skoolkinders
hiri – hierdie	tannemuis – tandemuis
hierie – hierdie	vannie – van die
hoennerkie – hoendertjie	virrie – vir die
honne – honde	volgene – volgende
honnelewe – hondelewe	vriene – vriende
honnert – honderd	vrinne – vriende
innie – in die	wille – wilde
kinnertjies – kindertjies	wonner – wonder
lykkie – lyk die	

‘Die’ het ’n hoë gebruiksfrekwensie, en word dikwels gereduseer (tabel 4-6). Dit assimileer gewoonlik met die voorafgaande woord. Die onbepaalde lidwoord *’n* word soms in die korpus geassimileer en as een woord geskryf (tabel 4-7).

Tabel 4-7: Onbepaalde lidwoord: ’n-assimilasie

<i>’n-assimilasie</i>
disse – dis ’n
isse – is ’n
nogge – nog ’n
oppe – op ’n
virre – vir ’n

4.3.3 Sintese

Onkonvensionele skryftekengebruik, sowel as die weglating daarvan in die korpus het wisselvallige tendense getoon. Alhoewel weglating van die deelteken, weglatingsteken en kappie soortgelyke opwaartse neigings getoon het in 2010, het dit daarna konsekwent afgeneem tot en met 2016. Slegs die weglatingsteken se weglating het weer toegeneem. Dit wil voorkom asof deelnemers terugneig na die standaardtaalgebruik van skryftekens en daar geen blywende konvensies gevorm het nie, oftewel, dat die keuse van die standaardtaal as grammatikale ruggraat sterker konvensionaliseer na die einde toe.

Veelvuldige puntuasie is nog 'n ortografiese verskynsel wat dikwels op die internet (in ongeredigeerde tekste), en dus ook op die *WKJ?*-blog voorkom. Veelvuldige puntuasie sluit die gebruik van meer as een leesteken (dieselfde leesteken) in, maar ook kombinasies van leestekens (verskillende leestekens). In die *WKJ?*-korpus word veelvuldige puntuasie meer dikwels in die kommentaargedeeltes gevind as in die hoofteks. Alhoewel gebruik baie wisselvallig vertoon het, met hoë gebruiksfrekwensies in sommige periodes en geen gebruike in ander periodes nie, het dit tog 'n mate van stabiliteit begin toon vanaf 2011. Veelvuldige puntuasie het geensins uit die korpus verdwyn nie, maar handhaaf 'n genormaliseerde waarde van om en by 15 keer per duisend woorde. Veelvuldige puntuasie in die hoofteks het baie meer gelokaliseerd voorgekom. Daar was 'n beduidende toename in gebruik vanaf 2008-2010, maar gebruik het stelselmatig afgeneem en geen duidelike konvensies is gevorm ten opsigte van gebruik van hierdie verskynsel in die hoofteks van die blog nie.

Onkonvensionele spelling as gevolg van letterherhaling kom dikwels voor in die *WKJ?*-korpus. Letterherhaling in uitroepe het vanaf 2009-2017 redelik konsekwente gebruik getoon. Dit wil voorkom asof letterherhaling in uitroepe gestabiliseer het en dit kan dus op moontlike konvensievorming dui. Letterherhaling by vullers en naboots van gesproke taal het ook hoë gebruiksfrekwensies getoon. Alhoewel gebruik baie wisselvallig was oor die sewentien jaar heen, en skerp dalinge getoon het na 2016, het dit nie uit die korpus verdwyn nie. In terme van vullers en naboots van gesproke taal het daar nie duidelike konvensies gevorm nie.

Tipiese spelfoute, foute weens die handhawing van 'n hoë tikspoed en fonetiese spelling kom deurlopend in die korpus voor. Aangesien dieselfde woord nie konsekwent as gevolg

van bogenoemde redes verkeerd gespel word nie, was dit nie lonend om te probeer bepaal of die woorde self gekonvensionaliseer is in die korpus nie. Hierdie tipes spelfoute het reeds lank gelede in matrikulante se opstelle verskyn en is opgeteken deur Jooste (1969:188-189). Hierdie tipes spelfoute is dus nie gelokaliseer tot die aanlyn omgewing of selfs die WKJ?-blog nie. Die verskynsels wat tot hierdie tipes onkonvensionele spelling gelei het, het egter redelik konstant in die korpus bly voorkom.

4.4 LEKSIKALE VERSKYNSELS

4.4.1 Neologismes en geleentheidskeppings

Volgens Van Niekerk en Jenkinson (2004:182) dui die begrip geleentheidskeppings op die skep van woorde om 'n bepaalde behoefte op 'n bepaalde tydstip te bevredig, wat ander woorde uit die leksikon nie op daardie stadium kan vervul nie. Geleentheidskeppings is nie geïnstitusioneel nie (m.a.w. nog nie in woordeboeke opgeneem nie), en moet slegs binne die gebruikskonteks van 'n spesifieke taalgemeenskap geïnterpreteer word. Hierdie woorde is vir taalgebruikers in 'n taalgemeenskap verstaanbaar, wanneer dit in 'n bepaalde konteks op 'n spesifieke tydstip geuit word. Hulle voer ook aan dat geleentheidskeppings wat geïnstitusioneel word, neologismes (nuutskappings) word (Van Niekerk en Jenkinson, 2004:182).

Bosman (2013:136) reken dat vir 'n woord om as neologisme beskou te word, moet die nuutskapping aanvanklik deur die sprekers ervaar word as “nuut”, en ook daarna vir 'n bepaalde periode nadat die woord geskep is.


Etlike geleentheidskeppings is tydens die handanalise onttrek. Ek poeg egter nie om 'n volledige lys van alle moontlike geleentheidskeppings weer te gee wat in die korpus kan voorkom nie. Enkele skeppings wat 'n hoë gebruiksfrekwensie toon word vervolgens bespreek.

Zak, wat na geld verwys, kom 259 keer voor in die korpus; *zaber*, wat 'n seksuele handeling kan aandui, of as selfstandige naamwoord gebruik kan word, 151 keer en *krimpies*, wat 'n verwysing na senior burgers is, 78 keer. *Zak* is in die jaar 2000 vir die eerste keer gebruik, maar het die daaropvolgende vier jaar in gebruiksfrekwensie gedaal. Dit het eers werklik in 2005 begin posvat tussen deelnemers en die gebruik daarvan het

gepiek in 2010. Daar is 'n stelselmatige afname tot en met 2017, maar dit het nie uit die korpus uit verdwyn nie.

[4.50] *sowat 5000 suid-afrikaners was in monte carlo om gerrie te ondersteun. vet **zak** (geld) om uit te haal vir 'n geveg wat 2 minute en drie sekondes duur. (WKJ? 2000 Hoofteks)*

[4.51] *Maybe rap hy regtig met 'n piel in sy kies. Maar 'n piel wat fokken duur is, want hulle tap mos nou **zak** uit die weduwee se kruik. Ek is hartseer en ge-irriteerd vir die Die Antwoord se onthalwe. (WKJ? 2017 Hoofteks)*



Grafiek 4-6: Geleentheidskeppings

Zaber toon wisselvallige gebruik, met 'n hoë gebruiksfrekwensie in 2003, waarna die gebruik daarvan skerp afneem tot en met 2007, weer toeneem in 2008 en redelik stabiliseer vir die daaropvolgende paar jaar.

[4.52] *Hy het met sy vinger op haar pens geteken presies waar alles van haar nou aan die binnekant sit, waar hy sy **zaber** (manlike geslagsdeel) gaan indruk en waar kind nommer 23 eventually gaan wees en kop uitsteek. (WKJ? 2001 Hoofteks)*

[4.53] *Ivana Milicevic se karakter Carrie Hopewell word ook gereeld ge-**zaber** (seks). Actually word almal ge-**zaber**. Kyk dit gerus vir al die **zaber**. En I suppose, die aksie ook. (WKJ? 2017 Hoofteks)*

Krimpies word redelik gematigd gebruik oor die sewentien jaar waaroor die korpus strek, daar is nie uitermate hoë pieke van gebruik nie. Aangesien dit deurlopend in die korpus gebruik word, het daar tog konvensionalisering plaasgevind.

[4.54] *Nevertheless, ek probeer hard om al die **krimpies** (bejaardes), walkers, rolstoele, kieres en verdagte hoesbuie te ignore en stap in en deur na agter toe. (WKJ? 2000 Hoofteks)*

[4.55] *Deesdae is dit omtrent net **krimpies** en mans wat bloupille moet drink wat die Opel Astra aanskaf want die dae waar die Opel Kadett (onthou jy die Boss?) nog kon kompeteer met die GTI, is so verby soos die Parlotones se kans om ooit weer cool te wees. (WKJ? 2017 Hoofteks)*

Die geleentheidskeppings het betekenis vir die lede van die WKJ?-blog, maar is nie in woordeboeke opgeneem nie, en kan nie as neologismes bestempel word nie.

Volgens Crystal (2001:82) word internetneologismes dikwels geskep deur twee aparte woorde saam te stel en sodoende word 'n nuwe woord, met 'n nuwe betekenis gevorm (samestelling). Die aparte woorde is dikwels geleksikaliseer en word in woordeboeke gevind. Die nuwe, saamgestelde woord word dikwels nie in daardie saamgestelde vorm in woordeboeke gevind nie, of dit kan wel opgeneem wees in 'n woordeboek, maar nie met die betekenis wat die taalgemeenskap van die blog daaraan heg nie.

[4.56] *Dan ook 'n lekker groot tent (wat iemand anders opslaan) en 'n bar wat altyd koue **skuimkoppies** (bier) het. (WKJ? 2013 Hoofteks)*

[4.57] *Check of jy in die bak kan pis na jy 'n paar **skuimkoppies** geknak het. Nie so fokken maklik nie of wat? (WKJ? 2007 Hoofteks)*

[4.58] *Die oorgewig **koeltekant** (verkeersbeampte) met die rooi Jopie Adam baard tune my: "Verstaan jy Afrikaans?", waarop ek antwoord: "My naam lyk bietjie weird, maar ek is Afrikaans." (WKJ? 2003 Hoofteks)*

[4.59] *Mens kan die fokken **koeltekant** 'n myl ver spec. (WKJ? 2011 Kommentaar)*

Snotsambok is vir die eerste keer in 2000 in 'n grappie gebruik, en het eers weer later in 2009 weer opgeduik. Die woord word baie sporadies gebruik en het, volgens die korpusdata, geen blywende impak gehad op lesers en deelnemers nie.

[4.60] *So hopelik sal meeste van julle met my saamstem dat jou **snotsambok** (manlike geslagsdeel) onder sommige (publieke) omstandighede onder bedaring gebring moet word. (WKJ? 2009 Hoofteks)*

Watergate word tipies gebruik as daar van wild gepraat word. Dit is die suipplek vir diere, en word in die korpus metafories gebruik om te verwys na kroeë, wat tradisioneel die 'suipplek' is vir mans.

[4.61] *Ek het lank in Nelspruit gewerk en uiteindelik ophou uitgaan, want daar is genuine 'n faktap subkultuur wat na **watergate** en klubs toe gaan (altyd in 'n groep) met die uitsluitlike doel om so gou moontlik dronk te word en dan een of ander random victim (gewoonlik iemand met 'n dik bril, of 'n kruk, of 'n rolstoel...) te panelbeat tot hy lyk soos 'n rou hamburgerpatty. (WKJ? 2001 Kommentaar)*

Volgens van Huyssteen (1996:119) word taboedomeine dikwels beskryf in terme van domeine wat nie oor 'n taboewaarde beskik nie. Wanneer aspekte van seksualiteit bespreek word, gebeur dit dikwels dat die taboedomein (bv. vroulike geslagsdele) bespreek word in 'n nie-taboedomein, wat meer sosiaal aanvaarbaar is. Die metafore wat gebruik word in die taboeteikendomein deel dikwels eienskappe met 'n nie-taboebrondomein (lyk, ruik, proe, voel dieselfde), of die brondomein is visueel meer beskrywend as die teikendomein (Van Huyssteen, 1996:121). Vrouens word soms in die WKJ?-blog beskryf in terme van 'n sosiaal aanvaarbare domein, naamlik eetbare objekte. Dus word die vrou, en by implikasie die vroulike geslagsdeel, gesien as 'n eetbare objek, waar die vrou 'n passiewe deelnemer is en die man die aktiewe eter.

[4.62] *Holden het blykbaar op die grond lê terwyl Rowan haar **koek** (vroulike geslagsdeel) gelek het. Meer as veertig tieners het die hele affêre met hul selfone afgeneem, seker met die plan om dit later by die huis te gaan oefen met spanspekke. (WKJ? 2013 Hoofteks)*

- [4.63] Sy het in elk geval net **koekdoeke** (menstruele doekies) ekstra nodig as dit dalk **kalenderpes** (menstruasie) week is. As sy vol kak is, los haar by die huis om die hond op te pas. (WKJ? 2000 Hoofteks)
- [4.64] Fok hulle, ek gebruik somer Lux. As dit goed genoeg is vir die **bosmossel** (vroulike geslagsdeel), is dit goed genoeg vir die gesig. (WKJ? 2005 Hoofteks)
- [4.65] Daai tipe wat jou gatsiggie mooi sag maak as jy jousef so nou en dan vir 'n happie **bosmossel** wil treat down under. (WKJ? 2009 Hoofteks)
- [4.66] 'n Vyftigjarige polisieman is daar ge-arresteer nadat hy 'n vyf-en-twintigjarige meisie se hare gelek het. Die hare op haar kop, nie haar **baardpie** (vroulike geslagsdeel) nie, jou sif etter! (WKJ? 2012 Hoofteks)
- [4.67] Ek raak so opgewonde ek skree kliphard "Kiaa! Let the gamesbegin!!!" - maar die hele marques val stil en kyk vir my. My **vy** pomp my in die ribbes. (WKJ? 2003 Hoofteks)
- [4.68] LED liggies is boring, right? Ja dit is nogal, behalwe as 'n hot **cherrie** dit in haar broek dra.. uhm ok, nou nie regtig 'n broek as such nie. Passop dat die liggies in jou eie broek nie uitval nie. (WKJ? 2008 Hoofteks)
- [4.69] 'n Stywe skipant agtige broek beklemtoon 'n Beetle bonnet met 'n honger **woltjop** (vroulike geslagsdeel) wat knibbel-knibbel van die binnekant vannie nylon af terwyl sy haar heupe swaai voor 'n dude van drie keer haar size. (WKJ? 2000 Hoofteks)

Daar word ook na vrouens as *skêre* en *wippe* verwys. Dit bied 'n visuele metafoor in terme van die suksesvolle werking van dié instrumente. 'n Skêr en 'n wip kan net met sukses gebruik word vir hulle onderskeidelike funksies indien die lemme van die skêr en die kake van die wip oop is. Dit suggereer dus dat vroue net suksesvol gebruik kan word as hulle bene oop is.

- [4.70] Dus na ernstige nabetragting, het ek en my **skêr** (wat dié jaar net nie weer kans gesien het vir 'n kampnaweek in Mordor nie), besluit om die civilized approach tot internasionale musiek te kies en af te vlieg Kaap toe vir ONICT. (WKJ? 2014 Hoofteks)

[4.71] *Julle sien, laat Maandag middag is ek en my **wip** via WhatsApp genooi om Woensdag aand by Riaan Pyper of "Pyp" soos die manne hom roep se plek te gaan draai vir 'n paar brannas en prego rolls om Fanna se verjaardag te vier. (WKJ? 2011 Hoofteks)*

Vroulike genitalieë kan ook beskryf word in terme van 'n tipe voertuig (Van Huyssteen, 1996:124). Weereens word die vrou as passiewe deelnemer (voertuig) geprojekteer, terwyl die man aktief hierdie voertuig kan *ry* (*geslagsgemeenskap*), *steek* (*vinnig ry – geslagsgemeenskap*), *brand* (*vinnig ry – geslagsgemeenskap*, *stoot* (*geslagsgemeenskap*).

[4.72] *Wat is ooreenkoms tussen om skoeter te ry en 'n vet tjerrie se **wolskoeter** (vroulike geslagsdeel) te ry? Dis lekker totdat jou vriende jou sien (WKJ? 2000 Hoofteks)*

[4.73] *Hoe jy die **wolscooter** se sleutels kry: Laat haar voel dat sy slimmer as jy is. Haar Soviets sal langs jou bed le. (WKJ? 2002 Hoofteks)*

Gekonvensionaliseerde, vaste uitdrukkings, wat na byvoorbeeld masturbasie verwys, word beskryf in terme van 'n nie-taboedomein, soos manlike ambagte. *Draad trek* is nie 'n vulgêre term nie, veral nie as dit na 'n aspek van 'n elektrisiën se daaglikse werk verwys nie, maar dit vervul 'n eufemistiese rol as dit gebruik word om na die seksuele taboedomein te verwys. Die geheelbegrip, *draad trek*, is 'n gekonvensionaliseerde idee vir die seksuele domein, en kan dus afleiding ondergaan. In die WKJ?-blog het hierdie geheelbegrip wel afleidings en verbuigings wat dikwels gebruik word.

[4.74] *Dudes like van **draad trek** (masturbasie) in die stort. Sy hand gaan nog lank aan sy zaber en pubes vasklou. (WKJ? 2011 Hoofteks)*

Draad trek het slegs in 2003 en 2005 nie in die korpus voorgekom nie. Alhoewel dit soms net enkele kere voorgekom het in die korpus, is dit relatief deurlopend oor die sewentien jaar gebruik.

Dratie is afgelei van *draad trek*, en in die korpus word dit tesame met drie verskillende werkwoorde gebruik (*kap*, *klap* en *vang*), terwyl *draad trek* as vaste uitdrukking slegs saam met *trek* as werkwoord gebruik word. *Dratie* [+ww] het slegs in 2004 en 2007 glad

nie in die korpus voorgekom nie. Dit word egter meer as *draad trek* gebruik en het ook meer dikwels per periode voorgekom.

[4.75] *"Ek gaan maar 'n **dratie** ook **kap**. 'n Man wil jag met 'n skoon loop."* Ek, oppad stort toe by die Kreef (WKJ? 2014 Hoofteks)

[4.76] *Dis soos party in Palaborwa - daar tel die manne mos eerder die kaklelikste girl op voor hul 'n **dratie klap**.* (WKJ? 2013 Hoofteks)

[4.77] *Dan later die aand gedweep huis toe gaan en bepeins hoekom de donner het hulle nie 'n girl opgechat nie. Boo-hoo, gaan **vang** 'n "**dratie**".* (WKJ? 2001 Hoofteks)

Skommies maak is vir die eerste keer in 2001 gebruik en vir die laaste keer in 2014. Dit het enkele kere voorgekom in die meeste dataperiodes, maar toon nie 'n hoë gebruiksfrekwensie nie.

[4.78] *Sleaziness: Behalwe vir die Western style bar, is die overall gevoel net so bietjie aan die af kant. Girls is net te sletterig en als herinner bietjie daaraan as mens skelm **skommies maak** (masturbasie) terwyl jy oorslaap op 'n vreemde plek.* (WKJ? 2005 Hoofteks)

Velle klap (masturbasie) is vir die eerste keer in 2009 gebruik en het enkele kere voorgekom tot en met 2017.

[4.79] *Die woorde "rukkie" en "drukkie" is taboe. 'n "Drukkie" is iets wat jy doen wanneer jy hardlywig is en 'n "rukkie" is iets wat jy doen wanneer jy 'n man met behoeftes is wat uitmaak van **velle klap**.* (WKJ? 2013 Hoofteks)

Daar is ook gevalle van geleentheidskepping waar die woord reeds in 'n woordeboek bestaan, maar die betekenis van die woord is van so aard verander dat die semantiese waarde soos dit in die woordeboek opgeteken is, geen verband het met die woord in die gebruikskonteks nie.

Snaar het slegs vier keer in die korpus voorgekom, waar dit verwys het na 'n manlike persoon. Volgens die HAT (Odendal en Gouws, 2000:1029-1030) verwys *snaar* na **1(a)** "n dun veerkragtige draad van metaal, wat in gespande toestand 'n toon voortbring"; **1(b)**

“enigeeen van ’n aantal ineengeweeftde stringe as onderdeel van ’n sportinstrument”; en minder algemeen, **1(c)** “’n geliefde of verloofde”. In die konteks van *WKJ?* verwys die gebruik van hierdie woord egter nooit na ’n geliefde nie.

[4.80] *Weer waarku die cherrie lat haar boyfriend die **snaar** (ander man) gaan bliksem. (WKJ? 2003 Hoofteks)*

Volgens die HAT (Odendal en Gouws, 2000:94) word die term *blaar* gebruik om óf na dele van ’n plant te verwys, óf na ’n vogge vulde velopheffing. Dit is egter nie ’n term wat na mense of menslike aspekte verwys nie. In die *WKJ?*-blog kom *blaar*, as verwysing na ’n manlike persoon, konsekwent in die korpus voor, daar is slegs vier dataperiodes waar *blaar* nie voorkom as ’n menslike verwysing nie.

[4.81] *Hulle soen, ruk mekaar se klere af en zaber omtrent die hele aand. Na hulle elkeen 'n sigaret lê en rook rol die girlie om na die ou toe met 'n dik glimlag en vra: "So hoe was dit vir jou gewees?" Antwoord die **blaar** haar terug: "Kry vir jou 'n prys daar op die onderste rak." (WKJ? 2002 Hoofteks)*

Skyf of *skywe* word nie met sigarette geassosieer nie (Odendal en Gouws, 2000:1011), maar eerder met plat, ronde voorwerpe.

[4.82] *Fine, whatever, gelukkig is die **skywe** erg cheap en jy kan orals rook. (WKJ? 2006 Hoofteks)*

Skille word gedefinieer as die “buitenste laag van ’n vrug; dunner as bas” (Odendal en Gouws, 2000:996). *Skille* kan hier geld verteenwoordig, juis omdat dit so papierdun is.

[4.83] *Die VIP tickets is almal uitverkoop, maar daar is nog so paar early bird tickets oor online teen R70, andersins gaan jy 100 **skille** by die deur betaal. (WKJ? 2012 Hoofteks)*

Oor en die meervoud daarvan word meestal as selfstandige naamwoord met die menslike gehoororgaan geassosieer. As bywoord en voorsetsel word dit gebruik as plek- en tydsaanduiding (Odendal en Gouws, 2000:793-794). In die blog word dit soms gebruik om na die polisie te verwys.

[4.84] *Die polisie vat net al jou zak en gee jou kak. Toe die china kak maak met die ore, toe bliskem die ore hom. (WKJ? 2005 Hooftteks)*

Duik word meestal met beweging geassosieer, of met 'n holte wat in 'n objek veroorsaak is (Odendal en Gouws, 2000:183). Dit word egter in die blog geassosieer met huis toe gaan op 'n Vrydag, te kuier en te drink.

[4.85] *Eerste en heel eenvoudigste - slaan jou tent en kampeerplek op voor jy begin duik. Daar is min dinge meer kak as om 'n tent, dronk, in die donker op te slaan nie. (WKJ? 2012 Hooftteks)*

4.4.1.1 Samevatting

Alhoewel etlike geleentheidskeppings tydens die handanalise onttrek is, en daar moontlik baie meer in die korpus voorkom, het nie almal dieselfde gewildheid getoon nie. Slegs enkeles het gekonvensionaliseer. *Zak*, *zaber* en *krimpies* (voorbeelde 4.50-4.55) is van die geleentheidskeppings wat wel gekonvensionaliseer het. *Duik*, *skille*, *blaar*, *ore* en *bosmossel* (voorbeelde 4.64, 4.81-4.85) kom relatief eweredig verspreid voor. Nie al hierdie geleentheidskeppings kom in elke dataperiode voor nie, maar daar het tog 'n mate van konvensionalisering plaasgevind.

Kalenderpes, *watergate*, *snotsambok*, *koekdoeke*, *koeltekant* en *snaar* (voorbeelde 4.60-4.63, 4.80) het baie min voorgekom en geen duidelike konvensies is gevorm nie. *Dratie* [+ww] (voorbeelde 4.75-4.77) het egter bo *draad trek*, *skommies maak* en *velle klap* gekonvensionaliseer.

4.4.2 Leenmorfologie

Volgens die AWS (2017:708) word 'n woord wat uit 'n ander taal, die brontaal, geneem is en daardie spelling behou, maar die ontvangertaal se morfeme bykry, sonder 'n koppelteken vas aan die woord geskryf. In die WKJ?-blog word Engelse woorde met Afrikaanse morfeme meestal sonder die koppelteken geskryf. Daar is egter gevalle waar daar 'n skeiding tussen die woordgrense aangedui word met 'n koppelteken.


[4.86] *Ons het tussen die gesing en gestamp en die aaptwak en die bier darem **ge-manage** om 'n paar fotos te neem en 'n kort video te skiet. (WKJ? 2013 Hooftteks)*

[4.87] In die video word hulle in sneeudiere by 'n krimpiekraal **ge-transform**. (WKJ? 2014 Hoofteks)

[4.88] In my geval betaal ek in elk geval reeds R850 p/m vir 100gb data op 'n 20mb/s telkom fibre line wat, so toe ek my DSTV **ge-cancel** het, het ek ewe skielik daai ekstra R780 gehad om te spandeer op wat ek wil. (WKJ? 2016 Hoofteks)

[4.89] Jy het dit maande terug al **ge-download**, dis op repeat op werkrekenaar, en jy't 'n CD gesny om in die kar te luister. (WKJ? 2007 Hoofteks)

In grafiek 4-7 kan die tendens wat koppeltekengebruik aanbetref gevolg word. Vanaf 2000-2003 was daar lae frekwensie gebruik van die koppelteken in leenmorfologie. In 2006, 2008 en 2010 was daar skerp stygings in die aanduiding van Afrikaanse morfeme in Engelse woorde met behulp van 'n koppelteken. Sedert 2011 was daar 'n geleidelike afname in gebruik, met 'n toename weer in 2017. Die gebruik van die koppelteken toon redelike stabiele gebruik oor die dataperiodes heen.



Grafiek 4-7: Leenmorfologie met koppelteken

In die WKJ?-korpus word daar hoofsaaklik Engelse stamme met Afrikaanse pre- en postmorfeme gebruik (89.7%). Afrikaanse stamme met Engelse morfeme maak slegs 1.9% van die totale korpus uit, en hibriede vorme, samestellings van Afrikaanse en Engelse stamme, slegs 8.3%. In grafiek 4-8 kan daar gesien word dat leenmorfologie


redelike hoë en stabiele gebruiksfrekwensies toon. Die mees beduidende postmorfeme in die korpus is *ste* as intensivering en *ies* as verkleining.

[4.90] *Treffers soos "Getting jiggy with it" en "Miami" het van die slimste beats en **poignantste** lyrics in die industrie. (WKJ? 2000 Hoofteks)*

[4.91] *Die Amerikaners saam wie ons gaan werk doen, besluit dit sal 'n goeie idee wees om ons die aand uit te vat na een van die **grandste** klubs hier in New Orleans, die 360 bo-op die World Trade Centre. (WKJ? 2005 Hoofteks)*

[4.92] *Ek en n tjommie het n drive through deur Goodwood geneem en die bla se bakkie gesien, iets se my hoe hy van sy **goosies** hou. (WKJ? 2012 Hoofteks)*


[4.93] *As jy 'n music entusiast is dan soek niemand jou handtekening nie en **groupies** klim so oor jou om by die musos uit te kom. Ek het geen probleem daarmee nie. (WKJ? 2016 Hoofteks)*



Grafiek 4-8: Leenmorfologie sonder koppelteken


In 2000 is *gemodifaa*i vir die eerste keer gebruik, met 'n Afrikaanse spelwyse, maar dit is nie verder deur deelnemers geselekteer vir gebruik nie, alhoewel *gemodify* vanaf 2007 effens meer voorkeur gekry het deur aanlyn deelnemers (5 keer gebruik in totaal in korpus). In teenstelling het *gescheme* (Engelse stam, Afrikaanse premorfeem) slegs 12 keer in die totale korpus voorgekom, maar *geskiem* (Engelse stam op Afrikaanse spelwyse geskryf, met die Afrikaanse premorfeem *ge-*) is beduidend meer gebruik (72

keer in die totale korpus). *Gescheme* het hoofsaaklik twee gebruikperiodes gehad: 2004 en 2012. *Geskiem* aan die ander hand het egter redelike stabiele gebruik getoon tot en met 2012, waar die gebruik 'n beduidende toename getoon het (sien grafiek 4-9). Die feit dat nie een van die twee vorme in 2017 enige gebruik getoon het nie, kan toegeskryf word aan die klein datastel van 2017 (34773 woorde). *Geskiem* het dus bo *gescheme* gekonvensionaliseer.



Grafiek 4-9: Gescheme vs geskiem

Die verledetydsaanduiding *ge-* is die Afrikaanse premorfem wat die meeste aan Engelse stamme geheg word. Dit kom ook in kombinasies voor met voorsetsels (bv. *in*, *op*, *af* en *uit*). Die verledetyds-*ge-* as deel van leenmorfologie kom sedert die ontstaan van die blog dikwels voor (grafiek 4-10). Daar is dataperiodes waar gebruik gepiek het, maar die voorkoms van hierdie verskynsel het relatief konstant bly voorkom. Konvensionalisering het plaasgevind in terme van die aanduiding van Engelse stamme as verledetydswoorde.



Grafiek 4-10: Verledetyds-ge- se gebruik per periode

- [4.94] Hulle word ge-arrester terwyl hulle dronk is en drugs vat en word **uitgebail** deur drugs en arms dealers. Die res kan jy predictably vir jouself indink. (WKJ? 2015 Hoofteks)
- [4.95] Anders as laasjaar lyk dit asof meeste malhase ook **ingeclue** het om die Donderdag daar te wees as die hekke oopmaak (soos voor 'n Edgars Red Hanger sale). (WKJ? 2015 Hoofteks)
- [4.96] Dit gaan oor hoe hy hierie move **afgepull** het en dis al wat tel. Die feit van die saak is dat ondertone die wenresep is. Jy hoef nie agter die skermse kameras te hê om 'n sub-plot in motion te stel nie. (WKJ? 2004 Hoofteks)
- [4.97] En so gaan ons aan met ons lewens, en hulle met hulle s'n. Een van die dae gaan ons **gebless** word met pics van hulle groeiende kinnars, wat ek seker is ook gaan sing. Of rugby speel. Of albei... (WKJ? 2005 Hoofteks)
- [4.98] Maar als sal op die site gaan as dit **gebook** is, en die Volk van Main sal natuurlik per e-pos laat weet word soos gewoonlik. (WKJ? 2006 Hoofteks)
- [4.99] Op een of ander weird manier is al hierdie skade aan dieselfde kant van die straat - mens sou dink hy sou heen en weer **gebounce** het soos Mamphela Ramphele tussen politieke partye bounce, maar somehow het hy aan die regterkant van die straat gebly. (WKJ? 2014 Hoofteks)

Woorde uit ander tale, wat reeds 'n geruime tyd in die spreektaal voorkom, word op die Afrikaanse spelwyse geskryf (AWS, 2017:708). Van die woorde is reeds gevestig in Afrikaans, terwyl ander slegs enkele kere voorgekom het.

[4.100] Daar sal ook 'n buffet **brekfis** (<breakfast) die volgende oggend beskikbaar wees om jou hangover te help PKs gee. (WKJ? 2016 Hoofteks)

[4.101] Dit sal my vir seker beter laat voel dat my vote actually getel het en gerus stel dat daar fokkol **koeraptjin** (<corruption) is met die voting nie. (WKJ? 2014 Hoofteks)

[4.102] En ja die tande pla, maar dis darem maar 'n vrek groot **smaail** (<smile) op sy smoel. **Supersmaail** (<Supersmile). (WKJ? 2012 Hoofteks)

[4.103] Maar dis seker bietjie **blaaïnt** (<blind) om daai kak in werkstyd te doen. (WKJ? 2010 Hoofteks)

[4.104] Sy was somer 'n verotte ding van die begin af, en ek gaan somer baie geld vannie **iensurans** (<insurance) kry om te **kompensyt** (<compensate) vi die verlies. (WKJ? 2000 Hoofteks)

4.4.2.1 Samevatting

Die verledetyds-ge-, asook die verledetyds-ge-[+voorsetsel] het redelike stabiele gebruik getoon oor die sewentien jaar heen. Die gebruik van die koppelteken as aanduiding van die skeiding tussen 'n Afrikaanse premorfeem en Engelse stamme het wel tot 'n mate gekonvensionaliseer.

Leenmorfologie sonder die koppelteken is meer frekwent in die korpus as met die koppelteken. Die Afrikaanse ge-[+Eng stam] as verledetydsaanduiding word deurlopend in die korpus gebruik. Sommige dataperiodes het hoër frekwensies getoon as ander, maar selfs in die dataperiodes wat daar nie sulke hoë frekwensies is nie, het die verskynsel gekonvensionaliseer in die blog.

Woorde wat van ander tale oorgeneem is en op die Afrikaanse spelwyse geskoei word, toon wisselvallige konvensies. Die woorde wat wel gekonvensionaliseer is, bv. *brekfis*, het reeds in die gesproke taal en elders gekonvensionaliseer en is nie eie aan die aanlynomgewing of spesifiek die WKJ?-blog nie.

4.4.3 Taboewoorde

Die gebruik van taboewoorde is 'n wesentlike eienskap van die Zefrikaanse internetgemeenskap, en dit kom ook tipies in gesproke taal voor. In die korpus, alhoewel dit 'n Afrikaanse blog is, word beide Engelse en Afrikaanse vloekwoorde gebruik. Taboewoorde word dikwels as tiperend van manlike gedrag beskou (sien Hoofstuk 2), alhoewel die vroulike bydraers van die blog ook taboewoorde gebruik. Mans gebruik egter sterker taboewoorde (vulgêre en obsene woorde) as vrouens. Dit skep solidariteit tussen die deelnemers en vestig hulle as lede van die spraakgemeenskap. Die gebruik van taboewoorde op die blog stem waarskynlik ooreen met werklike taalgebruik, maar kan moontlik ook vir stilistiese effek gebruik word.


Alhoewel vloekwoorde sonder skroom gebruik word, is daar enkele gevalle waar vokale of woorde in geheel vervang word deur @- of #-simbole.

[4.105] (As an a-side moet anonymous bitjie VWSA tune want die maats op hierdie webwerf is die hoppende @#\$ in vir hulle. (WKJ? 2008 Hoofteks)

[4.106] Geen wonder ek voel vandag soos 'n ou doos wat in die ryp gele het nie pragtige dialoog. gotta love die ninja move met die swaard aan die einde..... ek verstout my deur te se, wienie wienie wienie, ek soek diit kwaai, amper soos n@@i en pappegaaslaai....oes. (WKJ? 2011 Kommentaar)


[4.107] Ek het nou die dag daar gan bitch oor die crap sevice, and guest what hulle het actually gerespond en die k@k uitgesort..... ons sal mar kyk vir hoelang (WKJ? 2010 Kommentaar)

Die taboewoorde in die WKJ?-blog is geklassifiseer volgens die leksikografiese etikette van die HAT (2009), sowel as die verskillende domeine wat uit vorige navorsing geïdentifiseer is (Stapleton, 2010).



Grafiek 4-11: Taboewoorde geklassifiseer per leksikografiese etiket

In grafiek 4-11 kan daar gesien word dat vulgêre- en plat woorde by verre die meeste gebruik word. Dit sluit woorde soos *kak* en *fok* in. Woordtellings is genormaliseer per duisend woorde.



Grafiek 4-12: Lae frekwensie taboewoorde per periode

Alhoewel daar kwetsende woorde voorkom, toon dit nie hoë frekwensie gebruik nie. Daar is weglaatbaar min rassistiese woorde in die korpus (*nigger* kom slegs 7 keer voor in die hele korpus). Meeste van die kwetsende woorde kan as godslasterlike woorde bestempel

word, maar kan volgens Biber *et al.* (1999:1094) as eufemistiese taboewoorde beskryf word, omrede fonetiese aanpassings op hierdie woorde se skryfwyse die absolute taboe daaraan verbonde verdoesel.

[4.108] *Laat dit mens werklik dink, **jislaaik** ja, dit klink nogal na 'n bak idee om na die Suidpool toe te loop, ek gaan koop sommer onmiddellik 'n Rolex? (WKJ? 2000 Hoofteks)*

[4.109] *Al om jou is sulke verbase gesigte. **Jissie**, poep is darem ma 'n ou grappie. (WKJ? 2006 Hoofteks)*

[4.110] *Onhou julle hoe kaksnaaks dit was in 2004? **Jissis**, dit was fokken snaaks, huh julle? (WKJ? 2011 Hoofteks)*

[4.111] ***Jis** lyk my dit gaan punt in wind met Die Antwoord. (WKJ? 2010 Kommentaar)*

[4.112] ***Jirra**, maar daai naaier is darm maar goed de poes in vir daai oom. (WKJ? 2011 Kommentaar)*

[4.113] *You can get the guide on channel 1". **Jirre** tog. (WKJ? 2006 Hoofteks)*

[4.114] *Ag nee **jirretjie** tog - don't even get me die fok started op hierdie een! (WKJ? 2011 Kommentaar)*

[4.115] *Nee **jirri** fok.... my katoolse foksterrier kan beter msiek maak as hy die bitch next oor pomp op die orrel.... (WKJ? 2014 Kommentaar)*


[4.116] ***Jirrrr**, maats. Waar sal ons begin? (WKJ? 2014 Hoofteks)*

Voorbeelde 4.108-4.109, 4.111 is sosiaal meer aanvaarbare variante op die gebruik van godslasterlike woorde. Hierdie woorde word eufemisties gebruik en word nie noodwendig as taboe beskou nie.

Alhoewel die spelling van *Jesus* verander is (Voorbeeld 4.110), kan die gebruik van hierdie woord as meer godslasterlik beskou word. Dit is minder aanvaarbaar om hierdie voorbeeld in geselskap te gebruik as woord wat meer gewysig is in terme van spelling en klank.

Voorbeelde 4.112-4.113, 4.116 se taboewaarde lê meer in die klank en uitspraak van die woord as in die spelling. Die ydelike gebruik van *Here*, in welke vorm dra ook 'n hoë taboewaarde.


Voorbeeld 4.114 is 'n verkleining van die taboewoord, en kan as meer aanvaarbaar beskou word as gevolg daarvan.



Grafiek 4-13: Hoë frekwensie taboewoorde per periode


Vulgêre woorde (onder andere *ballas*, *fokken*, *kak*, *kont*) word die meeste in die korpus gebruik, terwyl plat woorde (byvoorbeeld *drol*, *gat*, *jags*, *kots*) ook redelike hoë gebruiksfrekwensies toon. Obsene woorde (onder andere *poes*, *piel*) het in 2009 'n hoë mate van gebruik getoon. Obsene woorde het egter oor die sewentien jaar gematigde gebruik gewys en het redelik stabiel voorgekom. Al drie die tipes taboewoorde het gekonvensionaliseer, aangesien dit deurlopend in die korpus voorgekom het.

Stapleton (2010) het drie semantiese brondomeine beskryf in haar navorsing: Skatologies en liggaamsdele, die seksuele en godslasterlike domein. Daar is egter meer as die drie domeine, en diere name vir mense (soos *bitch* en *teef*), woorde wat met weer verband hou (*donder* en *bliksem*), woorde wat gebruik word om na mense te verwys (*hoer* en *slef*) en skelwoorde (*moer*) is bygevoeg om na die verskillende domeine te verwys wat in die korpus voorkom.



Grafiek 4-14: Taboewoorde geklassifiseer per domein


In grafiek 4-14 is die domeine wat die meeste verteenwoordig word in die korpus die seksuele domein, sowel as die skatologiese domein. Woorde wat met die seksuele verband hou, is onder andere woorde soos *doos*, *kont*, *poes* en *piel*. Skatologiese funksies verwys na liggaamsfunksies en die liggaamsdele wat met daardie funksies verband hou. Dit sluit onder andere woorde in soos *kak* en *kots*.



Grafiek 4-15: Lae frekwensie taboedomeine per jaar

Dierenname (*bitch*, *teef*) het nie baie gewildheid getoon nie en het lae frekwensies van gebruik. Godslasterlike woorde (wat die Here se naam gebruik, asook variante daarvan)

het meer dikwels voorgekom (sien voorbeelde 4.108-4.116). Die woorde het baie wisselvallige pieke oor die sewentien jaar in die domein. Woorde wat met weer verband hou (*donder, donner, bliksem*) het veral in 2001-2002 en 2008 gepiek. Alhoewel daar vanaf 2009 'n afname in gebruik was, het die gebruik van hierdie woorde gestabiliseer en het moontlike konvensies gevorm.



Grafiek 4-16: Hoë frekwensie taboedomeine per jaar

Skatologiese- (onder andere *kak, kots, poep*), en seksuele taboewoorde (byvoorbeeld *pomp, naai, spyker*) en skelwoorde (soos *moer, hoer, slet*) (grafiek 4-16) is per duisend woorde genormaliseer en gebruik wissel tussen vier en ses woorde per duisend per jaar. Dit toon 'n stabiele gebruik vir woorde in hierdie domein. Woorde uit die seksuele domein toon effens meer wisselvallige gebruik. Vanaf 2001-2003 was daar 'n toename in gebruik van woorde uit die seksuele domein, waarna dit effens afgeneem het tot en met 2008. Gebruik van woorde wat met die seksuele verband hou, het gepiek in 2009 en 2010. Dit het daarna afgeneem, alhoewel dit steeds die hoogste gebruiksfrekwensies getoon het.

4.4.3.1 Samevatting

Vulgêre- en plat woorde het die hoogste frekwensie van gebruik in die korpus getoon, bo onfyn-, krag-, kwetsende- en obsene woorde. Kwetsende woorde kom nie so dikwels in die korpus voor nie, alhoewel dit konsekwent gebruik is. Meestal is kwetsende woorde

godslasterlike woorde en variasies van daardie woorde. Dit varieer op die taboeskaal tussen eufemistiese gebruik wat nie noodwendig as taboe ervaar word nie, en 'n uitermate hoë taboewaarde. Rassistiese woorde het weglaatbaar min in die korpus voorgekom.

Obsene woorde het nie sulke hoë frekwensies van gebruik getoon as vulgêre- en plat woorde nie, alhoewel dit in vergelyking stabiele en gematigde gebruik getoon het. Taboewoorde in die seksuele en skatologiese domeine is meer gewild as taboewoorde in ander domeine, alhoewel ander domeine wel konsekwente gebruik oor die sewentien jaar getoon het. Die gebruik van taboewoorde in die WKJ?-blog het gekonvensionaliseer oor tyd.

4.4.4 Vloekwoordinlywing

In die WKJ?-korpus kom daar etlike gevalle van vloekwoordinlywing voor. Dit is bisillabiese vloekwoorde (Feinauer, 1981:144) en die ontvangswoorde bestaan ook almal uit twee of meer sillabes. Vloekwoorde word in ander gasheerwoorde ingelyf en 47% van die woorde word met koppeltekens op die sillabegrense aangedui. 39% van vloekwoordinlywing in die korpus word sonder koppeltekens geskryf.

Fokken is die taboewoord wat die meeste gebruik word in vloekwoordinlywing. Die vloekwoord word telkens voor die hoofklem van die gasheerwoord ingevoeg, byvoorbeeld *fantasties*. Die eerste sillabe is onbeklemtoond, dan volg die taboewoord, dan die sillabe wat die hoofklem van die woord dra:

[4.117] *En daar het sy net-so “opgewonde hande” dansky die **fan-fokken-tastiese** heuwels, hyg duiwel, lmgga (WKJ? 2011 Kommentaar)*

[4.118] *Iemand hier het **vanfokkentastiese** sig want ek kan nie eers die bottel sien nie nevermind die label lees. (WKJ? 2011 Kommentaar)*

Daar is enkele gevalle van vloekwoordinlywing vir *blerrie*, *donners* en *bliksem* onderskeidelik.

[4.119] *Ja weereens soos ek **geblerriesê** het 'n paar vrae terug. (WKJ? 2006 Hoofteks)*

[4.120] Fokken poeslike baie bliksemse kontlike **vloekdonnersewoorde**. Jissis, check hierrie motherfuckin sait uit. (WKJ? 2003 Hoofteks)

[4.121] Maar nee, hang aan, die tape sny af na die uiters opwindende intro sequence en ons sit vir mekaar en kyk soos doosbreine. Ongefokkenlooflik. Absofokkenluut **onbliksemsgelooflik**. Kak. (WKJ? 2000 Hoofteks)

Daar is ook gevalle waar taboewoorde in samestellings of vaste uitdrukkings gevoeg word, en met behulp van koppeltekens aangedui word.

[4.122] My tip aan cherries wat bietjie die tietsakke wil laat flapper; gryp daai stuurwiel vas, moenie op die blerrie ding sit nie, en moet onder geen omstandighede dink jy kan met **high-fokken-heals** bestuur nie (ek kan, maar ek ry nie soos 'n vrou nie). (WKJ? 2013 Hoofteks)

[4.123] Dit was 'n unieke bydrae **myns-fokken-insiens**. Dit het 'n sekere sound waarom ek mal is. (WKJ? 2016 Hoofteks)

[4.124] Die jetski's lyk ook heel aanloklik, maar dis een van die nuwer scams. Jy huur dit teen R750 per uur wat in my nederige opinie **kak-fokken-duur** is. (WKJ? 2013 Hoofteks)



Grafiek 4-17: Vloekwoordinlywing per jaar

Vloekwoordinlywing kom baie wisselvallig voor in die korpus. Dit het veral in die beginjare duidelike toenames en afnames getoon. Vanaf 2007 het gebruik begin stabiliseer en was daar nie meer beduidende toe- en afnames nie. Aangesien die gebruik van taboewoorde binne gasheerwoorde nie uit die korpus verdwyn het nie, het die verskynsel tot 'n mate gekonvensionaliseer.

4.4.4.1 Samevatting

Uit die voorafgaande bespreking van die leksikale verskynsels op die *WKJ?*-blog kan daar gesien word daar verskeie geleentheidskeppings is wat op dié blog voorgekom het. Sommige van die geleentheidskeppings het gekonvensionaliseer (soos *zak* en *zaber*), terwyl ander slegs enkele kere gebruik is en nie gevetig het onder blog-gebruikers nie (soos *snormossel* en *koekdoeke*). Geleentheidskeppings word ook gebruik om taboedomeine te beskryf in terme van sosiaal aanvaarbare domeine.

Leenmorfologie is een van die wesentlike eienskappe van gesproke taal. Dit is 'n verskynsel wat oor mediums heen gevind word en is nie beperk tot aanlyn taalgebruik of Zefrikaans nie. Die frekwente gebruik daarvan kan moontlik 'n weerspieëling wees van 'n bepaalde werkersklas Afrikaneridentiteit in die blog. Leenmorfologie word soms met koppeltekens geskryf, wat die grense tussen die twee tale aandui, maar meestal word die pre- en postmorfeme vas aan die stam geskryf. Engelse woorde word ook soms op die Afrikaanse spelwyse geskryf, maar nuwe konvensies is nie in terme daarvan gevorm nie.

Taboewoorde word uitermate baie gebruik in die *WKJ?*-blog (22 keer per duisend woorde). Taboewoorde is geklassifiseer volgens leksikografiese etikette, wat 'n aanduiding verskaf oor die sosiale taboewaarde van hierdie woorde. Die taboewoorde van die blog is ook in domeine verdeel, as aanduiding van die semantiese lading van hierdie woorde. Die gebruik van taboewoorde in die blog is gekonvensionaliseer as gevolg van konsekwente gebruik oor die sewentien jaar heen.

Fokken word die meeste in gasheerwoorde ingevoeg terwyl ander taboewoorde slegs enkele kere ingelyf is in ander woorde. *WKJ?* het egter gevalle waar taboewoorde in samestellings en vaste uitdrukkings in gevoeg word. Aangesien dit nie heeltemal in lyn is met die morfologiese prosesse van vloekwoordinlywing nie, word hierdie taboewoorde met koppeltekens aangedui waar dit ingevoeg is.

4.5 SINTESE

Die ortografiese en leksikale taalverskynsels wat op die WKJ?-blog voorkom stem ooreen met taalverskynsels wat in vorige navorsing in rekenaar-bemiddelde kommunikasie geïdentifiseer is. Die weglating van skryftekens het meer dikwels in die aanvangsjare van die blog voorgekom, met wisselvallige gebruik tot en met 2013. Daarna wil dit voorkom asof daar 'n terugkeer na standaardtaalgebruik is betreffende skryftekengebruik. Dit kan moontlik te wyte wees aan sosiale sanksie deur aanlyn deelnemers as skryftekens weggelaat word.

Veelvuldige puntuasie is kenmerkend van aanlyn kommunikasie, en dit kom ook dikwels op die WKJ?-blog voor, veral in die kommentaargedeeltes. Veelvuldige puntuasie in die kommentaargedeeltes het wel wisselvallige gebruik getoon tot 2010, waarna die gebruik van hierdie verskynsel gekonvensionaliseer het in die kommentaargedeeltes van die blog. Hierdie verskynsel het in die hoofteks slegs vanaf 2008-2010 hoë frekwensies van gebruik getoon, waarna dit dramaties afgeneem het. In die hoofteksgedeeltes het veelvuldige puntuasie geen blywende konvensies gevorm nie, en blyk dit dat aanlyn deelnemers terugkeer na puntuasiegebruik volgens Standaardafrikaans se skryfreëls.

Onkonvensionele spelling is 'n taalverskynsel wat oor geskrewe mediums heen voorkom. Onkonvensionele spelling as gevolg van letterherhaling het wel gekonvensionaliseer in uitroepe, maar daar is nie duidelike konvensies wat gevorm het in vullers en nabootsing van gesproke taal nie. In ander tipes onkonvensionele spelling word dieselfde woorde nie konsekvent op 'n nie-standaard wyse gespel nie, en het die verkeerd gespelde woorde nie konvensies gevorm nie, alhoewel die verskynsels wat tot nie-standaard spelling gelei het wel veroorsaak het dat daar deurlopend in die korpus woorde voorkom wat op 'n onkonvensionele wyse gespel is.

Etlike geleentheidskeppings is tydens die handanalise onttrek. Van die geleentheidskeppings soos *zak*, *zaber* en *krimpies* is deurlopend gebruik en het gekonvensionaliseer. Samestellings, met 'n nuwe semantiese waarde, het ook redelik in die korpus voorgekom, alhoewel daar nie spesifieke samestellings is wat in die blog gekonvensionaliseer het nie. Konvensies is op 'n algemener of abstrakte vlak gevorm – om deur middel van samestellings bepaalde referente, veral in die domeine van verhoudings en seksualiteit, op speelse wyse uit te beeld, en van metafore uit diere-,

vrugte-, seksuele- en skatologiese domeine gebruik te maak om die samestellings interpreteerbaar te hou. Sommige woorde, wat reeds in woordeboeke opgeneem is met 'n bepaalde leksikale waarde, verkry nuwe betekenis in die blog, byvoorbeeld *duik*, *blaar*, *skille*. *Skêr*, as visuele metafoor vir vrouens, het bo *wip* en *tjerrie* gekonvensionaliseer. Visuele metafore wat na seksuele daade verwys (*brand*, *steek*, *naai*, *spyker*) het bo standaardbeskrywings (soos *gemeenskap hê*) gekonvensionaliseer. Daar is nie in Afrikaans 'n algemeen gangbare en gebruiklike werkwoord om na seks te verwys nie, aangesien dit, veral vir die ouer garde, 'n absolute taboe-onderwerp is vir bespreking. Dié leksikale gaping in Afrikaans het tot die gevolg dat daar kreatief omgegaan kan word met die beskrywing van seksuele daade. *Dratie* [+ww] het bo die vaste uitdrukking *draad trek* as seksuele masturbasieterm gekonvensionaliseer.

In leenmorfologie word die verledetydsge-[+Engelse stam] die meeste in die korpus gebruik. Nie alle Engelse stamme met Afrikaanse premorfeme het gekonvensionaliseer nie, en het wisselvallige gebruik getoon. *Geskiem* het egter bo *gescheme* gekonvensionaliseer. Engelse woorde wat op 'n Afrikaanse spelwyse geskryf word, wat nie reeds in gesproke taal gekonvensionaliseer is nie, het ook nie in die blog konvensies gevorm nie.

Taboewoorde is geklassifiseer volgens leksikografiese etikette (taboeskaal), sowel as semantiese brondomeine. Zef slang bevat talle metafore wat met die seksuele- en skatologiese brondomeine verband hou. Dit dra by tot die uitbeeld en uitbou van die manlike identiteit. Sosiale praktyke soos drink, braai en vloek word ook stereotipies gesien as manlike gedrag, en as 'n gevolg word sterker vloekwoorde meer met manlike bydraers geassosieer as vroulike bydraers. Feitlik geen rassistiese woorde kom in die korpus voor nie, alhoewel godslasterlike woorde en variante daarvan wel dikwels voorkom. Die gebruik van taboewoorde het gekonvensionaliseer in die blog. Vloekwoordinlywing se gebruik het tekens van stabilisering getoon vanaf 2007, en 'n mate van konvensionalisering het plaasgevind.

HOOFSTUK 5: GEVOLGTREKKING

5.1 INLEIDING

Vorige navorsing oor aanlyn kommunikasie in Afrikaans is hoofsaaklik gedoen oor ouer aanlyn mediums soos IRC, e-pos en kletskamers (Verhoef, 2001; Brunette, 2005; Van Gass, 2006; Jansen van Vuuren, 2007), maar nie oor blogs in Afrikaans nie. Verskeie taalverskynsels wat aanlyn manifesteer is reeds voorheen geïdentifiseer, en hierdie studie het probeer bepaal of dieselfde taalverskynsels sou voorkom op 'n Afrikaanse blog as 'n nuwer Web 2.0-webtoepassing.

Die blog word beskou as satiriese kommentaar oor zef mense en hulle lewensstyl en taalgebruik. Gesproke taal word nageboots alhoewel aanlyn kommunikasie 'n geskrewe medium is.

Die aanlyn deelnemers van die *WKJ?*-blog kan as 'n virtuele spraakgemeenskap beskou word, en sosiale verhoudings is deur die loop van die sewentienjaartydperk opgebou. In die virtuele spraakgemeenskap projekteer deelnemers 'n bepaalde identiteit, wat nie noodwendig 'n reflektering is van hulle ware identiteite nie. Taalgebruik versterk groepsolidariteit, asook die Zef groepsidentiteit. Zef slang, die uitgebreide bemoeienis met die seksuele en die oordadige gebruik van taboewoorde word geassosieer met die Zefrikaanse gemeenskap en dra by tot die uitbou van 'n identiteit van manlikheid, van mans wat 'rof en onbeskof' is.

Aangesien daar verskeie taalbydraes in 'n virtuele omgewing gelever word, en elke individu sy/haar eie unieke linguistiese repertoire bydra tot die blog, is dit onvermydelik dat variasie in taalgebruik sal ontstaan. Die variante kan dan in taalgebruik óf verdwyn, óf konvensionaliseer en deur al die spraakgemeenskapslede aanvaar word vir gebruik.

Hierdie studie het onder andere probeer bepaal of daar wel variante en taalverskynsels was wat gekonvensionaliseer het. Die bevindinge van die studie word vervolgens bespreek.

5.2 OPSOMMING VAN BEVINDINGE

Die eerste doelstelling van hierdie studie was om te probeer bepaal of daar spesifieke eienskappe is wat aan Zefrikaans toegeken kon word. Met die uitsondering van die gebruik van woorde met 'n baie hoë taboewaarde (obsene- en vulgêre taboewoorde) het die taalverskynsels wat op die blog voorgekom het, ooreengestem met taalverskynsels wat in vorige navorsing oor rekenaar-bemiddelde kommunikasie in Afrikaans en verskeie ander tale ook voorgekom het.

In die geval van die uitsondering het dit duidelik geword dat die sterk taboewoorde byna uitsluitlik deur mans aangevoer word om hul manlike identiteit sterker uit te beeld. Seksuele- en skatologiese domeine word in terme van nie-taboedomeine bespreek soos onder andere vrugte en diere. Die behepthed met seks en alles wat daarmee verband hou sluit aan by die manlike identiteitsvorming. Hoe meer bar mans in hulle taalgebruik is, hoe meer manlik word hulle beskou deur ander mans. Vrouens gebruik meer eufemismes en taboewoorde met 'n laer taboewaarde as die mans. Alhoewel die gebruik van taboewoorde in aanlyn kommunikasie nie beperk is tot die *WKJ?*-blog nie, en dit in ander aanlyn omgewings sowel as gesproke taal ook gevind word, is dit gewoonlik meer sosiaal aanvaarbare taboewoorde. In die *WKJ?*-blog word sterk gekruide taal gebruik om groepsolidariteit te vestig, sowel as om lesers te vermaak.

Die moderne aanlyn identiteit word weerspieël deur die ortografiese verskynsels in aanlyn gebruik. Die weglating van skryftekens, veelvuldige punktuasie en onkonvensionele spelling is 'n aanduiding van aanvaarding deur die virtuele gemeenskap rakende mediumspesifieke skryfwyses. In die virtuele zef gemeenskap word die manlike identiteit uitgebeeld deur die leksikale verskynsels. Deelnemers gaan kreatief te werk met die Afrikaanse leksikon en beskryf taboe-onderwerpe op 'n speelse wyse, deur middel van metafore. Van die deelnemers het universiteitsopleiding (deel van persoonlike identiteit), en dit kom na vore in die sosiale sanksie wat in die blog gevind word. Hulle het steeds waardes wat gehandhaaf moet word in die ontwikkeling van die inhoud. Daar is egter ook 'n sosiale identiteit (zef identiteit) wat voorgehou word van 'manlike' mans wat nie aan reëls gebonde is nie. Alhoewel deelnemers nie noodwendig hulle ware identiteite openbaar op die blog nie, beïnvloed hulle persoonlike identiteit wel die sosiale identiteit wat op die blog voorgehou word.

Die tweede doelstelling van die studie was om deur middel van 'n analise te bepaal hoe die gebruik van die taaleienskappe in Zefrikaans oor tyd verander het.

Die weglating van skryftekens het wisselvallige gebruik getoon. In die beginjare van die blog is die kappie meer dikwels weggelaat as die deelteken en weglatingsteken. Weglating van die drie skryftekens het gepiek in 2008-2010, waarna die afname in weglating kon dui op 'n terugkeer na standaardtaalgebruik.

Veelvuldige puntuasiegebruik in die kommentaargedeeltes van die blog het variasie getoon tot en met 2010, waarna gebruik gestabiliseer het en konsekwent gebruik is. Veelvuldige puntuasie in die hoofteks het gewildheid getoon vanaf 2008-2010, waarna gebruik feitlik verdwyn het.

Herhaling van letters, as 'n tipe onkonvensionele spelling het na die piek in 2008 gematigde en stabiele gebruik getoon.

Verskeie geleentheidskeppings het sporadies voorgekom in die blog, sommige geleentheidskeppings het herhaaldelik in die blog voorgekom en gevestig geraak in taalgebruik, terwyl ander slegs in spesifieke periodes voorgekom het, maar nie posgevat het onder aanlyn deelnemers nie.

Leenmorfologie het aanvanklik nie baie in die blog voorgekom nie, maar het vanaf 2005 skerp toegeneem. Gebruik van hierdie verskynsel het gestabiliseer na 2010.

Taboewoorde is deurlopend konsekwent in die blog gebruik. Vanaf die ontstaan van die blog tot die laaste dataperiode wat vir hierdie studie beskikbaar gemaak is (2017), het taboewoorde frekwent voorgekom in al die dataperiodes. Vloekwoordinlywing het ook tot 'n mate stabiele gebruik getoon vanaf 2007.

Die derde doelstelling van die studie was om te bepaal tot watter mate internettaalgebruikers begin het om hulself te konvensionaliseer in terme van die Zefrikaans wat op die WKJ?-blog gebruik word.

Skryftekenweglating in die blog het nie konvensies gevorm nie, en daar het 'n terugkeer na standaardtaalnorme plaasgevind. Veelvuldige puntuasie het gekonvensionaliseer in die kommentaargedeeltes van die blog, maar nie in die hoofteks nie.

In terme van onkonvensionele spelling het letterherhaling in uitroepe konvensies gevorm, maar letterherhaling in vullers en naboots van gesproke taal het nie duidelike konvensies gevorm nie.

Etlike geleentheidskeppings (zef slang) is vir die doeleindes van die blog ontwikkel. Sommige het gekonvensionaliseer en ingeburger geraak in die alledaagse taalgebruik van aanlyn deelnemers op die blog. Verskeie reeds bestaande woorde het 'n betekenisverandering ondergaan en het die woord met 'n nuwe semantiese waarde gekonvensionaliseer geraak in die blog. Daar is egter heelwat geleentheidskeppings wat enkele kere voorgekom het en nie ingesetel geraak het in die blog nie.

Leenmorfologie se toename in gebruik het tot konvensievorming gelei. Sekere morfologiese vorme is frekwent bo ander geselekteer en het konvensies gevorm. Leenmorfologie wat met 'n koppelteken geskryf is, het tot 'n mate gekonvensionaliseer, alhoewel die verskynsel met die koppelteken nie so frekwent voorgekom het as sonder die koppelteken nie. Engelse woorde wat op 'n Afrikaanse spelwyse geskryf is, het wisselvallige konvensies getoon. Woorde wat gekonvensionaliseer het, het reeds elders gekonvensionaliseer en kon nie as eie aan die WKJ?-blog beskou word nie.

Taboewoorde is sedert die aanvang van die blog dikwels gebruik. Woorde wat alle vlakke van die taboeskaal (leksikografiese etikettering) verteenwoordig het konsewent in alle dataperiodes voorgekom. Uitermatige gebruik van taboewoorde het gekonvensionaliseer in die blog.

5.3 GEVOLGTREKKING

Daar het nie nuwe verskynsels na vore gekom in die WKJ?-blog wat nie reeds ook in vorige navorsing gemanifesteer het nie. Taboewoorde is ook in ander aanlyn omgewings, asok in ander mediums van kommunikasie gevind, alhoewel obsene woorde 'n groter teenwoordigheid het in Zefrikaans op die WKJ?-blog as in ander taalomgewings.

Sommige verskynsels (soos skryftekenweglating) het aanvanklik verskeie nie-standaard innovasies getoon, maar aan die einde van die periode het die gebruik van hierdie verskynsel 'n terugkeer na standaardtaalskryfwyse getoon, terwyl etlike ander nie-standaard skryfwyses wel in die blog gekonvensionaliseer het. Alhoewel sommige taalverskynsels wisselvallige gebruike getoon het, was daar wel taalverskynsels wat

stabiele gebruike getoon het oor die periode van sewentien jaar. Sommige van die verskynsels (geleentheidskeppings) het semantiese veranderinge ondergaan in die blog, terwyl ander verskynsels gebruiksveranderinge (toename in gebruik) ondergaan het. Na aanleiding van die data-analise is daar wel bepaal dat verskeie taalverskynsels konvensies gevorm het in die spesifieke virtuele gemeenskap en tussen die bepaalde gemeenskapslede.

Hierdie studie het slegs gefokus op een gebruiksvariëteit van Afrikaans, naamlik Zefrikaans, soos wat dit op die Afrikaanse blog *WKJ?* voorkom. Daar kan op hierdie studie voortgebou word in volgende studies betreffende die morfologiese prosesse wat taboewoorde ondergaan, en die woordfunksie wat hulle vervul. Daar kan ook bepaal word hoe vrouens met eufemistiese taalgebruik, sowel as meer sosiaal aanvaarbare taboewoorde, steeds lidmaatskap verkry tot hierdie virtuele spraakgemeenskap. Sarkasme in hierdie aanlyn omgewing is ook 'n aspek wat verder ondersoek kan word.

BIBLIOGRAFIE

AL-SA'DI, R.A. & HAMDAN, J.M. 2005. "Synchronous online chat" English: Computer-mediated communication. *World Englishes*, 24(4):409-424.

ANDROUTSOPOULOS, J.K. 2000. Non-standard spellings in media texts: The case of German Fanzines. *Journal of Sociolinguistics*, 4(4):514-533.

ANDROUTSOPOULOS, J. 2006. Introduction: Sociolinguistics and computer-mediated communication. *Journal of Sociolinguistics*, 10(4):419-438.

ANDROUTSOPOULOS, J. 2011. Language change and digital media: a review of conceptions and evidence. *Standard Languages and Language Standards in a Changing Europe*:149-159.

ANDROUTSOPOULOS, J. 2013. Code-switching in computer-mediated communication. *Pragmatics of computer-mediated communication*:667-694.

ANDROUTSOPOULOS, J., 2014. Beyond 'media influence'. *Journal of Sociolinguistics*, 18(2), pp.242-249.

ANDROUTSOPOULOS, J. 2015. Networked multilingualism: Some language practices on *Facebook* and their implications. *International Journal of Bilingualism*, 19(2):185-205.

BAKER, P. 2010. *Sociolinguistics and Corpus Linguistics*. Edinburgh: Edinburgh University Press.

BAKER, P., HARDIE, A., MCENERY, T. 2006. *A Glossary of Corpus Linguistics*. Edinburgh: Edinburgh University Press.

BARNARD, D. 2012. Giftige Misfits: a semiotic investigation into whiteness as represented in *I Fink U Freeky*. Pretoria: UP (Dissertation – PhD).

BARON, N.S. 2008. *Always on: Language in an online and mobile world*. Oxford: Oxford University Press.

BARTON, D. & LEE, C. 2013. *Language Online: Investigating digital texts and practices*. London: Routledge.

BAYM, N.K. 1998. The emergence of online community. (*In Jones, S., ed. CyberSociety 2.0. Revisiting Computer-Mediated Communication and Community*. London: Sage. p. 35-68.)

BEERS-FÄGERSTEN, K.A. 2007. A sociolinguistic analysis of swearword-offensiveness. *Saarland Working Papers in Linguistics (SWPL)* 1:14-37.

BIBER, D., CONRAD, S. AND REPPEN, R. 1998. *Corpus linguistics: Investigating language structure and use*. Cambridge: Cambridge University Press.

BIBER, D., JOHANSSON, S., LEECH, G., CONRAD, S., FINEGAN, E. 1999. *Longman Grammar of Spoken and Written English*. Pearson Education Ltd.

BLOMMAERT, J. & BACKUS, AD. 2012. Superdiverse Repertoires and the Individual. *Tilburg Papers in Culture Studies*, 24:1-32.

BOSMAN, N. 2013. Eenders en anders: die leksikons van Afrikaans en Nederlands in die een-en-twintigste eeu – 'n loodsstudie. *Tydskrif vir Letterkunde*, 50(3):135-154.

BREED, A. 2017. The subjective use of postural verbs in Afrikaans (II): a corpus analysis of CPV *en* in Zefrikaans. *Stellenbosch Papers in Linguistics*, 52:23-43.

BRUNETTE, C. 2005. 'n Ondersoek na die invloed van rekenaar-bemiddelde kommunikasie op Afrikaans met verwysing na internasionale gevallestudies. Kaapstad:UCT. (Dissertation – PhD).

BYBEE, J. 2010. *Language, usage and cognition*. Cambridge University Press.

CARSTENS, W. A. M. 1997. *Afrikaanse Tekslinguistiek: 'n Inleiding*. Pretoria: J.L. van Schaik.

CARSTENS, W.A.M. 2014. *Norme vir Afrikaans: Enkele riglyne by die gebruik van Afrikaans*. 5de uitg. Pretoria: Van Schaik Uitgewers.

- CERRUTI, M. AND ONESTI, C., 2013. Netspeak: a language variety? Some remarks from an Italian sociolinguistic perspective. *Languages go web: Standard and non-standard languages on the Internet*:23-39.
- CHAFE, W.L. 1985. Linguistic differences produced by differences between speaking and writing. (In OLSON, D. R., TORRANCE, N. & HILDYARD, A., eds. *Literacy, Language and Learning*. Cambridge: Cambridge University Press. p. 105-123).
- CHAMBERS, J.K. 2013. Studying Language Variation and Change: An Informal Epistemology. (In CHAMBERS, J.K., & SCHILLING, N., eds. *The Handbook of Language Variation and Change*. 2nd ed. John Wiley & Sons, Inc.).
- CHENAULT, B.G. 1997. Computer-mediated communication and emotion: Developing personal relationships via CMC. [<http://alexia.lis.uiuc.edu/~haythorn/cmc/bgc.htm>]
Toegang verkry: 21 Mei. 2017.
- CHRISTIE, C. 2013. The relevance of taboo language: An analysis of the indexical values of swearwords. *Journal of Pragmatics*, 58:152-169.
- COETZEE-VAN ROOY, A.S. 2000. Cultural identity and acquisition planning for English as a second language in South Africa. Vanderbijlpark: NWU. (Thesis – PhD).
- COMBRINK, J.G.H. 1989. Afrikaanse Morfologie: 'n oorsig. (In: BOTHA, T.J.R., red. *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*. 2de Hersiene uitgawe. Pretoria: Academica. p. 220-254).
- COMBRINK, J.G.H. 1990. Afrikaanse Morfologie. Pretoria: J.L. van Schaik.
- COUPLAND, N., 2014. Language change, social change, sociolinguistic change: A meta-commentary. *Journal of Sociolinguistics*, 18(2), pp.277-286.
- CROFT, W. 2000. Explaining language change: An evolutionary approach. Pearson Education.
- CRYSTAL, D. 1987. *The Cambridge Encyclopaedia of Language*. Cambridge/ New York: Cambridge University Press.
- CRYSTAL, D. 2001. *Language and the Internet*. Cambridge University Press.

CRYSTAL, D. 2005. The scope of Internet Linguistics. Paper presented at Proceedings of American Association for the Advancement of Science Conference; American Association for the Advancement of Science Conference, Washington, DC, USA. www.davidcrystal.com/?fileid=-4113 Toegang verkry: 04 Apr. 2017.

CRYSTAL, D. 2011. *Internet Linguistics: A Student Guide*. London: Routledge.

CULHANE, D. 2009. Die Antwoord: Zef so fresh. *Vice Magazine*, September. <https://web.archive.org/web/20110813131343/http://www.viceland.com/int/v16n9/htdocs/die-antwoord-154.php> Toegang verkry: 2 Jan. 2018.

DALY, N., HOLMES, J., NEWTON, J., STUBBE, M. 2004. Expletives as solidarity signals in FTAs on the factory floor. *Journal of Pragmatics* 36:945-964.

DANET, B. 2001. *Cyberpl@y: Communicating Online*. Oxford and New York: Berg.

DARICS, E. 2010. Politeness in computer-mediated discourse of a virtual team. *Journal of Politeness Research*, 6(1):129-150.

DE SCHRYVER, G. & PRINSLOO, D.J. 2000. The compilation of electronic corpora, with special reference to the African Languages. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 18:89-106.

DEKKER, L. 1991. Vloek, skel en vulgariteit: Hantering van sosiolinguisties aanstootlike leksikale items. *Lexikos*, 1(1):53-60.

DEUMERT, A. 2014. *Sociolinguistics and Mobile Communication*. Edinburgh University Press.

DEUMERT, A. and LEXANDER, K.V., 2013. Texting Africa: writing as performance. *Journal of Sociolinguistics*, 17(4), pp.522-546.

DONALDSON, B.C. 1991. The influence of English on Afrikaans: a case study of linguistic change in a language contact situation. Pretoria: Academica.

DU PLESSIS, H. 1989. Die Afrikaanse Taalgemeenskap. (*In*: BOTHA, T.J.R., red. *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*. 2de Hersiene uitgawe. Pretoria: Academica. p. 468-483).

DU PREEZ, A. 2011. Die Antwoord gooi zef Liminality: of monsters, carnivals and affects. *Image and Text: a Journal for Design: space, ritual, absence: the liminal in South African visual art*, 17:102-118.

ECKERT, P. 1995. (ay) Goes to the city: exploring the expressive use of variation. (In: GUY, G., FEAGIN, C., SCHIFFIN, D. & BAUGH, J. eds. Towards a social science of language. Papers in honour of W Labov. Vol 1. Variation and Change in Language and Society. Amsterdam: John Benjamin. p. 47-68).

EKSTEEN, L.C. 1989. Die Afrikaanse Woordeskat. (In: BOTHA, T.J.R., red. Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde. 2de Hersiene uitgawe. Pretoria: Academica. p. ?).

ENGEL, J. 2017. Die Antwoord: The Face of a Homologous Subculture, or a purposeless Facade of Zef? <https://www.processjmus.org/s/Julia-Engel-Die-Antwoord-Subculture.docx> Toegang verkry: 23 Mar. 2018.

FARINA, F. AND LYDDY, F. 2011. The language of text messaging: “Linguistic ruin” or resource. *The Irish Psychologist*, 37(6):145-149.

FEINAUER, A.E. 1981. Die taalkundige gedrag van vloekwoorde in Afrikaans. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Verhandeling – MA).

FISCHER, J.L. 1958. Social influences on the choice of a linguistic variant. *Word*, 14(1), pp.47-56.

GÜVENDIR, E. 2015. Why are males inclined to use strong swear words more than females? An evolutionary explanation based on male intergroup aggressiveness. *Language Sciences*, 50:133-139.

HAMERS, J. F. & BLANC, M.H.A. 2000. Bilinguality and Bilingualism. 2nd ed. Cambridge: Cambridge University Press.

HÅRD AF SEGERSTAD, Y. 2002. Use and adaptation of written language to the conditions of computer-mediated communication. Department of Linguistics, Göteborg University.

HERRING, S.C. 2001. Computer-mediated discourse. (In TANNEN, D., SCHIFFRIN, D & HAMILTON, H., eds. *Handbook of Discourse Analysis*. Oxford: Blackwell. p. 612-634).

HERRING, S.C. 2002. Computer-Mediated Communication on the Internet. *Annual Review of Science and Technology*, 36:109-168.

HERRING, S.C. 2007. A Faceted Classification Scheme for Computer-Mediated Discourse. *Language@ internet*, 4(1).

<http://www.languageatinternet.org/articles/2007/761/> Toegang verkry: 5 Mar. 2017.

HERRING, S.C. 2012. Grammar and Electronic Communication. (In CHAPPELLE, C. ed). *Encyclopedia of applied linguistics*. <http://info.ils.indiana.edu/~herring/e-grammar.pdf> Toegang verkry: 1 Aug. 2017).

HERRING, S.C. 2013. Discourse in Web 2.0: familiar, reconfigured and emergent. (In TANNEN, D & TESTER, A.M. eds. *Discourse 2.0: Language and New Media*. https://repository.library.georgetown.edu/bitstream/handle/10822/1044613/9781589019546_GURT_2013.pdf?sequence=1#page=16 Toegang verkry: 3Aug. 2017).

HOFFMAN, C. 1991. *An Introduction to Bilingualism*. London: Longman.

HOLMES, J. 2001. *An Introduction to Sociolinguistics*. 2nd ed. Pearson.

HUDSON, R.A. 1980. *Sociolinguistics*. Oxford: Cambridge University Press.

HUGHES, G. 2006. *An Encyclopedia of Swearing: the social history of oaths, profanity, foul language and ethnic slurs in the English-speaking world*. England and New York: M.E. Sharpe.

HUNSTON, S. 2002. *Corpora in applied linguistics*. Cambridge: Cambridge University.

JAFFE, A. 2000. Introduction: Non-standard orthography and non-standard speech. *Journal of Sociolinguistics*. 4(4):497-513.

JAKOBSON, R. 1960/1971. Linguistics and poetics. *Selected Writings iii:18-51*. The Hague: Mouton. (Originally published in SEBEOK, T.A., ed. *Style in Language*:350-377). Cambridge MA: MIT Press.

- JANSE VAN VUUREN, M. 2007. Die Internet as platform vir 'n nuwe Afrikaanse spraakgemeenskap en 'n nuwe variëteit – 'n korpuslinguistiese ondersoek. Vanderbijlpark: NWU. (Tesis–PhD).
- JOOSTE, P.W. 1969. Onderzoek na die taalvermoë en taalgebruik ten opsigte van Afrikaans as moedertaal van die Transvaalse matrikulante soos in die opstel van die eindeksamen van die middelbare skool geopenbaar. 'n Empiriese studie van die gegewens van 1960. Potchefstroom: PU vir CHO. (Tesis – PhD).
- KENNEDY, G.D. 1998. An introduction to Corpus Linguistics. London and New York: Longman.
- KIESLING, S. 2007. Men, Masculinities, and Language. *Language and Linguistics Compass* 1(6):653-673.
- KO, K.-K. 1996. Structural characteristics of computer-mediated language: A comparative analysis of Interchange discourse. *Electronic Journal of Communication*, 6(3). <http://www.cios.org/www/ejc/v6n396.h> Toegang verkry: 14 Jul. 2017.
- KRESS, G. 2010. Multimodality: A Social Semiotic Approach to Contemporary Communication. London: Routledge.
- KRUEGER, A. 2012. Part II: Zef/poor white kitsch chique: Die Antwoord's comedy of degradation. *Safundi*, 13(3-4):399-408.
- KYTÖLÄ, S. 2012. Multilingual Web Discussion Forums: Theoretical, Practical, Methodological Issues. (In SEBBA, M., MAHOOTIAN, S., JONSSON, C., eds. Language Mixing and Code-Switching in Writing: Approaches to Mixed-Language Written Discourse. New York: Routledge).
- LABOV, W. 1972 [1984]. Sociolinguistic patterns (No. 4). University of Pennsylvania Press.
- LEPPÄNEN, S & PEURONEN, S. 2012. Multilingualism on the internet. (In MARTIN-JONES, M., BLACKLEDGE, A., and CREESE, A., eds. The Routledge Handbook of Multilingualism. London and New York: Routledge).

LESSING, C. 2000. Afrikaners: kommen 'degenerates'- die ou van Beeld het gesien, geluister en geskryf. www.watkykjy.co.za/2000/08/afrikaners-kommen-degenerates-die-ou-van-die-beeld-het-gesien-geluister-geskryf/ Toegang verkry: 3 Aug. 2018.

MAHOOTIAN, S. 2012. Repertoires and Resources: Accounting for code-mixing in the media. (In SEBBA, M., MAHOOTIAN, S., JONSSON, C. eds. *Language Mixing and Code-Switching in Writing: Approaches to Mixed-Language Written Discourse*. New York: Routledge).

MARX, H. & MILTON, V.C. 2011. Bastardised whiteness: 'zef'-culture, *Die Antwoord* and the reconfiguration of contemporary Afrikaans identities. *Social Identities* 17(6): 723-745.

MCENERY, T. & WILSON, A. 2001. *Corpus Linguistics*. 2nd ed. Edinburgh: Edinburgh University Press.

MCENERY, T., XIAO, R. & TONO, Y. 2006. *Corpus-based language studies*. London: Routledge.

MEIERCORD, C. 2009. English Today. *English Today*, 25(01):3-11.

MEYERHOFF, M., STRYCHARZ, A. 2013. Communities of Practice. (In CHAMBERS, J.K., & SCHILLING, N., eds. *The Handbook of Language Variation and Change*. 2nd ed. John Wiley & Sons, Inc.).

MIKULÍK, P. 2007. Lexical Distinctiveness of the Language in the Internet Chat Rooms.

http://dspace.upce.cz/bitstream/handle/10195/25519/MikulikP_Lexical%20distinctiveness_ZU_2007.pdf?sequence=1 Toegang verkry: 1 Nov. 2017.

MILROY, J. & MILROY, L. 1985. Linguistic change, social network and speaker innovation. *Journal of Linguistics*, 21(2):339-384.

MOORE, R. 2012. On Swearwords and Slang. *American Speech* 87(2):170-189.

MULLER, S. 2016. Watkin Tudor Jones se ver-werkliking van Ninja (2009) as 'n simulakrum. Potchefstroom: NWU (Verhandeling – MA).

- MUFWENE, S.S. 2008. *Language evolution: Contact, competition and change*. Bloomsbury Publishing.
- MUYSKEN, P. 2004. Two linguistic systems in contact: Grammar, phonology and Lexicon. (In BHATIA, T. & RITCHIE, W. eds., *The handbook of bilingualism*. Malden, M.A. & Oxford: Blackwell. p. 147-168).
- ODENDAL, F.F. & GOUWS, R.H. 2000. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. 4de uitg. Perskor.
- ODENDAL, F.F. & GOUWS, R.H. 2009. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. 5de uitg. Kaapstad: Pearson Education.
- OLIVIER, J. 2013. Die mate van konsekwentheid in SMS-Afrikaans. *LitNet Akademies* 10(2):1-27.
- PAGE, R., BARTON, D., UNGER, J.W., ZAPPAVINGA, M. 2014. *Researching Language and Social Media: A Student Guide*. Oxon and New York: Routledge.
- PALFREYMAN, D. and M. al KHALIL. 2003. "A funky language for teenzz to use": representing Gulf Arabic in Instant Messaging. *Journal of Computer-Mediated Communication*, 9(1). <http://jcmc.indiana.edu/vol9/issue1/nishimura.html> Toegang verkry: 27 Jul. 2017.
- PAOLILO, J.C. 2007. How much multilingualism? Language diversity on the Internet. (In DANET, B. & HERRING, S. eds., *The Multilingual Internet: Language, Culture and Communication Online*. Oxford: Oxford University Press. p. 408-30).
- PAOLILO, J.C. 2011. "Conversational" Codeswitching on Usenet and Internet Relay Chat. *Language@Internet*, 8(3). <http://www.languageatinternet.org/articles/2011/Paolillo>. Toegang verkry: 17 Aug. 2017
- PONELIS, F. 1999. Afrikaans-English Codeswitching and Convergence. *Language Matters*, 30(1):157-170.

- POSTMES, T., SPEARS, R., LEA, M. 2000. The Formation of Group Norms in Computer-Mediated Communication. *Human Communication Research*, 26(3):341-371.
- RAIDT, E.H. 1985. Historiese perspektief op die normering van Afrikaans. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 10:147-168.
- SAAL, E. 2015. Teenager's perceptions of SMS Afrikaans in print advertisements. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 33(1):1-19.
- SAYERS, D., 2014. The mediated innovation model: A framework for researching media influence in language change. *Journal of Sociolinguistics*, 18(2), pp.185-212.
- SCHNEIDER, E.W. 2016. Hybrid Englishes: An exploratory survey. *World Englishes*, 35(3):339-354.
- SCOTT, M. 2001. Comparing corpora and identifying key words, collocations, frequency distributions through the WordSmith Tools suite of computer programs. (In GHADESSY, M., HENRY, A., ROSEBERRY, R.L., eds. *Small Corpus Studies and ELT: Theory and Practice*. Philadelphia: John Benjamins Publishing Company).
- SEBBA, M. 2012. Researching and Theorising Multilingual Texts. (In SEBBA, M., MAHOOTIAN, S., JONSSON, C., eds. *Language Mixing and Code-Switching in Writing: Approaches to Mixed-Language Written Discourse*. New York: Routledge).
- SHORTIS, T. 2007. Gr8 Txtpeceptions: The Creativity of Text Spelling. *English Drama Media*:21-26.
- SORNIG, K. 1981. *Lexical Innovation: A study of Slang, Colloquialisms and Casual Speech*. John Benjamins Publishing.
- SQUIRES, L. 2010. Enregistering internet language. *Language in Society* 39:457-492.
- STAPLETON, K. 2003. Gender and Swearing: A Community Practice. *Women and Language*, 26(2):22-33.
- STAPLETON, K. 2010. Swearing. (In LOCHER, M.A., GRAHAM, S.L., eds. *Interpersonal Pragmatics*. Berlin; New York: De Gruyter Mouton. p. 289-305).

STEYN, J.C. 1985. Algemene aspekte van taalnormering. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 10:13-69.

TAALKOMMISSIE VAN DIE SUID-AFRIKAANSE AKADEMIE VIR WETENSKAP EN KUNS. 2017. Afrikaanse Woordelys en Spelreëls (AWS). 11de uitg. Kaapstad: Pharos.

TAGG, C. 2009. A corpus linguistics study of SMS text messaging. University of Birmingham. (Thesis – PhD).

TAGLIAMONTE, S.A. & DENIS, D. 2008. Linguistic Ruin? Lol! Instant messaging and teen language. *American Speech*, 83:3-34.

THURLOW, C. 2006. From statistical panic to moral panic: The metadiscursive construction and popular exaggeration of new media language in the print media. *Journal of Computer-Mediated Communication*, 11(3):667-701.

TOGNINI-BONELLI, E. 2001. Corpus linguistics at work. Amsterdam: John Benjamins.

TRUDGILL, P. 2014. Debate: media and language change. *Journal of Sociolinguistics*, 18(2), pp.213-222.

VANDERGRIFF, I. 2013. Emotive communication online: A contextual analysis of computer-mediated communication (CMC) cues. *Journal of Pragmatics*, 51:1-12.

VAN DULM, O. 2006. Structural aspects of English-Afrikaans intrasentential code-switching. *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 24(1):57-69.

VAN GASS, K.M. 2006. "Wat sê jy?" The linguistic characteristics of Afrikaans on IRC. *Stellenbosch Papers in Linguistics PLUS*, 33:69-96.

VAN GASS, K.M. 2008. Language contact in computer-mediated communication: Afrikaans-English code switching on internet relay chat (IRC). *Southern African Linguistics and Applied Language Studies*, 26(4):429-444.

VAN HUYSSTEEN, G.B. 1996. The sexist nature of sexual expressions in Afrikaans. *Literator*, 17(3):119-135.

VAN HUYSSTEEN, G.B. 1998. Leksikografiese hantering van seksuele uitdrukkings in Afrikaans. *South African Journal of Linguistics*, 16(2):63-71.

VAN NIEKERK, A. EN JENKINSON, A. 2004. Leksikale vernuwing: neologismes en geleentheidskeppings. *South African Linguistics and Applied Language Studies*, 22 (3&4):173-190.

VERHOEF, M. 2001. Die internet as dinamiese taalomgewing: taalveranderingsverskynsels in Internetafrikaans. *Literator* 22(3):1-19.

WANG, N. 2013. An analysis of the pragmatic functions of “swearing” in interpersonal talk. *Griffith Working Papers in Pragmatics and Intercultural Communication*, 6:71-79.

WARSCHAUER, M. 2000. Language, Identity and the Internet. (In KOLKO, B., NAKAMURA, L. AND RODMAN, G., eds. *Race in Cyberspace*. New York: Routledge. p. 151-170).

WISSING, D. 2014. Fonologie. (In CARSTENS, W.A.M. en BOSMAN, N. 2014. *Kontemporêre Afrikaanse Taalkunde*. Pretoria: Van Schaik Uitgewers).

WEBB, V.N. 1985. Taalnorme en Afrikaans. 'n Geval van twyfel en vertwyfeling. *Stellenbosch Papers in Linguistics Plus*, 10:70-107.

WEBB, V.N. 1989. Die Afrikaanse Variasietalkunde (In: BOTHA, T.J.R., red. *Inleiding tot die Afrikaanse Taalkunde*. 2de Hersiene uitgawe. Pretoria: Academica. p. 412-436).

Internetbronne

South African Centre for Digital Language Resources. 2018.
<https://rma.nwu.ac.za/index.php/about-sadilar/> Toegang verkry: 14 Jun. 2018.

Shenron. 2009. History of the Internet. www.historyofthings.com/history-of-the-internet
Toegang verkry: 20 Mei. 2017.

Vituele Instituut vir Afrikaans (VivA). 2016. Korpusportaal. <https://viva-afrikaans.org>
Toegang verkry: 11 Mei. 2017.

WatKykJy. 2017. Wat-kyk-jy.co.za-korpus 1.1. <https://viva-afrikaans.org> Toegang verkry: 15 Mar. 2017.

Wikipedia. 2017. Internet in South Africa.
https://en.wikipedia.org/wiki/Internet_in_South_Africa#Statistics Toegang verkry: 20 Mei. 2017.

Wikipedia. 2017. Web 2.0. https://en.wikipedia.org/wiki/Web_2.0 Toegang verkry: 1 Aug. 2017.